

# Jakob Platjie

G.R. von Wielligh

## bron

G.R. von Wielligh, *Jakob Platjie*. J.H. De Bussy, Pretoria / Amsterdam / Holl.-Afrik. uitgeversmij.  
v/h J. Dusseau, Kaapstad 1921 (tweede druk)

Zie voor verantwoording: [http://www.dbnl.org/tekst/wiel033jako01\\_01/colofon.htm](http://www.dbnl.org/tekst/wiel033jako01_01/colofon.htm)

© 2010 dbnl



**Voorrede.**

Reeds in 1891 had ons die materiaal, wat nou die publiek aangebied word, in gereedheid gebring. Sommige van ons vrinde het toe daarvan insae gekry, waaronder Ds. S.J. du Toit en Dr. J. Hoffman L.W.V., en hulle dring toe sterk aan dat hierdie deurlopende verhaal in boekvorm sou verskyn. Maar oor ons die tyd daartoe nog nie geskik geag het nie, het ons van tyd tot tyd net uittreksels uit 'Jakob Platjie' in die lig gegee. Ons was sterk aangemoedig deur die goeie ontvangs, waarmee dit deur die pers begroet geworde is. Ons het dus nou besluit om die deurlopende verhaal in sy geheel te doen publiseer en vertrou op die goeie ontvangs daarvan deur die Publiek.

Dit het ons nie juis ten doel gestrek om snaaks te wees nie, maar wel om sterke karakters same te vat, wat die lewe van drie Afrikaanse inboorlingrassen weerspieël. Namelik die volke, wat amper aan die uitsterwe is, en wat onder die goeie, of slegte invloede van beskawing, in karakter verander. Die karakterverandering het ons reeds in die korte loop van jare in ons lewe kan bespeur.

Mog hierdie werkie aan die nageslag oorhandig 'n idee hoe die inboorlinge gedink en wat hul gedoen en gelaat het. Want dit val nie aan te twyfel nie dat na verloop van enige geslagte van die toekoms, hierdie drie stamme geheel hulle nasionale karakters verloor sal hê.

Wat die taal betref, wat ons in die mond van die sprekers gelê het, mag ons in die rede geval worde deur iemand wat sê dat in sommige gevalle die taal te verhewe is vir die onbeskaafde inboorling. Dit mag so wees, maar ons het genoeg aanhalings in hulle gewone spreekwyse gelewer om te toon van watter woorde hulle hul bedien het om hulle gedagtes aan ander bekend te maak. Alleen het ons gevrees om deur aanhoudend van die plattaal gebruik te maak, dat ons die lesers sou hinder. Na ons beskeie beskouing het ons tog genoeg oorgelaat om 'n grondige idee van hulle spreekwyse te gee.

'n Broeder Landmeter, wat ook as Resident Magistraat die Kaap vir jare gedien het, merk eendag teen ons op: 'Ja, daar is net twee nasies onder die son wat regtig geestig (grapperig) is, naamlik 'n Ier en 'n Hotnot - hulle is geestig sonder te probeer om snaaks te wees. En word die twee te ver deur die wingerd gejaag, dan gee hulle argumente gewoonlik meer warmte as lig af.' Hyself was 'n Ier, wat veel sake in die Hof te beslis had, en hy kon iemand van lag laat rol.

Dis waar, daar sit fyn humor in 'n Hotnot en hy self besit daarby nog die begaafdheid om die belaglike sowel as die ernstige sy van 'n saak te besef - sonder hom onnosel aan te stel.

Koos Fonk stel 'n tiepiese smous voor, wat in daardie dae te vinde was.

Ons vertrou dus dat hierdie poging van ons 'n hartelike ontvangs te beurt mag val.

Kafferstad-Hendrina, Trvl.

Januarie 1917.

DIE SKRYWER.

## **Hoofstuk I.**

### **Die Pondok en Koker.**

Aan die voet van die Drakensteinberg in die distrik van die Paarl het 'n pondok onder 'n eikeboom gestaan. Die inwoners daarvan was ou ledries en ou Sina - twee opregte peperkorreltjie Hotnots, regstreeks van Groot Damaraland, wat hul omtrent die jaar 1820 verlaat het. Hul het drie kinders gehad: Filies, die oudste seun en Etta, die enigste dogter, was reeds al twee getroud, terwyl die jongste seun, Platjie, nog onder hulle beskerming in die pondok was - hy het die naam van Jakob later as doopnaam gekry. Sy ouers was seer aan hom geheg en hul het hom altyd voor die ander twee getrek, wat nie so plesierig vir Filies en Etta was nie.

Platjie was omtrent twaalf jaar oud en net 'n plesierig en skrandere Hotnotjie; jammer maar dat hy daardie skrandereheid nie altyd in die regte rigting aangewend het nie. Sy oubaas het altyd gesê:

'Platjie, jy is vir die houtjie van die galg ver te slim: hang 'n mens jou op, dan byt jy die tou af; skiet 'n mens jou, dan vang jy die koeël; smyt 'n mens jou in

'n dam water, dan suip jy dit leeg; gooi hul jou in die vuur, dan spuug jy dit dood; wil 'n mens jou vang, dan klim jy in 'n boom en as die een bo in die boom klouter om jou te vang, dan staan jy reeds op die grond.'

Hy het sy ouers tata en memme genoem - 'n gebruik wat van die slawetyd bestaan het, want slegs die blanke kinders het die voorreg gehad hulle ouers pa en ma te noem.

Met al hulle gebreke, was ou ledries en Sina twee ou troue skepsels; wel is waar, dat hul soms hulle lyf by swaar werk weggesteek het, maar dan redeneer hul weer so: wie maak nie so nie?

By hierdie tyd was ou ledries omtrent sestig jaar en ou Sina was 'n handjie vol jare jonger as hy en moes sowat vyf-en-vyftig jare bereik het. Hy was bokwagter en was net gek na sy ou meid - was daar 'n geskilletjie tussen hul, dan was dit soos 'n stomp vuur, wat in die water gedruk word - dit sis, dit rook en gou-gou is die gebruis en damp verby.

Voor die pondok het hy vir haar 'n kookhuis of koker gemaak om son en reën weg te keer. 'n Koker het presies die vorm van 'n groot omgekeerde tregter - bo by die gat borrel die rook uit. Die pondok was die woonplek en die koker die kombuis en geselsplek; want 'n Hotnot sterf sonder vuur, en die rook is sy leventel.

Met één ding was die oudjies so gereëld as klok-

werk: by die end van die maand, as hul hulle werkloon ontvang het, dan hou geen wind of reën hul teë om dorp toe te stap nie. Uit die dorp kom hul nie alvorens die laaste pennie daar uitgegee is. Dan kom hul luidrugtig in geselsery en sing-sing huis toe. Daardie dag moet hul vakansie gaan hou.

Wêl, die end van die maand het weer gekom; weer het hulle geld ontvang en nou sit die drie dit in die oggend in die koker nareken. Almal stry; maar uiteindelik kry ou Sina haar was- en strykgeld, Platjie sy halfkroon as varkwagter en ledries knoop sy part van die geld in die punt van 'n doek en steek dit in sy knapsak, en almal is nou tevrede.

‘Toe, toe,’ sê hy, ‘ek wil trap - julle wil die dag hier in die koker om maak.’

‘Kyk, my ou, ek sal nog my rok dik en bont wil lap; maar wrintig ek gaan my maag nie ingord om hom te fop nie. Hier is mos nog die skaap se ingewande, laat ons dit in 'n omsientjies braai en eet - dan is ek jou kiewiet om jou langers my te laat drafstap.’

Daarop gaan die drie om die vuur in die koker sit en vleis braai. Sina bly aan die woord.

‘Ons het dit reeds so swaar onder die Duisvolk, dan wil jul die wêreld vir 'n mens nog smaller maak. Ons moet hard genoeg swoeg vir die bietjie geld, waaroor ons moet wurg om dit uit die base hulle hande te kry en al dankie

wat ons boënop kry, is om te hoor hoe lui ons is. Wag maar, daar sal eendag 'n end aan kom.'

'Ja, wanneer?' vra Iedries op 'n ongerekende manier.

'Wel, as ons gevrek het en hul ons onder die grond in gestop het,' antwoord Sina kortaf, toe sy die vleis met haar hand op die kole omdraai.

'Nou, as dit so moet kom, dan wens ek dat ek reeds op die troon van ewige rus sit,' sê Iedries met 'n houding van kom soos dit wil.

Met 'n blye gelaatstrek sê Sina, toe sy met haar elleboë op haar knieë rus en haar hande in tevredenheid saamvou: 'Nee hartjie, weet jy wat ek liewers sal wens? Dis, om nou by ou Bob in die kantien smoordronk te sit.'

Met 'n opgewekte gesig slaan Iedries vir Sina op die skouer en vra: 'My ou, waarom moet jy altyd meer beterder wens as ek?'

By hierdie tyd begin hul aan die gebraaide kos te eet en die gesprek werd vroliker. Toe kan 'n mens hoor hoe hul die witmense nou prys, omdat hul so fluks is om drank te maak en dit ook aan die bruin mense te gee en te verkoop.

Platjie, wat in die gesprek geïnteresseer is, vra: 'Tata en memme, sê nou daar was glad g'n drank op die wêreld nie; wat sou julle gemaak het?'

'Wel, dan moes ons die moord steek! Maar jy is gek;

waar is daar 'n plek op aarde waar 'n mens nie 'n sopie kan kry nie?' merk Iedries in volle oortuiging op.

'Ek weet watter plek 'n mens in die dorp nie drank kan kry nie!... Moet ek sê?... In die tronk,' was die polietse aanmerking van Platjie.

'Hou jou snater!' roep Iedries uit. 'Moenie hier al voerspooksels van die tronk wil maak nie - dis dinge waaroor jy moet gesels as ons eers die dorp uit is. Hou die ding maar net dig, my jong.'

'As ek hier nie kan drank kry nie, dan spaner ek sonder om 'n oomblik te wag reguit na my land toe - daar is genoeg heuning om bier van te maak, en daar het jy ook nie die ewige las van konstawels nie wat net daarop uit is om hulpelose mense die tronk in te prop. Nee, ons weet daar nie van sulke goed as tronke nie,' sê Sina, wat haar nie laat vermaak nie, maar wat vir die tronk so bang is as 'n bobeejaan vir die hits van 'n gloeiende yster.

'Maar sal die oubaas ons dan nie uit die tronk kom los nie?' vra Platjie. 'Hulle sê mos hy is kos aan en het baie pitjies op die bank.'

'Gà!' was die veragtelike lag van Sina toe sy sê: 'Moenie glo nie! Die Duisvolk sê mos dat die tronk, die kats en pergasia moet jy nooit by 'n Hotnot spaar nie - dit hou hom gesond en fluks.'

'Maar tata en memme, waar lê tog die danige ge-



boorteland van julle, waarvan ek so baie hoor praat?’ vra Platjie belangstellend.

‘Toe, ledries, toe, vertel tog aan die kind van ons land, waar ons aldag verjaar het,’ sê Sina. ‘Ek weet nie wat die drommel ons gery het om hiernatoe te kom nie.’

ledries gee 'n sug toe hy 'n stuk vleis met sy tande vasbyt, met die linkerhand vashou, terwyl hy dit met sy sakmes voor sy mond sit afsaag.

‘Daardie land noem ons Damaraland. Hy lê vèr hiervandaan. Jou binnevet sal smelt voor jy die end pad daarnatoe afgestap het. Waar my ouers gewoon het, is baie rante en koppies. In die rante is kranse en in baie van die kranse is klipgate of kliphuise. In een van die kliphuise was ek gebore.’

‘Maar dis seker baie lank al?’ vra Platjie.

‘Oe! lank, lank geleë! Tafelberg was toe so groot as 'n perdevulletjie en die waaisand so groot as 'n molshoop. Ons Hotnots het mees in pondokke in krale gewoon, terwyl die swerwer van 'n Boesman in die spelonke gewoon het. Daar teen die kranse het hul prentjies gemaak om te wys hoe uithaler hulle was, hoe hul gevry, geveg, gedans en wild gejag het. Die prente was hulle boeke, wat hul geskrywe het - party tekenings is rooi, ander swart en ander weer wit. Hul teken vir hulle self af as rooi klein mensies met pyl en boog in die hande. Ons Hotnots teken hul weer groot en rooi af, terwyl

die Kaffers altyd met asgaaie swart afgeteken word.'

'Is memme ook in een van die gate gebore?' vra Platjie.

Voor Sina kan antwoord, val Iedries in: 'Nee, sy is op die kaalhaai-vlakte onder 'n volstruis uitgebroei.'

Sina slaan die as van die vleis op 'n klip af en werp teë: 'O, dit mag jy jou verbeel dat ek somaar watter ding is. Ek is behoorlik in die pondok van my pa, Jonkies Danster, die kaptein van die stad, gebore. Hy is Man - swaar in die baard - aldag skeer. Nou hou jy jou so asof jy dit kamma alles vergeet het. Weet jy nog, hoe jy moes pamperlang om my te kry? Toe ek jou die jawoord gee, soen jy my dat jou wange hol trek en jy bedank my ouers dat die stof so trek.'

Iedries gee Sina so 'n skelm tikkie onder die ken en met 'n skudlaggie sê hy: 'Oei! ou Jonkies Danster se voor-trippelaar! - ei, gee pad voor!'

Na hy 'n paar slukke water gedrink het, vervolg hy: 'Ons Hotnots het baie vee gehad, baie melk en baie heuning was in die veld, ook volop wild en rysmiere; maar die witmense het daar kom jag en het die wild baie verniel en verjaag.'

'Ja, en daarmee was die Duisvolk nie tevrede nie; toe wil hul ons, Hotnots, ook uitroei - net soos hul aan die Kaap gedoen het,' val Sina in die rede.

'Kyk, Sina, as jy daardie mond van jou nie kan

toehou nie, dan gee ek jou netnou 'n klap in jou ete en drinke. Swyg nou tot ek klaar is.'

Daarop vervolg hy: 'Daar in die wêreld is nie bra lopende water nie: maar water is in die rivierbeddings vlak. Die gate wat in die sand gemaak is, word deur ons Hotnots gorrê's genoem. Die Boesmans het weer 'n ander plan as hulle vlak water op die vlaktes aantref: hul neem 'n lang riet, wat uitgehol is, steek dit tot onder in die water; dan stop hul die gat bo toe sodat net 'n kort endjie van die riet bo die grond uitsteek. Wil hul nou water drink, dan suig 'n ieder op sy beurt aan die riet. Wil hy 'n bak of leë volstruis-eierdop vul, dan suig hy die water deur die riet en spuug dit in die bak uit totdat dit vol is. As hul na die drinkplek stap, trap die een Boesman in die spore van die ander om te vermy dat 'n voetpad soontoe getrap word en as hul terug gaan, veeg hul die spore met 'n tak dood. Op hierdie wys bly hulle drinkplekke net aan hulle alleen bekend. As hul in dorre streke ver agter wild moet gaan, neem hul gevulde volstruis-eierdoppe met water saam en begrawe dit op afstande sodat hul dit weer met terugkom kan vind.'

'Sien jy, my kind, so is dit nie raadsaam om in dorre streke die Boesmans te agtervolg nie - hulle kry water en die agtervolgers kom om van dors. En o! dan kan die vergalste diewe steel! Hul verdien net om die nekke

ingeslaan te word: want aan hulle kopbene maak jy niks - dis so hard as klipsteen,' merk Sina op.

'Dit sit nie in iedereen se broekspyp om 'n Boesman te gaan doodslaan nie. Jy sal jou lyf net moet smal hou as oom Boesman sy gifpyle rondom jou laat vlie. 'n Hotnot se oë kan fyn rondsnuffel, maar die van 'n Boesman raak 'n verkyker baas. Wat jy meen om te sien, het hy al valselewe klaar beskou.'

'Maar dan is hulle net soos wilde diere,' merk Platjie op.

'Wat praat jy daar?' las Sina in, wat stilbly tog te swaar vind. 'n Wilde dier is 'n pure bog om kers by 'n Boesman vas te hou. Nee, 'n Boesman is gedorie waar ver bokant die kerfhoutjie van wild gediertes.'

'Eendag kom daar by ons jagters aan,' so vervolg ledries sy storie. 'Ek was toe net pas met jou memme getroud. Orals het ek met die jagters saamgegaan om die wild se loopplekke en die waters aan te wys. Toe kry hul mos saans geleentheid om my om te praat om met hul na die Kolonie saam te gaan, na die plek waar so baie twak en drank is. Ons laat ons waarlik waar ompraat.'

'Ons het ons aan die ore laat lei en hier sit ons plat in die pot verspot,' las Sina aan.

'Die jagters het ons wel by hulle huise van twak en drank, geld en klere hoor praat; maar onself het

daar dadels van gesien. Toe het ons begin swerwe soos skulpaaie - die een aand agter hierdie bos, die ander aand agter daardie bos, tot ons eindelijk by hierdie oubaas en ounooi uitgekom het. En mag ons hier 'n stukkie genadebrood eet. En as die dood eendag ons oë toedruk, mag ons ou geraamtes dan hier in vrede rus.'

'Troos jou nie met 'n gebarste kalbas nie. As ons eendag oud en afgeleef is, kry ons die blik aan die stert om te trap. Kyk, hoe was die ou melkkoei, Aandblom, in die bloei van sy jare nie opgepas nie! Sy werd geroskam en het voer op stal gekry. Toe sy nie meer melk genoeg na hulle sin gee nie, moes sy buite in die ope kraal en toe sy vet genoeg van skone veldgras was, werd sy aan die slagter verkoop om biltong en soutvleis van te maak.'

By hierdie tyd het hul klaar met eet gehad en Platjie begin sing:

Moenie huil nie, moenie treur nie,  
 Ons gaan proe hoe duiwesop smaak.  
 Moenie huil nie, moenie treur nie,  
 Ons gaan stap om lyf reg te maak.

Iedries stop sy pyp, krap 'n kooltjie uit die as, gooi dit met sy hand op die pyp en laat die blou dampe vlie. Sina sit haar kopdoek om, haak die hand-mandjie in haar arm, terwyl Platjie nes 'n haan sy stertveer in sy kolotjie in steek om parmantig te lyk. Toe Iedries

sy knapsak om sy skouers slaan, sê hy: 'Nou wag ek nie 'n oomblik langer nie, sluit toe die deur en nou trap ek; - wie wil agterbly, kan maar agterbly.' Botstil steek ledries vas, sy pyp is dood en die ou trek dat sy wange induik. Hy gryp weer 'n kooltjie en daar brand die pyp. Sina klop op die snuifdoos en prop 'n spul mondsnuif agter haar onderlip, en daar stap hul Paarl toe.

**Hoofstuk II.****Paarl toe - Spookskip - Kanontrekkers.**

Baie vrolik en opgeruimd pak Iedries, Sina en Platjie die pad Paarl toe aan; die geselsery was nog een streep deur oor Hotnots en Boesmans.

Waarop Platjie aanmerk: 'Ek kan darem die ding nie klein kry nie, dat ons ou Hotnots so swakkies was om somaar te sê dè! aan die witmense, hier is ons land, vat dit maar. Nou is hulle baas en ons is klaas.'

'Maar wie het ooit kanon en roer met pyl en boog kaf geloop?' antwoord Sina. 'Nee my kind, die geslepe Duisvolk het propper vir ons uit ons grond uit geoorlê. My bloed kook nog as ek daaraan dink.'

Hierop keer sy haar na haar man en sê: 'Iedries, kom, vertel vir die kind van al die lyfskrikmaak en al die jakhalsdraaie van die Duisvolk sonder om te traak wat hul vir hulle kinders op skool leer.

(Tussen hakies gesê, val hier aan te merk dat dit iets eienaardigs aan die Hottentots is om volksvertel-

lings op te maak asof die voorvalle daarin verhaal, werklik sou gebeur het).

‘As jul mooi luister,’ begin Iedries, ‘dan sal ek jul die hele storie haarfyn vertel net soos my tata, sy tata en al die ou volk altyd vertel het. Hulle was daar, hulle het gesien en gehoor.’

‘Luister nou mooi, my kind,’ val Sina in die rede, ‘dan kan jy hoor dat dit glad anders is as die Duisvolk dit aan hulle kinders vertel.’

‘Wag tog, Sina! Praat jy, of praat ek?’ was die bestraffing van Iedries. ‘Ek kan my so in my siel vir jou versondig as jou tong altyd 'n stuiwer tussenin die armbeurs kom insmyt. Luister tog vir 'n oomblikkie met geduld. - Die ou volk vertel, aan die voet van Tafelberg, tussen rotse en bome, het 'n Hotnot-kraal gestaan. Van hierdie stadjie kon hul nie direk op die seewater gesien het nie; maar wel as hul op een van die groot rotse gaan staan het. Eén oggend sit drie Hotnots onder 'n boom daar tussen hulle pondokke. Die een sit 'n vel te brei, die ander werk aan sy boog en pyle, terwyl die derde in sy karos toegedraai by sit en kyk. Hul voel toe net buite hulle gewoonte, want aan hulle gebreekte gesels kan 'n mens hoor, dat hul kroeserig en lyfseer voel, oor die aand tevore 'n groot dans en bierdrinkery aan die gang was, waarop hul baie gestry en gebaklei het.



Die velbreier breek die stilte deur op te merk:

‘Julle volk weet mos nie julle maat te hou as jul by 'n bierdrinkery kom nie. Jul het alles gistraand plat gedrink en het nie eers 'n bietjie laat bly om 'n Hotnot se lyf vanoggend mee reg te dokter nie. So gaan dit, één slag papnat en die volgende slag weer hooidroog.’

Die ou, wat in die karos toegedraai is, het intussen op sy sy op die grond gaan lê; hy lig sy kop op en sê: ‘Aai, my ou bestes, ek wens vanoggend dat al die see-water bier is, dat almal myne is en dat ek nog 'n dop bier daarby het, dan kan ek vir julle ook ou (*gee*).’

Boems! Daar val 'n kanonskot op see in Tafelbaai - die eggo bulder van klofie tot klofie langs Tafelberg. Verskrik sit die drie mekaar aan te kyk. Boems! weer 'n ander skot. Dit bring hul op hulle bene, hul draf die rantjie uit van waar die see in gesig lê, en tot hul skrik sien hul 'n groot ding met wit vlerke (*seile*) op die water aangeseil kom. Maar toe die derde kanonskot volg en die drie ‘gevaar’ uitroep, toe borrel net al wat Hotnot, meid of kind is, uit die pondokke, vlug die berg in en kruip soos kwarteltjies tussen die skeure en bosse weg.’

‘En toe kan jy net meide en kinders hoor tjank, toe hul daar soos dassies hulle lywe tussen die klippe bêre,’ las Sina in; want stilbly is vir haar net 'n allemensige straf.

Met 'n skudlaggie, asof hy dit self gesien het, gaan ledries weer aan: 'Die oorsaak van hierdie rantjies toe vlug, was nie ver te soek nie. Vanselewe - in daardie dae - het van tyd tot tyd skepe in Tafelbaai geland en het toe van die volk, meide en kinders gevang om in hulle lande as slawe te gaan verkoop. Dit het die ou volk gesien, dog het toe van slawerny niks af geweet nie. Hul was onder die indruk, dat die skepe verbasende groot spoke is, wat die volk saam vat om daar ver in die see in donker grotte in te stop en hul daar dan net met vis en sout water te voer. En dit het die skrik op die lyf van die ou volk gejaag.'

'Hoor jy, Platjie, hoor jy, my kind, hoe die Duisvolk van hoeka (*lank-aŋ*) met ons Hotnots om die bos gespring het? Laat ons dit maar effentjies aan hulle gewaag het, dan was boeie aan die hande, in die tronk gestop, kats, Hotnots boëntoe geroep, en klip-kap, of breek-water is dan ons voorland,' bring Sina weer tussenin.

ledries bly steeds aan die verhaal van sy storie:

'Die ou volk wou in die begin die stuipe kry, as 'n skip anker in die baai neerlaat en wou weer uit hulle vel van blydschap spring as die skip anker optrek en laat gly. Maar dink jul dat die ou volk vir die see wou bang word - net verniet; so gou as die skip weg uit die gesig is, dan stap hul ewe manhaftig weer langs die strand rond. Ja, dis waar, tyd verslyt nie alleen 'n

Hotnot se tande nie, maar werk ook met sy geheue - die Hotnot vergeet gevaar te gou en word dan perd-gerus.'

'Ja, dis waar, 'n Hotnot is kort van haar en kort van verstand. Ek sou so nooit weer daar langs die see gaan wandel het nie. Wat soek ek daar? Sê nou, daar het meteens 'n skip onder die water uitgeborrel. Waar was Sina dan? Verstand toe!' val Sina weer in die rede.

Iedries bly nog aan die woord: 'So 'n toestand van sake kon nie lank aanhou nie. Daar moes 'n toenadering plaas vinde. Die witman het kom pampelang, die bruinman het kom snuffel en so het die maatsmakery van ver-ver af begin.'

'Ek sou my by maatsmakery maar skaars gehou het. G'n een van die twee partye was te vertrou nie - die een was so skelm as die ander. Dit was één kant op en die ander kant af - daar lê die ding, daar lê die ding!' moes ou Sina weer byvoeg.

'Op 'n goeie dag,' so gaan Iedries aan, 'vat die Hollanders regtig die Kaap vir hulle, en dit nogal sonder om die Hotnots te vra of hulle daarmee gediend was. Eenmaal uit hulle grondbesit gepypkan, was die vastrap van die Hotnot poot uitgeslaan. Die enigste plan was maar om tru te staan en inlands te trek.'

'En, my tata, het die ou volk dan somaar tevrede

gewees en gesê: vat maar?' vra Platjie weer met 'n jammer hart.

'Weet jul wat ek sou gemaak het as ek in daardie tyd gelewe het?' bring Sina in die midde. 'Ek sou 'n klip gevat het, dit om die Hollander se nek vasgemaak het en hom dan nes 'n kat in die see versuip het - dan sou hy nie stories gehad het om aan sy koning te vertel nie.'

Iedries antwoord: 'Nee, my kind, daar het 'n soort van ruilery, of kwanselry - net soos jy dit wil noem - plaas gehad. Maar voor dit, het die Hollanders eers 'n skansmuur om hulle kamp opgetrek. Die Hotnots bekruip die wittes en laat hulle pyle oor die skans en binne in vlie en baljaar. Maar aan die ander kant laat die Hollanders hul nie te lank nooi nie en hul peper die ou volk met die blou boontjies uit hulle roers, dat die kruitvlamme so in die oues se oë-blits. Maar sulke dingetjies is mos net kinderspulletjies en moes gou ophou. Toe het die ou volk pad gegee en verder land-waarts oëit gestaan.'

'Tata, dis swaar twak daardie vir 'n Hotnot, om in sy pyp te stop en dit dan uit te rook,' merk Platjie op.

'Dit mag jy wel sê,' merk Iedries weer op. 'Maar ook hierdie toestand het hom gou-gou laat kniehalter en die beste wat voor die deur gestaan het, was om vrinde te maak. Dit het langsaam gegaan; want die

weersydse agterdog was te groot. Maar toe was 'n heftige handel aan die gang - van die soort bokstert vir 'n beeskop en 'n snuifie op 'n lappie. Maar wat handel is hulle. Die Hollander het mooi goed en die Hotnot het vee en grond. Maar die gekwansel gaan nie gou genoeg na die Hollanders se sin nie, so moes 'n ander jakhalsdraaiplan aan die pote gepak word.'

'Tata, watter danige goed het die ou volk dan so erg nodig gehad?' vra Platjie.

'Ag, allerhande bogtery,' antwoord Iedries. 'Daar was krale, kopdoeke, lekkers en al sulke rommel, maar die ou volk was suinig om hulle vee te slag, so was onder hulle 'n aanvraag vir velle. Die beesvel word in rieme gesny, dan vat die Hollanders die riem en meet daarmee in die rondte 'n stuk grond af. Dan vat die Hollander die grond en die Hotnot kry die riem. Maar later begin die Duisvolk die rieme te dun te sny om sodoende 'n langer riem te kry, waarmee gevolglik 'n groter stuk grond kon afgemeet worde. Die smal riempies was ondienlik, waaroor die ou volk ontevrede raak. En die soort van handel is gou-gou die nek ingeslaan.'

'Wat het toe van die ding geworde? Vuiste gemaak en handel in neusvelle gedrywe?' vra Platjie.

Eer Iedries kan antwoord, spring Sina voor en sê: 'Goed so! Goed so! Ek het daardie ding aan die naat van my rok voel aankom. Ons Hotnots kan mos nie

verder 'n kwaad sien aankom as die plat neus van ons vooruitsteek nie. Nee, ons wil ons eers weer, as ons in die slagyster gevange sit - dan moet ons maar stilsit tot 'n ander ons daaruit kom verlos - so nie, dan moet ons maar daar vrek.' Hier stop sy en sê: 'Toe, gaan aan, my ou, ek voel sommer, nou kom ons doodsteek.'

'Wel,' sê Iedries, 'Oom Hollander maak plan en span sy gedagtes goed agtermekaar in. Hy bestel 'n groot fees en nooi al die Hotnots - klein en groot. Daar was nog altyd agterdog by baie, so het nie te danig baie na die fees gekom nie. Maar die wat gegaan het, kon nie tuis genoeg van die groot plesier kom vertel nie - hulle het gedans, geëet en gedrink, en die eeten drinkgoed was ag! te lekker. Baie het presentjies gekry, naamlik die voordansters en baasspelers. Die berig het die ander volk snoep gemaak en het hulle monde laat water, en toe die Hollanders weer die tweede fees bestel, is byna al die Hotnots daar. En toe is die pret eers uitbundig. Hul dans die riele dat die osse so brul. Resies word geloop, gestoei, geskerm en met kieries tweegevegte gelewer. Toe die pret op sy hoogste sport is, word die kanonne uitgetrek. Die volk verkyk hul daaraan en wil al weet wat dit mag wees, maar hul word vertel dat hul netnou sal sien. Die mansvolk word twee-twee in spanne voor die kanonne gespan.

Hulle proes en snork soos uithaler perde en krap ewe ongeduldig met die voete in die grond. Die bekke van die kanonne was vorentoe gerig, hul was met los kruit gelaai, en toe die order van 'trek!' gehoor word, kom span na span met 'n kaapse draai om en die stof vlie onder die wiele uit. En toe die outas hol dat hulle bene onder hul krul en hulle hakskene op hulle sitplekke tamboer speel, word een kanon na die ander afgevuur. Daarop kom hemel en aarde in beweging. Hul skree, val oormekaar, hol weg tot by die suidoostelike berge van Stellenbosch, wat vandag nog die naam van Hottentots Holland Berge dra, omdat die Hotnots aan die oostekant van die berge gaan woon het en die Hollanders aan die westekant gebly het. Ja, die ou volk het gesteun soos hul berge toe beur. Hul het ook nooit omgekyk nie alvorens hul die voet van die berg bereik het.'

Hier werp Sina haar weer in die verhaal en roep uit: 'Aai, hoe seer moet die kruit tog nie die arme skepsels se rugge gebrand het nie! Ja, al die hare agter hulle agterkoppe was weggeskroei en dis daarom dat ons Hotnots tot vandag toe sulke korte hare aan ons agterkop het, - en nou moet ons hoor ons was kanon-trekkers.'

(Hier val ook aan te merk dat 'n Hotnot altyd 'n eienaardigheid deur een of ander verhaal weet te verklaar).

Hierop sê Sina: 'Laat ek nou vir julle die Hartseer Lied sing:

Nou trek ek weg,  
Op d'hoek van Blouberg;  
Nou trek ek weg,  
Dit gaan tog te erg.  
My hart is so seer,  
Ek kan tog nie meer,  
Ek wil nou nie bly,  
En laat ook maar gly.'

Korus deur al drie:

Kom my pappie pa,  
Kom my mammie ma,  
Kom my boetie ba,  
Kom my sussie ja.

'D'ander trek voor,  
Hul wil nie meer bly;  
Ons vat nou hul spoor  
En sal hul gou kry.  
Die wegtrek van haar,  
Die maak my so naar;  
Die wegtrek van hy,  
Die maak my so bly.'

Korus.



'Nou trek ons weg;  
Wat staan jy nog stil?  
Nou trek ons weg,  
Kom saam wie maar wil.  
Die stilstaan van haar.  
Die is my so swaar;  
Die omkyk van hom,  
Die maak my so stom.'

Korus.

**Hoofstuk III.****Die Winkel - Kantien - Hotnotriele - Tronk.**

Coenrad se winkel was die ou handelsplek van Iedries en Sina. Met die gesels oor die ou dae het die pad kort geworde en eer hul hulle kom kry, was hul voor die winkel. In 'n naasaan gebou was 'n kantien, waar hul eers 'n snaps gaan neem het.

Hier by die drinkplek het hul nooit so gerus gevoel nie, omdat hul so gemaklik na tronk kan gelei word, want die dieners of konstabels was hier erg waaksaam. As jy Sina, die ou windmeul, oor haar inkopery hoor spog, sal jy wrintig dink, sy gaan 'n wvrag negosiegoed inkoop. Iedries verdien vyftien shillings in die maand as bokwagter, kry nog verder kos, tabak, drank, sool- en oorleer, en ook ou klere. Sina verdien met was-goed aanneem ook maandeliks vyftien shillings. Platjie kry 'n halfkroon per maand as varkwagter. Van hierdie geld gebruik ou Iedries en sy meid ieder 'n halfkroon vir drinkgeld; ofskoon wyn teen drie bottels vir 'n shilling in daardie tyd in die kantiens verkrygbaar was,

het hul tog so baie aan drank bestee, want hulle het gedrink en getraakteer.

Dus na hul in die winkel terug was, en na hul kopdoeke, koffie, suiker, snuif, swawelhoutjies, gare, naalde, spelde, knope en dergelyke riewatjies gekoop het, roep ou Sina: 'Kom, ledries en Platjie, nou is ek klaar, kom laat ons na ons ou drinkplek toe gaan!'

Op weg soontoe sê Sina: 'Die volk weet te vertel dat dit vandag die verjaarsdag van Bob, die kantienbaas is. Hy sal ons, wat sy ou klandiesie is, moet trakteer.'

'Dit sal nie altemitters wees nie - hy sal nie by sy ou volk laat slap lê nie,' antwoord ledries vol moed.

Die Paarl is die grootste wyndistrik in Suidafrika. Die wynboere daar staan skouer aan skouer om hulle boerderysake te bewaak. So verstaan die konstabels goed dat hul nie die ou paaiboelies van die kantiene moet wees nie - tensy daar een tog te ver deur die wingerd verdwaal is. Die voorwaardes om nie in die hande van die diener te val nie is: Waak, sonder nood-wendig nugter te wees; staan jou man, sonder haantjie-streke uit te haal om te toon wat kiere- en vuiswerk kan doen; praat, sonder luidrugtig in vreemde tale te spreek, en gaan jou weg in vrede, sonder links of regs te snuffel om uit te vinde hoeveel keer jy die grond kan raak vat.

‘Maar solang jy jollie booi, jollie booi op jou bene bly,’ sê Iedries, ‘dan sal die diener met verbystap skuins oor sy neus kyk en sê: Steddie booi, steddie booi.’

Want die wat langs 'n publieke weg gaan neerlê om rus te vinde, sal in sy sluimer deur nagmerries verstoort word; hy wat eerste of tweede mannetjie wil speel, moet weet 'n derde mannetjie kom ongemaklik op sy lyf af; hy wat gekruide woorde gebruik, moet weet dat dit nie somaar 'n geroep in die woestyn is nie, en hy wat na iets kruis en dwars soek, moet weet dat hy daar niks verloor het nie. Dit alles is daar binne in die tjoekie verkrygbaar, en wel, sonder vergoeding.

Steeds op weg na die plek van Bob lopende, kom hul by die tronk verby en Platjie vra: ‘Tata, is dit die tronk, waarin hul al die skelm mense instop?’ En hy bly staan om te kyk.

‘Ja my kind, dis wel die tronk, waar hul net maar die mense instop, wat uitgevinde word - die onbetrapte vabonde bly buite,’ was Iedries se antwoord, terwyl hy Platjie aan die arm trek met die woorde: ‘Kom, moenie hier staan nie - dit lyk of ons tronk soek.’

Toe hul onder by Bob aankom, kyk hul eers goed rond of hul nie dieners sien nie; want Platjie is nog te jonk om 'n kantien binne te stap. Toe hul veiligheid ontdek, stap hul by 'n sydeur in en Sina brul uit: ‘Geluk seur Bob! Lang lewe, salig sterwe!’

Iedries spartel in die spinnerak om woorde van geluk-wense te vinde en sê somaar: 'Seur, mag jy so lank lewe dat jou sakke van die baie geld skeur.'

'As my sakke skeur en die geld val uit, dan het jy mos die voordeel daarvan om dit op te tel,' merk Bob op terwyl hy glase afdroog.

'Seur, so het ek dit darem nie gemeen nie; nou sal ek liewers iets anders wens. Met alle eerbiedigheid en beleefdigheid presenteer ek my voor seur om my geluk-wense vir seur uit te stort. Mag seur lank lewe en sterk bly; baie geld maak en ryk bly, en altyd goeie aptyt hê en sterk tande besit om die kos fyn te kou.'

'Dit klink beter, outa,' sê Bob.

'Geluk, seur,' sê Platjie, waarop Bob almaal bedank.

'A, lank nie gesien nie - trakteeer, trakteeer, Seur!' roep Sina uit, terwyl haar oë van verwagting blink.

'Goed, ek sal jul op my verjaarsdag op bier trakteeer. Ek het die vat ekspres vir my klandiesie laat kom; maar nou het die bier so effe 'n krakie; maar dit sal g'n saak maak nie. Maar kyk, hoor jul, julle gaan nie my bier by die ander kantiene sieg maak nie.'

'Dit sal ons so nooit as nooit doen nie!' roep die twee uit. Bob vat brandsuur bier en gee daarvan aan ieder 'n glas vol.

Iedries drink en klap sy tong en sê: 'Seur, ek het belowe om seur se bier nie sieg te maak nie; maar kyk,

as seur nie gou hierdie bier deur die volk laat uitdrink nie, sal dit altemitters suur worde.'

'Wat!' roep Sina uit, 'seur het gesê die bier het 'n krakie, maar ek sê: die bier het 'n dekselse bars!'

Platjie het sy bier by die sydeur uitgeskiet en wil net uitstap, toe Bob hom terug roep, en toe gee hy hul van die beste soetwyn, wat hy het met die vraag: 'Hoe lyk jul dit?'

'A nee, seur, dis egte stof hierdie, wat 'n koning kan drink - dit smaak na druiwe, dit ruik na druiwe en dit rol goems! nes druiwekorrels in my maag,' was ledries se versekering.

Hierop gaan die twee oues sit en roep na Platjie, wat uithol: 'Waar loop jy?'

'Ek gaan met daardie klonkies albaster speel en toltol draai,' was Platjie se antwoord; want hy het juis die oggend albasters en 'n tol gekoop.

By hierdie tyd kom Windvoël se musiekbend om op die verjaarsdag van Bob en by die end van die maand te speel. Want in daardie dae is al die volk by die maand gehuur en betaal. Die bend gaan teen die muur in die kantien sit. Apols Keiser is vioolspeler en dit lyk of hy die viool wil dood wurg as hy die strykstok so fyn oor die snare stryk. Moos Lampies sit weer die konsertina ewe lewendig in die ribbetjies te kielie; terwyl Klaas Windvoël hulle moses op 'n ramkie of hotnot gitaar is.

Hy gooi sy kop so effe skeef en vooroor en demp die klank van die snare met sy beroemde spits ramkie ken. Oei, dan pronk hy soos 'n haarvoor perd, as hy trots met sy kop in die tuig speel.

Toe hul die eerste stuk klaar met geesdrif afgeklink het, roep Sina: 'Seur Bob, hier's vier duwweltjies, gee die musikante 'n bottel wyn en laat hul vir my en my ou man onder die akkerboom kom speel, dan kan jul sien hoe 'n Drakensteinse meid 'n riel weg van haar lyf afdans.'

Toe die musiek gereed is, roep Sina vir Platjie en daarop sê sy aan Klaas Windvoël: 'Kom gooi 'n riel vir ons oor die grond en niks anders nie as "Valsrivier langs die dorings", dan kan jul aanskou hoe ek in my land geleer dans het.'

Daar was nog 'n paar ander, wat aan die riel kom deelneem het; maar hul weet nie eers wat riel dans is nie. Die rondstaanders, wat kom aas, probeer ook, maar Sina sê: 'Nee wat, - julle kan maar gerus tuis bly!'

Die groot aantrekking van die dans was die gesin van ou ledries. Aai, kyk hoe fyn vat Sina die passies, en gooi ledries en Platjie ook nie weg nie - hulle kan werklik nie ratter met hulle hande as met hulle voete wees nie. Toe die eerste riel klaar is, sê Sina: 'Wag, laat ons eers ons ou litte gaan losmaak en dan

kan jul die Drakensteinse meid eers prys as jul lus het.'

Sy order nou 'n bottel wyn vir hulle drie en ook een vir die drie musikante en sê: 'Dè! seur Bob, hier is ag oulap vir die twee bottels, wat ons vol aangespreek het en wat nou leeg antwoord gee.' Vir die musikante sê sy: 'Toe, speel nou vir ons "Die bont perd wat water toe draf".'

Toe kan jy net hoor voetklap en trippel, steun en kreun, uitroep en roggel. Nou kan 'n mens sien hoe die deurstep en askoek afslaan moet uitgevoer worde. As Sina die passies so fyn uitkerwe, druk sy met haar hande in haar twee sye en swaai so nou en dan die een hand in die lug. Iedries spring in die lug, klop met sy twee voete askoek af, terwyl Platjie op 'n plek boor en so af en toe met die hak op die grond slaan, anders boor hy dalkies 'n gat dwarsdeur die aarde.

Een riel volg die ander met meesterlike snelheid op, en toe die bene begin swik, sing Sina: 'Olie, olie van die duiwe, wat ons droefheid laat vergaan', en roep uit asem verder uit: 'Nou raak ons poot uit, speel nog vir die laaste "Kammies, rol op jou velle".'

Hul val weg, Iedries skoffel nog flink, hy druk op die grond en gaan soms op sy sy lê, nes 'n hoender wat in die stof rol - gee 'n druk op die hand, en daar trippel hy weer.



Na die laaste dans afgeloop is, stel Sina voor: 'Kom, ons gaan nou die stof uit onse keel uit spoel, en dan gaan ons daar by die dennebome langs die taaibos rus.'

Sy tel haar geld, en sy en ledries het ieder nog 'n shilling oor.

Met slappe knieë volg hul 'n voetpaadjie tot by die bos, waar hul gaan sit. Maar afmatting en vaak oorval hul en spoedig lê die drie te snork. Hulle aanwesigheid by die bos word deur 'n seker Hendrik gevolg en hy beloer hul fyn.

Om die kantiene dwaal altyd 'n seker klas leeglopers rond. Sodra hul van die buitevolk sien inkom, weet hul net gou 'n praatjie aan te knoop, met die doel om 'n dronkie wyn uit die buiteman te kry. Hul is dan ook die eerste om so een te beveg en te berowe. Gou weet een van hulle die buiteman wys te maak dat hy op sy baas wag (hy het miskien nooit 'n baas vir maande en maande gehad nie) en vertel so gou as die baas tuis kom, gaan hy sy geld haal om sy weldoener vir sy sopie te vergoed, om hom wederkerig nog meer drank te staan; en die storie word van die oggend tot die aand vertel en van Maandag tot Saterdag vervolg. Verder as dit kom dit egter nie. Word die kantien oppassers gevra, waarvan hulle lewe, dan sê hul: 'Van die arbeid van my tien vingers.' Maar hul bly in gebreke om daarby

te voeg: 'Wat my tien vingers vir my rowe.' En hul is so geslepe dat hul die tronk altyd op een of ander wyse verby spring.

Stadig bekruip hy die plek, waar die gesin van Iedries gaan rus het. Maar toe hy Sina so vinnig as 'n muis sien opspring, koes hy weg en beloer haar fyn tussen die boomtakke deur. Die skrik het Sina baie meer nugter laat voel. Sy begin toe gedagte van slange en rotte te kry en dit duur weer 'n rukkie eer sy insluimer. Hendrik stap nader en luister met opgetrekte asem. Ja, hulle slaap. Saggies vat hy die knapsak, die handmandjie en die kiere; maar net toe hy 'n paar tree weg is, droom Sina weer van rotte, skrik wakker, en sien Hendrik met die goed wegkruip. Sy pomp Iedries in die sy en sê: 'Staan op, kyk daar loop die Hendrik - jong, met ons goed weg - daar agter die bos het hy ingekruip.'

'Wat pomp jy my in die ribbekas?' brom Iedries.

'Word tog wakker! Kyk, ons goed is vort en daar kruip Hendrik daarmee weg!'

Iedries gryp na sy kiere, maar dit is ook weg. Hy gryp klippe en agtervolg die weggekruipte Hendrik. Hy sien Hendrik en haak met 'n klip af - maar mis. Hy bly staan en laat weer een na Hendrik se kop vlie - weer mis, maar toe hy die derde klip na Hendrik se kop slinger, is dit raak - teen die nek - en Hendrik

val plat teen die grond. Maar eer ledries by is, spring die dief op en presenteer hom met kiere in die hand. Hy is natuurlik meer nugter as ledries, wat nou by hierdie tyd ook van skrik en opgewondenheid reg geword het. ledries wil die dief pak, maar hy dien ledries 'n harde slag met die kiere toe. 'n Hewige geveg begin met bloedspat en klere geskeur.

Platjie huil en Sina roep om hulp, en van al kante stroom volk en meide toe. In plaas van uitmekaar te maak, word dit 'n geveg in die bondel - ieder een het maters gekry om aan sy kant te help. Toe kan jy kieres hoor klap, vuisslae hoor, skop, - selfs sakmesse word nie uit die geveg gehou nie. Dit rumoer, knoop en vloek. 'n Paar ander volk kom by en skree: 'Vorm 'n ring en laat die twee alleen die ding uitspook!' Sina skree van hierdie kant af: 'Toe ledries, wys hom wie opstoppers wil gee, moet opstoppers verdra.'

'n Ander roep: 'Toe Hendrik, werk hom!'

ledries is klaar en plant Hendrik die vuus tussen die oë. 'Hou jou pote uit my gesig!' roep Hendrik.

Die end is, die diener kom by, blaas op sy fluitjie - nie om na riele te dans nie, maar wel om hulp vir hom. 'n Ander konstabel kom by en marseer die kampvegters met hulle medepligtiges na die tronk.

In diepe erns stap die stoet straat op; ledries sug, Sina snik en Platjie huil, terwyl die aartskarnallie,

Hendrik, nogal vrolik onder die omstandighede uitsien.

‘Sien jy tog nie van Drakenstein se volk of mense nie, om vir die oubaas te gaan sê dat ons onskuldig in die tronk sit?’ sê Sina aan Iedries.

‘Wag, ons kan kyk,’ antwoord hy, maar so een het hom nie voorgedoen nie en hul hoor met trane in die oë die tronkdeur agter hulle toeslaan.

## Hoofstuk IV.

### Voor die Magistraat - In die tronk.

Die Resident Magistraat van die Paarl het op 'n maand verlof van afwesigheid weg gewees, so het 'n ander persoon oorgekom om as waarnemend op te tree, hy was jonk en het maar min geduld gehad met die nat gemeente en met die ou gereëde tronkvoëls. Om 10 uur is hy in sy stoel en die beskuldigdes word binnegelei.

Die eerste wat opgeroep word, is ou Dronk Spaas. Die Magistraat vra vir haar: 'Wel Spaas, wat het jou hier gebring?'

'Twee konstawels, mister.'

'Seker weer dronk gewees, nes gewoonlik, nè?' vra die Magistraat.

'Ja mister, al twee was smoordronk,' antwoord Spaas sonder 'n spier in haar gesig te trek. Die Magistraat glimlag.

'Wel, en wat het die Magistraat laas aan jou gesê?'

'As ek hier weer sou kom, dan drie maande; maar mister ek sal met één week ook tevrede wees,' sê sy.

'Nee, jy is te beskeie, ek sal jou volgens belofte drie maande gee, en pas op vir die volgende maal.'

Sy word verwyder en toe dien die saak van Iedries, Sina, Platjie en Hendrik Haas.

Die Magistraat tot Iedries: 'Jy word beskuldig van aanranding - skuldig of onskuldig?'

Eer Iedries die woord kan vat, val Sina in: 'Iedries, sê vir die mister dat Hendrik Haas, die vergalste skelm, die eerste ons goed kom buit het, dan kan hy mos in die tronk kom en proe hoe smaak dit.'

'Stilte!' roep die Magistraat, 'ek spreek met Iedries - jou beurt kom netnou!'

'As ek nie mag praat nie, dan weet ek nie wie mag praat nie. Hier sal ek been-oud word, eer ek 'n beurt sal kry,' sê Sina op ongerekende manier.

'Meid! wil jy tog nou eenmaal jou tong hou? Ek order jou om stil te bly!' sê die Magistraat.

'Iedries, dan hou jy ook maar jou bek - as ons dan nie vir ons regte mag opkom nie!' praat Sina weer teë.

Die Magistraat tot die dierier: 'Neem tog hierdie skepsel uit die hofsaal - ek sal met haar later afreken.'t Die diener stap nader, vat Sina by die arm en lei hoar uit.

'Moenie so astant vir jou wil hou om met my gearm te stap nie - ek is baie partikeler met wie ek

ingehaak stap. Ek is nie somaar watter ding nie. Ek is behoorlik 'n kaptein se dogter - Jonkies Danster is sy naam!' roep sy uit, toe sy die saai uitgelei word.

Toe orde herstel is, vra die Magistraat weer: 'Iedries, is jy skuldig of onskuldig?'

'Mister, ek weet nie eintlik wat ek moet sê nie. Sê ek onskuldig, dan jok ek, want ek het Hendrik Haas goed met die klippe gekarnuffel, en sê ek weer skuldig, dan sou dit lyk of ek gaan skoor soek het. Ek het Haas net onder die klippers gesteeek om my goed, wat hy gesteel het, van hom terug te vat,' was Iedries se uitleg. Hy vra: 'Hoe moes ek dan anders gemaak het, mister, om my goed weer in hande te kry?'

'O so! dan verklaar jy jouself skuldig. Hoe durf jy self die wet in jou hande neem? En dan vra jy nog wat jy anders moes gedoen het. Jy moes 'n diener gaan roep het.'

'Maar mister, toe ek 'n diener nodig het, kan ek nie een sien nie; maar toe ek hom glad nie meer nodig het nie, is hy by. Wat help dit?'

'Wel, Iedries, aangesien dit die eerste maal is, dat jy voor 'n Magistraat kom, sal ek jou 10 shillings gee, of 14 dae tronkstraf.'

Daarop word Sina weer binne gelei en plooi haar gesig in 'n sedige tronie; want die diener het haar gewaarsku om haar propertjies te gedra.

Die Magistraat tot Sina: 'Jy word beskuldig van klippe na Hendrik Haas gegooi te hê en verder dat jy 'n groot bombarie opgeskop het - is jy skuldig, of onskuldig?'

'Mister, ek is onskuldig. Ek het wel klippe na Haas gegooi; maar dis tog te jammer, dit was mis. Hy het met ons goed weggehol en ek wou hom laat stof byt het. Dis waar, ek het 'n bombarie opgeskop; maar dit was om die besope goed tot order te roep; ek kon net so goed sa-sa geskree het. Meer kon ek nie gedoen het nie, mister.'

'Ja, en wag,' sê die Magistraat, 'en dan het jy jou hier in die hof oproerig gedra. Ek vind jou op al hierdie punte skuldig, na ek die getuienis gehoor het. Ek sal jou 10 shillings gee, of 14 dae.'

'Baie dankie mister, die 10 shillings sal ek vat, maar die 14 dae kan maar bly,' sê Sina met 'n verheugde gesig.

'Nee, verstaan goed: ek beboet jou met 10 shillings of 14 dae tronkstraf,' herhaal die Magistraat. Dit laat haar glimlag in 'n suur en verslae gesig verander.

Hiermee was die sake op 'n end behalwe die saak van Hendrik. Hy bewys deur valse getuie dat hy nooit die goed geneem het nie; dat ledries en Sina in hulle beskonke toestand hom kom aanrand het. Dus hy word vry gelaat.



Teë Platjie was niks ingebring nie, hy mag ook huis toe gaan. Hy versoek om by sy ouers in die tronk te mag bly, maar sy versoek word van die hand gewys, waarop hy hartroerend in trane uitbars. Iedries en Sina kan hulle nie bedwing en hul trane weerhou nie - selfs die aanwesige in die hof, word met innige medelyde bewoë. Toe die tronkdeur, wat in daardie tyd naas die Magistraat-kantoor gewees het, agter Iedries en Sina toegegendel word, kan hul Platjie nog voor op straat hoor huil. Die smekende stemmefjie gaan verder en verder, en word eindelijk nie meer gehoor nie. Ja, en dit was die laaste van die stem, wat hul vir 'n lange tyd sou hoor.

Treurig en hartseer gaan die twee teen die muur van die tronkagterplaas sit en beskou nogmaals die plek van hoekie tot kantjie.

'Aai, my ou, my hart voel vandag baie seer in my. Vrolik het ons van huis gegaan, treurend moet ons bloedjie alleen die weg na huis vinde. Ek is bang, hy sal verdwaal en nie terug kom nie.'

Iedries probeer om haar moed in te praat en sê, die 14 dae sal wel gouer om wees as hulle dit voorstel, maar Sina sê: 'Aai, 14 dae is lank! Ons weet die baas is vir 'n maand van huis, maar as die nooi maar stuur om ons uit die tronk te haal.'

'Ek het maar min hoop, dat die nooi sal kom, want

die baas het die kar en perde saam geneem,' sê Iedries.

'Wêl, as die nooi 'n plan wil maak, daarvoor is sy nie te sleg nie. Maar wil sy nie, dan sal ek maar hier in die tronk vrek. Maar as my kind op die pad 'n ongeluk mag oorkom, dan sal ek oor daardie ding nooit kom nie,' sê Sina op 'n verdrietige manier.

Terwyl Iedries vir Sina sit troos - want sy is regtig hartseer - kom ou Tys Tandjies nader en vra verwonderd: 'Og, wat maak sulke brawe ou skepsels as oom Iedries en tante Sina dan hier in die tronk? Sulke ou prysenswaardiges kan hul maar gerus loslaat.'

Sina voel skaam en nors, en ewe botweg vra sy: 'En wat soek jy hier?'

'Ag, tannie, by my is dit 'n gewoonte, en 'n gewoonte is 'n gewente. So skoot om skoot vang die Engelsman my aan die agterpoot en keer my kraal toe. Ja, tannie, 'n Engelsman as hy vir jou sê: jollie booi, jollie booi, eer dit eltuur is, drink ons saam; maar ag - as hy eers daardie woord "dennemiet" sê, glo eer dit middag is, moker hy jou,' antwoord Tandjies ewe onverskillig. Hy vervolg weer: 'En dan bly dit nie daarby nie, nee, dan is hy te lief om jou in die tronk te stop. Ek het dit liewers soos by die Boere - hul gee jou 'n goeie loesing met die sambok, dan is alles oor en jy verdien weer jou eie geld by die selfde baas.'

Hierop merk ou Iedries aan: 'Ek weet wel dat slae

'n mens beter gemaak het; maar toon my die man, wat in die tronk beter geworde het.'

Ou Spaas, wat staan passies in die agterplaas maak, vat die woord: 'Wat is jul dan so orig met. julle lyf om julle te laat slaan, - dit sal ek so nooit toelaat nie - slawetyd is verby!' Daarop vlie sy kort om, lig haar hakskeen, gee dit 'n paar klappe met haar hand en roep uit: 'So slaan ek die hele boel af. Ek kom liewers hier in die tronk sit as om my te laat kasty. Hier kry ek alles verniet. Ek is net so ryk as koningin Viktorie; want sy het genoeg en ek het genoeg. Sy kry haar kos verniet, ek ook; sy word deur wagte opgepas, ek ook, en wat die deksels wil ek meer hê?'

'Og, wat help al jou rykdom vir jou - jy sit opgesluit, en Viktorie nie,' sê Tandjies.

'Wat help dit? Dit help baie! Hier kry ek kos en slaapplek verniet - by jou wrintig nie. Ek is 'n knap meid: my hande is soos seep, die werk glip daardeur; maar julle hande is met voël-ent besmeer - die werk sit daaraan vas.' Weer spring sy kort om, trippel weg, druk die een hand in haar sy en swaai met die ander en sy roep uit: 'Gee pad voor, julle tannie kom!'

Ou Tandjies roep uit: 'Die wegtrap van haar, die maak my so naar!' Waarop sy weer sing: 'Oor die wegstep van hom, Sal my harte net blom.'

Al hierdie spektakels van die ou twee tronkvoëls,

Spaas en Tandjies, verset ou ledries se verdriet; dit laat hom aanmerk: 'Ei, jul maak dit net plesierig hier vir julle in die tronk!'

'Oom ledries, as jy eers gramaste wil aanskou, dan moet jy kom kyk as ons hier in die agterplaas sit - ons is dan so vrolik as hasies op 'n kweekplaat,' merk Tandjies op.

'Jou malle verstand!' roep Sina uit, wat al die tyd vir 'n wonder stil gebly het; maar sy treur. 'Al gee jul my hier tert en pasty, met drank daarby, sal Jul my hier nooit plesierig maak nie - dis hier nie 'n plek vir 'n fatsoenlike Hotnot nie.'

Kort daarna word ledries se hare kort teen die kop afgeskeer en die skêr het ook oor die klapperdop van Sina gewei. Elkeen sit nou in bandietklere, wat alles nog nie so swaar is nie as om van mekaar geskei te worde, want die mans en meide kom in afsonderlike afdelings. Nou word die tyd vir hulle lank - dae lyk so lank as weke, en die twee weke so lank as twee maande.

Maar aan alles kom 'n end. Hul word losgelaat en kry weer hulle goed terug - ledries sy knapsak en Sina haar handmandjie. Toe hul so drafstap die straat afloop, sê Sina: 'Ek voel nou so bly asof ek 'n shilling verloor het en 'n pond opgetel het. Maar kom, laat ons gaan kyk of al ons goed nog hier is.' Op 'n afgeleë plek vind hul nog alles korrek, net Hendrik het die twee

bottels wyn uit die knapsak die ander dag gesteel; maar elkeen het nog 'n shilling, so was daar nog koring in Egipte. Die twee stap weer af na Bob se kantien toe om die geleë skade in te haal en om verdriet te verdrink - pyn en smart word eerder vergeet as plesier.

Bob lag toe die twee ingestap kom en vra: 'Het jul ook nou geproe hoe tronkstraf smaak? Pas op net vir 'n volgende keer!'

'Seur, gee nou vir my en my ou meid 'n bottel, sê ledries, dan wil ek met Hendrik Haas ook afdrink.'

Bob en Sina sê om tog met Hendrik nie af te drink nie, maar ledries het sy houtjies klaar gehad, wat hy met die glas wyn geming het. Hy roep vir Hendrik, wat daar agter die bos staan uitloer. Die twee was dan kamma so bly om af te maak, maar Haas moes gou trap, om die dag nie weer sy verskyning te kom maak nie - dis 'n ou stel wat dikwels destyds moes afgetrap worde.

Nou rook ledries weer dat die wolkies rondsweef en Sina klap so af en toe op die snuifdoos.

Die skrik sit egter nog in hulle lyf en daardie dag versuim hul nie lank nie, maar neem genoeg lawaai-water om langs die pad en tuis te verjaar - dit was nou maar eenmaal 'n ingewortelde gewoonte van die volk.

Op weg agter die kersbosse buitekant die pad, het hul die grootste part van die dag loseer; want hul was

te skaam om te vroeg tuis te kom. Die eerste gaan hul pondok toe en vind daar gelukkig nog alles in orde.

En toe die son agter die Paarlse berg wegkoes, stap die twee na die woonhuis van die oubaas, wat nog nie tuis van sy reis gewees het nie, Die ounooi staan in die kombuisdeur en van ver af roep Sina uit: 'Dag nonna! Hoe gaan dit nog hier? Dag my ounooi!'

'Beter as by julle! Waar het julle dan so lank weggebly?' was die antwoord en vraag.

'Aai, my nonna, waarom het nooi dan nie gestuur om ons uit die tronk te los nie?' vra Sina.

'Ek het julle mos nie daarin gestuur nie. Julle wil ook nie julle drinkery laat staan nie, nou moet jul ook 'n slag voel om in vervolg te luister,' is die antwoord van die ounooi.

'Nooi, en hoe gaan dit nog met Platjie? Het hy veilig hier aangekom?' vra Sina.

'Kyk, en was hy dan nie saam met julle in die tronk nie?' vra die ounooi met verwondering.

'Nooi speel maar! Hy is seker hier êrens,' merk Sina op. Maar toe dit 'n saak van erns blyk, is almal op die plaas onrustig. Hul het die volgende dae gaan soek, maar sonder hom te vinde. Platjie is weg.

**Hoofstuk V.****Koos Fonk, Platjie se Baas - Onderveld toe - Lesse.**

‘Eindelik hier! Ho, ha, Duisend Dalers!’ roep Koos Fonk uit, toe hy oorkant 'n stroompie stilhou. Hy sê verder vir Gert Buurman: ‘Laat ons hier 'n rukkie losmaak, die perde laat rol en water suip, dan kan ons nog vanaand tot digteby Hermon ry om daar in die veld te gaan slaap.’

Die son het net agter die Paarlse berg weggeduik en werp nog sy afskeidstrale teen die Drakensteinberg.

Na hul uitgespan het, keer Gert die perde na 'n kweekplaat en sandplek om te rol en om hul vereers van die water weg te hou. Koos maak vuur om koffie te maak en om 'n stukkie kos te berei.

Net toe begin 'n jakhals naby te tjank. Gert meen dat dit 'n nadroejakhals is en sê: ‘Maar Natie is vanaand vroeg besig. Hier is tog genoeg miere vir hom om knuppeldik aan te vreet.’

'Nee Gert, jy vergis vir jou, dis nie Natie nie, dis Vossie, wat die karmenaadjies op die vuur ruik - dis 'n skaapvangerjakhals,' merk Koos op, toe hy die rooster met vleis lig om kole onder in te krap.

Die jakhals draf weer 'n endjie met die kruispad en sit nog eenmaal so hard 'n keel op. Meteens hoor Koos en Gert die angsvolle kreet van 'n kind. Hul loop op die plek toe, vind Platjie daar, dood in die nood en lei hom kar toe, gee hom water en iets anders om sy skrik en senuwee-aandoening te stil. Toe Platjie na 'n rukkie beter word, vertel hy dat sy ouers, Iedries en Sina, in die tronk sit; dat hy nou alleen huistoemoes gaan; dat hy vrugteloos na Drakensteinvolk rond in die strate van die Paarl gesoek het; dat dit al laat geword het en hy dus alleen moes terug gaan. Hy was so moeg van rondstap dat hy gaan rus het en het agter die bos aan slaap geraak. Nou hoor hy die jakhals, waarom hy so geskrik het, en daarom het hy gehuil.

Toe die ergste skrik verby is, sê Koos Fonk: 'Platjie bly by die kar, baas Gert en ek gaan gou die perde na die water keer, dan kom ons dadelik terug.

Toe hul daar opsy staan, sê Koos Fonk: 'Kyk Gert, ons moet 'n plan maak om Platjie saam te neem om my op pad te help, jy weet my jong het siek geworde.'

'Goed,' antwoord Gert. 'Ek laat dit aan jou oor.'



Platjie het die twee base geken; want hulle twee het dikwels by sy oubaas aan huis gekom.

Toe hul by die kar kom, sê Koos: 'Kyk Platjie, ons is bly dat ons jou gekry het. Ons het die ander dag met jou tata en memme gepraat en ook met die oubaas en ounooi om jou saam na die Onderveld te neem en hulle het ja gesê. Nou was ons op die plaas aan en die ounooi het gesê ons sal jou op die pad vinde. Nou is ons bly dat ons jou gekry het. Is jy klaar om saam te gaan?'

'Baas Koos, hoekom het hul my dan niks van hierdie plan vertel nie? Baas Koos korswil maar, nè!'

'Hier staan baas Gert, vra vir hom,' sê Koos Fonk. 'Jou oubaas het gesê, ons moet hom daarvoor slagskape bring. Jou tata en memme kry ieder 'n present en jy sal ses aanteelbokke ontvang. Nou, Platjie, dan is jy somaar in één slag ryk.'

Platjie se oë blink en word weer dof van afwisselende blydschap en twyfel. Hy kyk Gert aan en vra: 'Baas Gert, is dit waar wat baas Koos my vertel?'

'Nou basta, as jy vir baas Koos nie wil glo nie. Waarom sal ons jou met leuens voorkom. Aai, Platjie, dink net aan jou vee as hul begin aanteel - somaar tweeling lammers ieder slag en netnou het jy 'n groot klomp vee, sodat jy kan slag en verkoop, en die volk sal vir jou hoed afhaal en sê: "Dag baas Platjie"; want jy het dan mos geld op die bank.'

Platjie se kompas staan toe stil. Hy bevind hom in die middel van 'n see van onsekerheid.

‘Waar is my klere en kooigoed dan vir die reis?’ vra Platjie om uitdraaiplek te soek; want hy is ouderwets genoeg.

‘Jou kombers het ek gekoop en 'n ou jas is hier; jou nuwe jassie en velskoene sal ons by die eerste winkel koop. Toe, is jy klaar om in te klim en saam te gaan?’ vra Koos.

Platjie laat sy kop sak en raak diep in twyfel; onderwyl word die jakhals nog af en toe gehoor.

‘Basta Platjie, as jy nie wil gaan nie; ons gaan nou eet, dan inspan en jy moet alleen in die skemer jou weg huis toe soek. Jy weet die jakhals dwaal hier orals nog rond en dan moet jy langs die ou slawekerkhof verby stap,’ sê Koos om die beslissing te verhaas en af te dwing.

Platjie kry 'n gril oor die gedagte van jakhals en kerkhof, slaak 'n sug en sê: ‘Ja, ek sal saam gaan; maar hoe sal die ounooi dan weet, dat ek saam gaan en dat my ouers in die tronk sit?’

‘O jong, dis maklik om te verhelp. Hiervoor is 'n poskantoor; ek sal 'n briefie skrywe en dit daar pos en dan is die hele wêreld mos reg, nie waar nie?’

Ewe stemmig, sê Platjie: ‘ja baas.’ Die ‘ja’ is uit, wat nog so baie trane en kommer aan sy ouers sal besorg,

en wat aan sy oubaas en ounooi soveel slapelose nagte sal veroorsaak. Koos is tevrede en het sy voël met kaf gevang.

Koos Fonk was 'n vabond en bedrieër van die eerste water. Wie met Koos handel, moet weet hy moet vroeg opstaan, anders sit hy dubbeld gefop. Sy woorde is so soet as heuning, sy dade so smartend as die angel van 'n by. Handel drywe by hom, sonder bedrog, was vir hom so smakeloos as kos sonder sout. Hy maak geld eerlik as hy kan, maar kan hy dit nie eerlik maak nie, dan maak hy tog nog geld. As iemand hom op die skouer tik, met die haar-oog knik en sê: 'Koos, jy is 'n gebore en geswore handelaar, want jy fop iemand met sy oop oë,' dan antwoord hy: 'Dis iedereen se gouigheid - daarvoor het hul ook mos oë en ore gekry. En hy, wat van sy oë en ore nie behoorlik gebruik maak nie, moet ly wat daarop volg.' Hy was daarby die mening toegedaan, dat bedrog en handel so onafskeidbaar van mekaar is as pot en deksel. Hy het wel altyd gesê: 'Ek weet, hul noem my Skelm Koos, maar ek weet goed wie ek moet toetrap en wie nie.' Maar hy het dit altyd gedoen.

En tog het Koos Fonk altyd 'n ope hart vir 'n eerlik verleë man gehad. Hy sê: 'Ek steel van Petrus om dit aan Paulus te gee.' Sy bediendes het dit lekker by hom gehad: geld, goeie kos, en as dit nodig was, 'n

afgedankste pak slae daarby; daarom het hy altyd volk gekry as hy hul nodig gehad het.

Ofskoon Gert Buurman ouer was as Koos, tog het hy laasgenoemde altyd die eerste viool laat speel. Hy was nie soos Koos, wat jou openlik sal vastrap nie; maar hy het baie skynheilige praatjies verkoop, wat by sommige nogal dieper ingang gevind het als die onverskillige praatjies van Koos.

Gert was van die soort Fariseërs, wat die onderlip op die onderbaadjieknoop hang. Dit was net juis die man, wat vir Koos Fonk van die grootste diens in sy handelstransaksies kon wees. In ander woorde: Gert het probeer om eerlik te bly, maar kon dit nie reg kry nie. Hy wou almal gelyk gee. Het twee persone 'n woordestryd, en die een kom hom sy storie vertel, dan sê Gert: 'Jy het gelyk,' en kom die ander daarop weer sy verhaal van die storie meedeel, dan sê hy ook: 'Jy het gelyk.' En as 'n derde, wat die gesprekke aangehoor het, sê: 'Gert, jy is 'n wonderlike man om al twee gelyk te gee,' dan antwoord hy ook: 'Jy het gelyk.'

O, skynheilige mensdom, wat sy medemens oordeel! As die helder soeklig op almal gedraai word, hoeveel blikskottels en blikborde sal van die rakke tussen die silwergoed moet pad gee! En hoeveel sal bly staan, wat as egte sterling silwer verklaar word!

Dit was toe al skemer geworde, hulle was klaar met

eet en het ingespan. Platjie voel hom huiwerig, maar klim op en sit gedurig om te kyk. Koos en Gert sit grappies te maak om sy aandag van sy huis af te trek, maar dit gaan vereers net swaar. Hul werk maar meer op sy verbeeldingsvermoë en vertel hom van die Onderveld, van springbokke, mierkatte en wat nie al.

Gert sê: 'Platjie, jong, jy sal net groot man lyk as jy met jou hoed vol volstruisvere die Boland inkom en so na jou bokke kyk. Ek weet wat jy dan sal sing: 'Sak-sak, sak-sak, sak-sak vol ponde. Vra vir jou ma die opsitkers en die velkometers. Sak-sak, sak-sak, saksak vol ponde!'

Hul ry nou die pad na Hermon toe. Onderkant Wellington gaan hul in die donker 'n huisie verby. Hier maak Koos of hy 'n brief skrywe, hy stap om die huis en kom terug en vertel dat hy die brief daar gepos het. Van toe af vertoon Platjie 'n blyer gelaat en begin ook te gesels, begin alles omtrent die reis uit te vra - en natuurlik in antwoord belieg Koos hom die nek vol.

Koos Fonk en Gert Buurman was twee veekopers, of liewers gesê twee smouse, wat vee vir negosiegoed inhandel. Die negosie kry hul in Kaapstad op vier maande krediet, wat deur sekuriteit van een of ander Spekulant gesteun geword het. Dan verdiskonteer hul ook 'n wissel op die Bank om vir daardie kontant ook vee in te koop. Hier moet hul versigtig wees om hulle skulde voor die

tyd te betaal, anders word hul krediet die nek deur wanbetaling ingeslaan.

Die plan vir hierdie teenswoordige tog is om na Vleisch Bank (Hermon) te gaan, daar veekopers te ontmoet om hulle skape, wat daar is, te verkoop. Gert gaan dan met die los perd, wat aan die kar gebinde is, terug om die geld te ontvang en die skulde te betaal, en hy kom dadelik af met twee negosiewaens, wat reeds vir vertrek klaar staan. Intussen gaan Koos Fonk en Platjie met die kar vooruit om vir kontant geld vee in te koop, die vee dan na Oorlogskloof (wes van Calvinia) oor te bring om daar met die vee vir Gert Buurman af te wag.

Wel, hierdie aand het hul tot naby Hermon gery, in die veld by groot oliewehoutbome uitgespan om die nag daar oor te bly.

Platjie voel toe nog nie heeltemal op sy gemak nie: die skrik van die tronk, magistraatshof en die jakhals werk nog op sy senuwee; daarom is Koos en Gert vir tydverdryf nog steeds besig om sy aandag deur Stories af te trek. Na hul die perde aan die seilkrip voer gegee het, het hul langs die kar op die grond hulle bedde opgemaak. Platjie kry die nuwe perdekomberse en 'n sak om bed van te maak.

Nie lang het hulle gesluimer nie of Platjie word deur 'n benoude droom gewek; hy skree en kyk verskrik rond met verwilderde oë en roep uit: 'Waar is die

jakhals nou?’ Koos roep: ‘Kom jong, jy het gedroom!’

Koos het Platjie 'n goeie sopie brandewyn ingejaag en daarna het hy goed geslaap. Vóór dag het hul die perde weer voer gegee en toe alles opgevreet was, het hul lig dag ingespan en is op hulle gemak nog vroeg op Vleisch Bank, waar hul die veekopers ontmoet het en die vee almal verkoop geword het. Gert is van daar terug om die geld te gaan ontvang en om die lopende rekenings te vereffen. Koos en Platjie het nog gehelp om die skape deur die Bergrivier te ja. Die taak het groteliks vergemaklik geword deur gebruik van goeie voorbokke, wat die baas van die plaas spesiaal vir die doel aanhou en verhuur. Gert is te perd stil weggedraai, hy het gesê dat hy maar 'n endjie met die skape terug gaan, anders sal Platjie wil dwing om weer huist oe te gaan.

Oor Willems Vlei (Porterville) en Clanwilliam het Koos en Platjie die weg na die Warm Bokveld gevolg. Platjie voel hom nou nes. 'n ou togganger in die geselskap van die praatjiesmaker, Koos Fonk.

Koos is druk besig om Platjie lesse in handel te gee, vertel hom wat hy moet doen en sê hoe hy die ander moet toetrap. So nou en dan gee hy aan Platjie 'n kleinigheid om te verkwansel en lag hom lekker uit as hy hom laat toetrap het. Alle skelmstreke het hy Platjie geleer, net nie om te steel, in te breek, of iets wat hom in die

tronk kon bring nie. Sy les was: 'Platjie, jy kan 'n man onderdeur spring; maar moenie sy goed gaan steel of vat sonder sy toestemming nie. As 'n man wil baklei, wees klaar vir hom en na hy die eerste hou gegee het, of jou met 'n stok gedreig het, spring dan onder sy lyf in en wys hom waar Dawid die wortel begrawe het. Moenie eerste slaan, sodat die ander jou kan gaan verkla nie.'

Hul kom in die Bokveld op 'n plaas waar kort daarna 'n smouswaantjie aankom. Koos sê: 'Wag Platjie, vandag sal ek jou leer om 'n Jood droog te sit met handel. Bly jy vereers hier by die kar en stap dan na die perde toe.' Koos stap na die smous en staan na die goed te kyk.

'Wil meneer iets koop?' vra die smous.

'Nee, niks besonders nie. Ek kyk maar of jy jasse het. My Hotnotjie wil 'n jas koop en wil tot £3 gee. Ek het daar by die kar een wat vir hom goed is, maar wys ek dit vir hom; dan wil hy dit verniet hê en waarom moet ek my goed verniet weggee! Ek sal £2 daarvoor vat.'

'Nee meneer, jasse het ek nie. Maar ons kan besigheid maak. Ek sal jou £2 vir die jas gee, as jou Hotnot eers sê, hy wil £3 gee.'

Hy pak sy goed toe en gaan met Koos saam om die jas te kyk. Maar 'n Jood is versigtig en Koos nie minder nie. So hou Koos die jas by die kar en die smous gaan vir Platjie vra of hy 'n jas wil hê. 'Ja,' sê Platjie, 'ek



kan nie meer van die koue uithou nie.' Hy steek sy hand in sy sak en wys die £3. Die smous koop toe by Koos die ou jas vir £2 en toe hy na Platjie stap om die jas te wys, sê Platjie hy het sy gedagte laat gaan en sal nou nie meer die jas vat nie.

Daar sit die smous met 'n ou verslyte ding waarvoor hy geen 10 shillings sal kry nie. Hy hou by Koos aan om die jas vir £1 terug te vat, maar Koos wil nie.

Platjie het natuurlik gehandel soos sy baas hom voorgesê het.

## **Hoofstuk VI**

### **Die Betowerde Bos.**

‘Fonk is jou naam en vonke laat jy onder die hoetysters van jou perde uitvlie,’ sê die baas van Oorlogskloof toe Koos 'n kaapse draai met sy vier perde voor die woonhuis maak.

‘Ja oompie, dit kan nie anders, as die baas en sy goed van die bestes is nie,’ antwoord Koos, wat graag geprys wil wees.

‘Kom af en span uit,’ sê die oompie. Met die afklim vra Koos: ‘En hoe gaan dit met die skapies hier?’

‘Nee neef Koos, jy moenie darem vir jou onbeskof wil hou nie, om eers na jou handelsgoed te wil vra, sonder om te hoor hoe dit met ons mense hier gaan,’ was die bestraffing van die oom, toe hy begin uitspan.

‘Oom, wat ek by skapies bedoel, is al die goeie mense van Oorlogskloof,’ werp Koos teë.

‘Nee Koos, ek hoor jy lieg somaar - ek kan dit aan jou ekskuses hoor,’ merk die oom aan. Na hulle nog

gekorswil het, kniehalter hul die perde en gaan in die huis sit. Koos vertel toe dat hy vir kontant skape en bokke in die Bokveld ingekoop het, en vra veld om vir 'n tydjie as weiveld te huur; wat hom verkrygbaar gestel word met die woorde: 'By my kan 'n mens alles - van 'n koevoet tot 'n naald - met geld en goeie woorde verkry.'

'Oom, my bokke is regtig mooi - hulle kloue kraak nes blinkleer stewels, as hul so rondstap,' sê Koos.

'Wag, jong, dan moet jy eers myne sien - hulle lyk soos koedoes, met hulle groot horings en swaar lywe, spog die baas weer. Daarop slaan die baas sy pyp uit en sê: 'Ja Koos, jy is 'n ou windpomp, kom spog nou oor jou lekker tabak en laat ek daarvan stop.'

Hierop volg 'n gesellige gesprek. Intussen kom Koos se vee op die werf en die baas wys toe die weiveld aan, en toe hy die veewagter sien, sê hy: 'A, Toel Oerson, pas jy baas Koos se skape op! Nee, jy is 'n flukse jong, aan jou kan baas Koos maar sy skape toevertrou.'

Wel, hul het tyding dat Gert Buurman met die twee ossewaens Clanwilliam reeds verby is, dus is hul hom nou aldag te wagte. Hy sal een negosiewa neem om mee te gaan smous, en Koos die ander. Daar vóór, langs Hartebeestrivier, sal hul weer mekaar ontmoet; dan pak hul die oorgeblyde negosiegoed op een wa, waarmee Koos oor Grootrivier sal gaan om onder die Basters

te smous (of liewers gesê, te smokkel). Gert neem dan almal die ingehandelde vee onder sy sorg, kom dan daarmee terug na Oorlogskloof, verkoop die wa en gaan dan met al die vee - ook wat by Toel Oerson gebly het - saam na die Boland. Die plan kan dáárvor weer gereël worde.

Toel Oerson was werkelijk 'n degelike en vertroubare skepsel. Sy moeder was 'n Boesmanmeid, maar sy vader 'n Hotnotjong. Hy was bedaard en gematig in al sy doen en late, wat miskien toe te skrywe was aan indrukke in sy kinderjare ontvang. In hom het 'n mens gemis die lewendige opgewekheid van die Hotnot of Boesman. Hy was darem vernuftig en skrande in die vervaardiging van handwerk, soos bereiding van velle, kieries en houtbakke; ook kon hy kunstig skilder en osse en wilde diere van klei namaak. Selfs godsdiens het op hom indruk gemaak.

Eén aand sit hy en Platjie by die vuur oor dit en dat te gesels, waarop Platjie aan Toel vra, waar sy geboorteland lê. Op besadigde toon, maar heel boeiend sit hy die volgende verhaal uit sy lewensgeskiedenis vertel. Die verhaal lyk baie romanties, maar is eg Hottentots in al sy besonderhede.

Hy vertel: - 'My ouers het daar vèr anderkant Grootrivier agter wild rondgetrek. By wyle het my vader in sy stadje by sy famielie deurgebring, en dan

gaan hy weer vir plesier vir maande en maande op die jag. Dit was miskien om my moeder, wat 'n Boesmanmeid was, te bevredig. Ek was toe nog hulle enigste kind en om ek nog maar klein was, kon my moeder my maklik op die rug rondra.

'Op 'n warm dag, naby 'n riviertjie, sit my ouers onder 'n boom. Ek val aan slaap en hul leg my in die skaduwee van 'n bos en gaan toe water in die riviertjie drink. Toe hul nog daar is, kom daar 'n klomp jag-kaffers en hul vermoor my ouers, sonder om van my onder die bos iets af te weet. Toe ek wakker word, soek ek na my ouers en toe ek hul nie sien nie, begin ek bitterlik te huil. Gelukkig is die kaffers toe al weg, anders sou hul my ook seker kom vermoor het. By my lê nog my vader se geweer en kruithoring. Dit het my daar gehou, anders sou ek miskien begin ronddwaal het. Op my bitter gehuil en gekerm, kom 'n ou Hotnot towerdokter af. Hy vind my daar. Hy neem my op die arm en stap met my rond om te kyk waar my ouers is. Die eerste gedagte, wat hy kry, is om my ouers by die water te gaan soek. Daar by die kuil water vind hy my ouers vermoor. Toe ek dit sien, is ek nie van die lyk van my moeder af te skeur nie. O, die ou-dokter het moeite om my te troos en stil te kry; want ek het nog te klein gewees om 'n besef van dood te hê. Hy bring my nou somaar oor na sy pondok en het toe met 'n ander Hotnot

my ouers loop begrawe. Hy kom die nag laat tuis. Die ou dokter en sy vrou was bly om my as hulle eie kind aan te neem; want hulle het van hulle eie g'n kinders gehad nie.'

'So weet jy nie eers die name van jou tata en memme nie?' vra Platjie met medelyde.

'Nee,' antwoord Toel, 'ek weet nie nou meer hoe hulle gelyk het nie. Wèl, die ou towerdokter het sy dolosse gegooi, en weer gegooi en sê toe daarop aan sy ou vrou: "Die kaffers het hierdie kind se ouers vermoor. Hy sal by ons opgroeï, vir ons baie plesier gee; want hy sal gehoorsaam wees." Wèl, ek het later alles in my vermoë gedoen, toe ek tot verstand gekom het, om uit dankbaarheid vir hulle plesier aan te doen. Die ou dokter was baie goehartig, maar, sy vrou was 'n ou geitjie.'

Hier val Platjie in die rede: 'So, dan was sy baie kwaai! Het sy jou mishandel?'

Toel antwoord: 'Ek sê mos vir jou, sy was 'n ou heks en het my op allerhande maniere laat swaar kry. Doen wat ek wil, maar net verniet, alles was in haar oë verkeerd. Sy het nie die minste ontsag vir die ou towerdokter gehad nie; want sy weet hy sal haar nie tower nie. Sy het my die naam van Niksnuts gegee, ofskoon ek reeds vroeg in my gebrekkige taal kon sê, dat my naam Toel Oerson was. Die ou dokter het vir

my baie jammer gekry; want ek hoor hom eendag aan haar sê: 'waarom het jy die kind maar nie liewers laat dood gaan as om hom nou so te kasty?'.

'O, dan is die duiwel los en die ou dokter en ek moet veld se kant toe weglê. Hy het die geweer en die kruithoring, wat byna vol kruit was, vir my met die ander goed van my ouers mooi op 'n droë plek weggebêre, totdat ek eendag self dit kan hanteer en gebruik.'

Platjie vra belangstellend: 'Lewe die ou dokter en sy ou tierwyfie van 'n vrou nog?'

'Ek weet tog nie; want ek is lankal van hulle af weg,' hervat Toel. 'Luister en ek sal jou vertel hoe ek dit nie weet nie. Eendag, in alle beskeidenheid, toe ons eenkant alleen was, sê ek vir die ou dokter dat alle middele deur my probeer word om hom en sy vrou te plesier, maar ek is daar nog nie in geslaag om haar enigsins voldoening te gee nie. Ek sê toe dat ek hom dankbaar bly dat hy my lewe gered het, dat hy altyd so veel liefde en hulp vir my gehad het en dat hy geneë is my verder die beste toe te wens. Ek vra hom dus verlof om weg te trek. Is hy daar op teë, dan sal ek maar my lot geduldig verder end toe moet dra. Trane kom in sy oë en hy sê dat hy alles as die grondige waarheid moet erken. Ek moet wag, hy sal sy dolosse gooi en dan vir my sê wat my te doen staan.'

Weer merk Platjie vol deelneming aan: 'Dit noem ek nou 'n man!'

Waarop Toel weer aan die woord kom: 'Die volgende dag roep hy my opsy en sê: "Ek dink jy moet maar stil wegtrap; want my ou vrou is deur 'n ander getower en dit sal 'n tyd neem voor ek die goed kan kry om haar reg te tower; ek vrees sy kan op jou aanval en baie seer maak. Ek sal jou vader se geweer, kruithoring en ander goed daar voor langs die pad vir jou gaan neersit, dan kan jy vannag wegspring." En hy voeg daarby: 'Maar Toel, ek sal jou baie mis. Jy weet, hier kom baie mense om gedokter te word, maar jy is my regterhand en die voorwerp van my ongeveinsde vrindskap.' En trane rol oor sy wange en toe hy sy oë afgedroog het, sê hy: 'Dè! vat hierdie kerie vir jou present as gedagtenis van my. Pas op, verloor die kerie nie; want met hierdie towerkerie in jou hand, het jy vir niks te vrees - tot die duiwel toe nie.' Ek was daarvoor net baie bly.

'Toe die ou kwaai heks geslaap het, spring ek die nag weg, kry die goed langs die pad, en toe dit vir my dag word, stap ek die volgende oggend baie ver in die wêreld.'

'Glo toe was jy net bly, of het jy ook net so sleg gevoel, as ek, toe ek van huis gegaan het?'

'Jong, ek het net naar gevoel; maar volle moed



fluister my in die ore: Nou sal dit met jou beter gaan. - Die eerste dag het ek rus-rus gestap; maar ek het aangehou om koers na Grootrivier te vat. Teen die aand, met sonder, kom ek by 'n groot houtbos aan. In, of by die bos, moes ek slaapplek soek; want my twee gewillige bene soebat toe net om rus.

'Die naam van die bos was: Die Betowerde Bos - van hierdie bos het ek toe nog nie gehoor nie en die naam daarvan het ek later verneem. Net toe ek by die rand van die houtbos kom, hoor ek 'n voël so pragtig fluit:

Tie, tie, tie tee....teti  
Tie, tie, tie tee....teti  
Tie, tie, tee....!

'Die klank van die gefluit is helder en duidelik, die eggo word mooi opgevang. Man, ek het al baie voëls in my lewe hoor fluit en sing; maar soos daardie nog nooit nie: 'n snaar van die beste silwer of watter metaal ook sal nog nooit so 'n klank kan naboots nie. Die voël sing hierso naby. Ek staan op en stap nader, maar die pragtige musiek lei my dieper en dieper in die bos, totdat ek eindelijk so ver is dat dit skielik donker word. Ek kom by 'n ope plek waar baie mensegeraamtes verstrooi lê, maar hulle het heeltemal in order gelyk.'

Hier las Platjie in: 'Man, daarvandaan sal ek gespaner het dat dit so bars - al het ek my neus aan ieder

boomtak velaf gehardloop; maar, daar het ek nooit gebly nie.'

Waarop Toel aanmerk: 'Jong, nou praat jy so, maar dit het mos donker nag gewees, dat jy jou hand nie voor jou oë kan sien nie. Waar wil jy natoe hol - vas in die doringstruie en bobejantoue? Nee man, ek moes daar maar ewe soet bly, maar voel glad nie op my gemak nie. Ek het gedink: wie sal my nou getower het? Is dit dalkies die ou heks van 'n ou meid? Ek begin dadelik 'n vuur te maak om die ergste af te weer. Toe die vuur groot en helder brand, lê die geraamtes spierwit in die vuurlig. Ek stap versigtig rond om te kyk en kry 'n geraamte met 'n knapsak om. Ek voel in die knapsak en kry daarin 'n vol bottel brandewyn. Ek proe daaraan, nee jong, dis die ware stof! Ek voel weer, en kry nog 'n ander bottel, net so suiwer. Ek vat hul saam na die vuur toe, drink 'n goeie paar slukke en is nou klaar vir kom wat wil kom. Ek het die agtermiddag twee patryse geskiet en begin hulle te braai; want ek het hul reeds dieselfde tyd geveer en skoon gemaak.

'Toe ek klaar met eet is, neem ek weer 'n paar slukke en bang nou nie vir die hele wêreld nie; want ek vertrou ook op die towerkierie, wat die ou dokter my gegee het. Ek voel moeg en gaan op my sy lê en val vas aan die slaap terwyl die groot droë boomstamme in die vuur net tamaai vlam.'

‘Wat het van die voël en sy gefluit geworde?’ vra Platjie, toe hy van bangheid nader na Toel skuiwe.

‘Toe die voël my op die plek gebring het, waar al die geraamtes lê, is hy net doodstil en somaar weg,’ vervolg Toel. ‘Wèl, ek het vas aan die slaap geval en toe ek 'n goeie rukkie weggeduik het, hoor ek in my slaap so 'n gekraak en gekners. Ek druk op een ellemboog en lig my op, en sien al die geraamtes sit rook om die vuur met beenpype, en twaksakkies aan hulle ribbe vas. Nee, moenie praat nie, my hare plant hul regop op my kop en my hoed rys boëntoe. Ek druk die hoed vas; maar wie sê hy lig weer! Ek gryp na die bottel en bêre weer 'n paar slukke. Jong, toe kry ek eers koerasie. Ek maak somaar ekskuus dat ek nie vir hul iets te drinke kan gee nie; want my ou vrinde kon tog nie bra sluk nie.

‘Jy het reg,’ sê een van die geraamtes, ‘ons kan nie bra drink nie; maar wil jy dan nie saam rook nie?’, waarop ek antwoord: ‘Ja, àl te graag, ek sal uit my pyp van my eie twak rook, dan kan jul beurtelings uit my groot pyp rook,’ en ek vat my roer en steek die tromp in die mond van een; want jong, jy moet weet ek het nou groot koerasie gekry. Ek sê: ‘Trek maar, ek sal die pyp hier agter aan brand steek.’ Jong, en toe ons maat vandag vir jou daar voor aan suig, pak ek die sneller en daar blits die vlam in sy mond. ‘Twaai!’ spuug hy opsy, en sê: ‘Nee, mastag, jou twak is vir

my heeltemal te sterk'; en hy blaas vuur en kruitdamp by sy mond en neusgate uit. Maar man, en word die ander geraamtes nie opsternaat nie! Hul kners en kraak en storm my. Ek gryp na my towerkierie en woel onder hulle sodat die bene woer-woer deur die lug in die vuurlig rondvlie. In 'n omsientjiesyd het ek die wêreld om my spierwit met beentjies gesaai, en toe het ek rus gehad.

'Onderwyl ek so onder die geraamtes takel, het twee daarvan opsy gestaan en toe ek hul wou bydraf, sê hulle dat hul die geraamtes van my ouers is, wat my op onsigbare wyse gevolg het. Met 'n groot stomp vuur in my hand, het hul my veilig uit die Betowerde Bos gelei en my gewaarsku nie weer die pragtige gesang en gefluit van die voël of Bosgees te volg nie.'

Hiert! vlie Toel en Platjie regop, en val op die naat van hulle rug, want Koos Fonk het hul geduldig afgeluister, en net toe Toel klaar is, gooi hy 'n handvol kruit in die vuur, wat die kole rondsaaï en waarop die twee lelik vloek.

**Hoofstuk VII.****Wat Doepa en Paljas kan doen - Spogtery.**

Gert Buurman het instruksies van Koos Fonk ontvang om in die nag aan te kom, want die poliesie van Calvinia het die snuf in die neus gekry dat daar smokkelgoed op die waens is. Maar om ontdekking te voorkom, is Koos te oorlams. Smokkelgoed soos gewere, kruit, doppies en drank is verbied. Die geweerlope was onder in dubbel-bodem kiste verpak; die geweerkolwe was vas gesit in 'n vat, met lynolie opgevul, en die bodem van die vat was weer netjies met die hoepels vasgedrywe, sodat dit as 'n vat lynolie kan deurgaan; die kruit en doppies was binne in dubbelde sakke, waarvan die buitenste met koffie en rys opgevul was, sodat dit as koffie en ryssakke kan deurgaan; die brandewyn spiritus is in vate gedoen, vasgesit binne in okshoofde, wat met asyn opgevul was, sodat dit as 'n lêervat asyn kan beskou worde. Koos en Gert het die nodige voorsorg bespreek en geneem. Hul was klaar vir die poliesie.

Die volgende dag oggend vroeg, was twee konstabels by. Die sakke waarin die kruit en doppies was, lê op die grond naby die vuur om suspesie te voorkom; want wie sal so roekeloos wees om kruit naby die vuur te bring! Die poliesie saal af en vra: Wie se waens is dit, waar kom hul vandaan en waar is die reis na toe? Koos gee die nodige inligting in korte woorde.

Die sersjant handig Koos 'n brief oor en sê: 'Hier is ons seek-warrent om te kyk of daar nie drank en ammuniesie op die waens is nie.'

'Seker, julle is vry. Ek mag jul nie belet nie. Daar staan 'n klein vaatjie drank vir ons en ons volk se gebruik, en daar is ons gewere en ammuniesie vir ons diens op die pad: twee behoort aan ons, twee aan ons veewagters om die vee teen ongedierte te beskerm. Hier is ons papiere om handel in negosieware te drywe en wat ons reg gee op ons skietgoed.' Verder sê hy: 'Sit maar op hierdie rys- en koffiesakke, dan kan jul eers 'n boegoetjie of koffie drink - net soos jul verkies.'

Die sersjant het dadelik pyn op die maag en die ander poliesman kla oor koue op die niere, en so verkies hul vir hierdie kwaaltjies liever 'n boegoetjie.

'Dit spyt my dat ons julle die moeite moet gee om die goed af te pak, maar jul verstaan tog ook dat ons onder orders staan,' sê die sersjant.

'Ag, man, dis g'n moeite nie - ons moet tog die

waens oorpak om te weet waar die goed gepak is. Nee, nee, glad g'n moeite nie,' sê Koos.

Gert bevestig alles wat Koos vertel en sê.

Wel, die twee konstabels is meer met vee-diefstalle, brandstigtings en moorde bekend gewees, as om smokkelaars te betrap, en so word hul maklik om die bos gelei - hul vind daar niks wat tot verbode handel behoort nie.

Koos vra hul om saam brekfis te neem, trakteer hul op lekker ingelegde vis en bolandse konfyt, en daarop kry hul 'n likeurtjie. Die twee konstabels het hul weg met vreugde en gesels voortgeset, en Koos en Gert is nou gerus - hul weet wat hul mag doen en laat.

Die osse van die negosiewaens is moeg en het minstens twee dae rus nodig. Dan het Koos nog 'n paar houtjies met Gert te sny, (*besigheid te bespreek*) want alles moet van hawer tot gort bepraat worde.

Koos se volk is 'n Hotnot, Samuël, en Platjie. Gert se volk is 'n Slamaaier, Abdol, en 'n baster, Braam Basjans - al twee Kaapse volk. Toel Oerson bly agter op Oorlogskloof om na die reeds ingekoopte skape en bokke te kyk; die kar met vier perde bly onder die sorg van die baas van die plaas.

Abdol was 'n vertroubare Maleier, knap by die handel en wat daarby goed met vee kon werk. Hy het as Slamaaier net 'n groot naam as dokter gehad, en die volk was vir sy towergoed en paljas so bang as

'n bobejaan vir 'n blaasbalk. Selfs witmense het by Abdol kom meestergoed haal, en die volk weer het sy houtjies en doepa hoog op prys gestel, sodat Abdol net geld maak soos gemaalde koffie uit 'n meul. Hy het allerhande goeters waarna hy kyk, net soos die dolosgooiers maak. Waar hy sy medisyne vandaan kry, weet geen een nie.

Gert Buurman was net versigtig vir sy Slamaaier; want hy het net sterk in die houtjies van Abdol geglo. Maar Koos Fonk aan die ander kant was glad van ander gevoele - hy het min daarin geglo. Gert beweer dat die poliesie deur die paljas nie die vereiste ondersoek ingestel het nie, terwyl Koos dit alles aan sy voorbedagte planne toeskrywe. Hieroor het hul baie geargumenteer en gestry en elkeen het by sy insigte gebly.

Eén oggend, met brekfis, het Platjie 'n bietjie te skerp aan die wildbiltong en skaapribbetjies gewerk. Hy vat die perde en gaan daar onder wei. Hy word lui en val in die skaduwee van 'n bos op sy rug, vas aan die slaap en droom toe dat 'n nagmerrie, of spook, hom ry; want die taai biltong werk met sy spysvertering. Hy begin benoud te skree, word wakker, hardloop en kom by die waens vertel dat die duiwel daar onder by die bos vir hom vas gedruk en wou verwurg het. Abdol het sy goeters deurgekyk, goed op sy hande gegooi en daarmee ingevrywe, en stryk toe sy hande aan sy gesig en vertel:



'Jy het by 'n graf sit speel en daaraan met 'n stok gegrawe. Dit is die graf van 'n kwaai ou meid en sy het daaruit gekom om jou te kasty, omdat jy haar nie met rus gelaat het nie.'

Platjie erken dat hy daar by 'n hoop klippe sit speel het; maar hy het nie geweet dat dit 'n graf was nie. Abdol het toe 'n sakkie met doepa - so groot as 'n halfkroon - om die nek van Platjie gehang en hom verseker dat die bose gees hom nie meer sal kom pla nie. Hierop is Platjie gerus gestel en hy het die sakkie vir jare daarna nog gedra en nooit weer is hy met nagmerries - so sê hy - gepla gewees nie.

Dieselfde dag kom daar 'n ou Baster en sy vrou by Abdol goed haal, omdat daar by hulle aan huis (of liewers gesê by hulle matjies huis) met klippe en houters gegooi is. Dan had die meid veel te kla oor die vreemde houding wat haar man teenoor haar aangeneem het. Hy is, sedert die klipgooiery aan die gang is, so danig maters - sy kan byna sê verlief - met 'n ander jong. Hierdie gedrag van haar man doen haar diep leed aan en werk op haar humeur. Hulle is dus oorgekom om Abdol te sien om die klipgooiery te laat ophou en die towerdery te stop.

Wel, Abdol het weer opsy gestap en toe hy terug kom, vertel hy dat daardie jong hul getower het met goed wat hy ver vandaan gekry het. Hy het die ding verkeerd aangeleg, want die goed wat die Baster moes gekry het,

het sy vrou gekry en omgekeerd, die goed wat vir die vrou bestem was, het die man gekry.

Die plan was om die vrou op daardie jong se hand te kry en om die man met haar te laat twis sodat die man haar in die pad kon steek. 'Gee my nou £5 dan sal ek die ding vir julle gou-gou reg maak,' sê Abdol. Hul het hom die geld gegee; daarop versien hy hul met paljas waarmee hul terug gegaan is. En hulle vertel later dat die goed wat daar begrawe was, het hul onder die drempel gekry en die fout het so gekom. Die jong het die towergoed in die koffie van die Baster en sy vrou gegooi, en omdat een koppie koffie toe net toevallig soeter was as die ander, het die Baster en sy vrou kommetjies omgeruil; sodoende het daar 'n omruiling met die towergoed gekom. Verder weet hul te vertel, dat die Baster en sy vrou weer op ou voet gelewe het, asof daar nooit verskil tevore was nie.

Sulke stories het groot invloed op die Hotnot se gemoed en hul kan dosyne daarvan sit uitpak.

Dieselfde aand vra Samuël, Toel en Platjie om daar by die Hotnot pondokke musiek te gaan maak. Koos het geweet, waar so 'n musiekbende is, daar is heuningbier; waar musiek is, word gedans; waar gedans en gedrink word, is 'n skoordery waarop 'n bakleiery volg. Maar verbied hy die volk om te gaan, dan kan dit gebeur, dat hul nukkerig word en hom by die poliesie gaan aangee

dat hy smokkelgoed op sy wa het. So sê hy in vredes naam dat hul maar kon gaan, al weet hy in watter toestand hul terug sal keer.

Vóór hulle vertrek, het hul daar by Abdol se vuurtjie gelol (want hy het altyd sy potjie alleen gekook). Daar het iets fout gekom - glo 'n pot of ketel was omgesmyt. Hul spring soos honde, wat vet gesteel het, weg. Gert hoor hiervan en hy sê aan Koos: 'Wag, dit sal 'n wonder wees as die Slamaaier hul vannag nie sal tower nie.' Hy skud sy kop met sekerheid.

'Og, wat is jy weer met jou towerdery aan die gang! Ek het die Hotnots die dood voor die oë geskilder, as hul vannag nie weer terug kom nie - so nie, bewaar hulle siel as hulle môre laat kom,' werp Koos teë.

Dis helder dag die volgende oggend en die volk is nog nie terug nie. Hul was klaar om in te span en te vertrek, maar moes wag. Toe die son teen die Hantamsberg aanslaan, kom een na die ander. Koos is boos, maar uit vrees van verklik, moet hy hom bedwing. Hy wil al weet waar hul so laat gebly het.

Ou Samuël begin toe te vertel: 'Aai, my baas, ek weet jou hart is vanmôre tjokvol van ergernis. My eie hart spring met my rond en bont, dat ons so sieg is. Maar kyk, baas, ons het eers gemusiek, toe het ons begin skoffel; al die volk en meide spog; ons gaan teenoor mekaar staan; nou die een klomp hul oorwin die ander

met die dans; wat win spog; wat verloor word tjurang en soek skoor; toe die skoor gekom het, staan elkeen op sy twee balke en presenteer sy twee murgpype; toe kom die gemoker; die beste manne bly staan; die ander lê stof snuiwe; maar toe die wêreld vir ons daar smal word, sit elkeen sy rieme neer en koers die veld in. Nou, dis pik-pikdonker. Ons het geloop tot vanoggend toe. Nou kry ons eers die wa.'

Abdol lag en stap weg, waarop Gert sê: 'Koos, hoe lyk dit nou vir jou, hoe maak doepa en paljas nou?'

Al wat Koos sê is: 'Og, bog, ek glo niks daarvan nie!'

Arrie, maar die volk sien daar getakel uit en lyk asof hul 'n noue ontkoming onder die behandeling van aasvoëls en honde gehad het - klere is geskeur, oë is pimpel en pers geslaan en daar is wonde aan hulle koppe, sodat al drie met doeke om hulle koppe loop. Koos was verplig om aan Platjie 'n nuwe broek en baadjie te gee, om hom in staat te stel sy ander klere heel te maak.

Net toe Koos en Gert haas wil inspan, kom daar 'n seker meneer Visagie om een van die waens te handel. Koos en Gert wil eers die handelvee sien, dus span hul die kar met vier perde in, om die vee op die plaas van meneer Visagie te gaan besigtig. Intussen kry die volk naalde en gare om hulle klere mee heel te maak. Koos sal maar die aand laat terug kom en Visagie sal die wa later op Oorlogskloof opvang.

Daardie aand sit die volk by hulle vuurtjies - Abdol en Braam sit by hulle vuur en Samuël, Platjie en Toel sit by hulle vuur. En nou volg daar 'n diskoers oor bakleiery, soos 'n mens dikwels volk hoor gesels - onder hul is daar beroemde kerie-slaners, soos Toel; vermaarde kop-slaners, soos Samuël, en daar is ook goeie stoeiers en min uitstekende vuis-slaners, - natuurlik klipgooiers makeer nie.

Platjie begin die gesprek deur te vra: 'Toel, waar is dan nou jou danige kerie, wat die towerdokter jou gegee het? Hoekom het jy dit dan nie saam gebring nie?'

'Ek het dit hierdie slag skoon tuis vergeet,' sê Toel.

'Dis jammer man, anders kan jy die danige lekker oom Jannies, wat so danig met hulle karree-knopkeries spog, hoor Engels gesels het,' merk Platjie op.

'Og, wat wil jy nog praat! Toe die keries begin te kletter en die volk begin te rumoer, toe staan jy mos bossies se kant toe,' val Samuël in die rede.

'Maar oom weet, 'n hond se agterpootnaels is kort, maar hy skop die klippies vèr - ek het die volk met die klippe gewerk en hul goed gekarnuffel,' sê Platjie.

'Dis jammer dat die ding so gekom het. Dit het eers regtig goed gegaan,' hervat Toel; 'want toe die musiek 'n dans losdraai en 'n riel oor die grond gooi, toe kan jy net volk en meide hoor steun soos hul trippel en askoek afslaan. Maar toe Darries-goed en Jakob-goed met hulle

dwarstrekker en afjakke begin, toe was dit vir my of jy sa-sa sê. Die kieres klap toe al, en man, ek gryp toe my kree-kierie, en ek laat hul soos dik gevrete aasvoëls rondans. Dit gaan toe loodswaar met my, die kieres klap op my harsingpan. Ek takel hul toe dat die vere en donse van hulle vlie. Daardie lelikerd van 'n Kareljong het ek getakel - hy is mos altyd soos 'n vis - papnat en lekker lyf.'

'Maat,' sê Samuël, 'ek word so blind van kwaadheid. dat ek nie weet of ek met die tong of vuis moet spook nie; maar ek spring onder die lyf van Trossies in. Hy wil hom nog presenteer, maar wie sê! Eer hy hom kom kry, steek ek hom met die horing onder sy ramkie-kinnebak in, en gee hom een met die haar-horing in sy ribbekas; toe kan jy net kopskote hoor klap, soos ek hom met die hot-horing inklim. Ek los hom en toe skiet ek net vuurpylskote met my murgpype voor sy bors en in sy ete en drinke. Ek basta toe met hom; want Darriesgoed kom hom toe voor my presenteer; maar ek was vandag weer klaar, ek pak hom en nogmaals kan jy kopskote hoor boef! boef! klap. Ja, ek saai die sterre voor sy oë en laat duisend reënboë voor hom bolmakiesie slaan. Toe eers speel ek tamboer met my kop op sy ribbekas - toe sing die sonbesies nog 'n streep in sy ore. Hy het mos 'n lekker bakkies om jou vuis daarop bloed te laat proe, want sy smoelkant van sy gevreet is mos

groter as al sy harsings. Hy vlug onder die skerm, maar glo, daar het baie van sy knope agter gebly. 'Kom uit,' roep ek, 'dan sal ek nog verder jou sop laat spat!' Daardie drag slae het hom laat voel hoe na hy aan sy dood was. Ek het daardie vuilgoed, wat net aan die heuningbier-pot sit melk, gou koud gelei, kleingeld gemaak en kaf geslaan. Aai, en dis 'n wonder hoe rat my voetsole hulle sitplekke opsoek. Ek het hulle kruit vir hulle papnat gemaak.'

Maar geen een het vertel nie, hoekom hulle waens toe hakskene moes wys.

## **Hoofstuk VIII.**

### **Gevolge van Engels praat en Bynes uithaal.**

Hulle waens is ingespan, Koos Fonk en Gert Buurman is gereed om te vertrek. Koos volg die weg aan die westekant van Hantamsberg, en Gert gaan oor Calvinia en set sy smoustog voort ooswaarts van Hantamsberg. Die volk was ewe plesierig met hulle afskeid, en roep mekaar toe: 'Voorspoedige reis en kom vet tuis - gee my groetnis aan al die mooi tannies daarvoor, die lelikes kan jul maar oor slaan - sê, ek sal gou kom om hulle te loop haal - bog met julle, die mooies is vir my en die lelikes vir julle - og, blaf vir jouself en kommandeer jou honde - ja, praat so, dan sien ek jy word bang - pas maar op dat die volk julle nie oor die tannies weer blou oë en lek horings slaan nie - jy kan mos lieg ook'; en nog meer sulke gesegdetjies. En toe hul 'n paar honderd treë van mekaar weg gery het, los hul 'n paar geweerskote as afskeidsgroete - 'n ou gewoonte, wat nog hier en daar in gebruik is; maar meestal word



geweerskote gelos as die persone terug keer om, te laat weet, hul kom aan.

Op die eerste handelsplek word die brandewyn spiritus reg gedokter. Die resep is: 1 deel spiritus, 2 dele water, peper, rissies, tabak en blousteen na smaak. Vir Koos se beste vrinde het hy altyd 'n beter kwaliteit as die mikstuur aangebied.

Hierdie handel in drank het goed betaal; want 'n skaap vir 'n bottel drank is nie so sleg nie. Die stof smaak nie juis lekker nie, maar maak vrolik en olik en dan moet daar weer van die hond se hare gehaal worde om op die hond se bytplek te sit. En so volg skaap na skaap, bottel vir bottel. Dis dan net: Weg wêreld, weg droefheid, kom sopie!

'n Engelsman kom by Koos se wa, saal af en sit te gesels. Toe hy hoor dat Koos drank het, koop hy 'n half botteltjie, waarna Koos sê: 'Hierdie drank is 'n bietjie sterk, jy moet stadig drink, want dit werk met 'n man se lyf net gou-gou.'

Die Engelsman proe en sê: 'Ja, mister, jy het reg; dis so sterk as blaasbalkvuur en kan 'n mens maklik binne 'n honderd treë katswink slaan.' Na 'n rukkie het hy die halwetjie leeg en gaan sy weg in vrede, maar verloor dit spoedig om rond te dwaal.

Oom Koert van Smal en sy vrou het oorgekom om te handel. Koos se soet sopies was lekker en dit het

Oom Koert kooplustig gemaak. Die oubaas wou graag 'n kannetjie brandewyn gehad het en vir 'n bottel soet sopies sal hy gedroogte springbok boudjies stuur. Koos vertel dat hy die drank eers moet tap en sal dit dan met sy volk oorstuur.

'n Rukkie voor sononder, toe die handelvee naby die wa wei, sê Koos aan Platjie en Samuël: 'Kyk, bring hierdie drank oor na oubaas Koert toe - hy woon hier naby agter daardie rantjie. Loop gou, want dit spook langs die pad.' Dit was om die volk haastig te maak.

Samuël en Platjie vat die drank en die brief, en loop drafstap weg. Daar digteby die rantjie - uit die gesig - sê Samuël: 'Platjie, weet jy wat ons maak? Kom, ons vat die bottel drank vir ons, drink nou die helfte uit en met ons terugkoms drink ons die ander helfte uit. Is dit nie 'n goeie plan nie?'

'Nee,' sê Platjie, 'die brief, wat ons hier het, sal ons daar by oubaas Koert gaan verkla.'

'Wat, man, het jy dan nie 'n plan nie? So lank ons drink, moet die brief daar onder die plat klip lê, dan kan hy mos nie sien wat ons maak nie.'

Platjie vind die plan goed en toe hul die brief onder die klip toedek, sê Platjie: 'Sorg dat hy goed toe is, want 'n brief is net 'n oorlamse ding.' Sorgvuldig word 'n plat klip op die brief geleg en los sand word ten oorvloede rondom die klip opgehoop.

Na hul gedrink het, en die halwe bottel versteek het, vat hul die kannetjie, gaan die brief uithaal en stap vort.

Toe die soet sopies begin trek, word Platjie vrolik en begin Engels te praat - net soos Hotnots gewoonlik doen as hul die takke in raak. Hy het geen Engels geken nie, maar het wel die taal hoor praat. Dit was vir Samuël wat ook 'n sliertjie weg het, o, tog te mooi en hy verwonder hom oor die talentvolle Platjie, dat hy so slim is.

'Gà-gà-gà!' skater Samuël uit van lag en sê: 'Julle bolandse volk is vol draadwerk, nè? Praat weer Engels, laat ek weer kan hoor.'

'Jis, jis, jis,' praat Platjie en voeg daarby: 'Noo, noo, noo.'

'Maskas man, dis verdeksels mooi! Ek wens dat ek ook so goed kan Engels praat!' roep Samuël uit.

'Oom Samuël, ek ken omtrent al die Engelse woorde, maar as ek hul agtermekaar wil span, dan raak ek deurmekaar en die gesegdes wil dan nie goed rym nie. As 'n mens vir 'n Engelsman sê: "Jis, jis", dan word hy bly; maar as jy vir hom sê: "Noo, noo", dan raak hy somaar vir jou die josie in. Daarvoor moet jy oppas.'

Noueliks is Platjie se woorde koud, of hier kom die Engelsman aan, wat van sy koers afgeraak het, en hy vra op Engels die pad na Boesmanland. Die Engelsman het geen woord Hollands geken nie. Die Engels van die man was bo Platjie se horison en hy staan te dink. Die

Engelsman vra weer en Platjie is nog meer in die spinnerak vasgedraai.

Ou Samuël, wat met gapende mond op Platjie se antwoord gewag het, sê: 'Toe jong, steek hom met die jis-woord.' Platjie was ook nie links nie en sê 'jis, jis, jis.' Samuël staan steeds met gespanne aandag.

Die Engelsman praat in sy taal en vra weer mooi.

Ou Samuël sê: 'Verdra jy dit? hoor hoe taai sê hy vir jou.'

Platjie sê: 'Nee, ek hoor hy praat van binnevet (benefit), van 'n boudvleis (doubt), van dankie vir die kaiings en nog meer goeters.'

'Wat praat hy van voël (fool) en dennemiet?' vra Samuël ewe nuusgierig, en vervolg: 'Nou maak hy ons net kwaad. Jong, steek hom nou met die noowoord.'

Platjie wag ook nie en sê: 'Noo, noo, noo!'

Aai, maar toe word die Engelsman so kwaad dat hy nie weet of hy sy karwats of sy tong moet gebruik nie - toe slaan hy eers die Rooi-taal dat hy so kleur op kleur kry; want Koos Fonk se mikstuur is goed genoeg om enige Kristenmens gek te laat word. Hy vat weer die koers wa toe om daar na die pad te verneem.

Ou Samuël sê: 'Platjie, laat ons die veld skeur; want die Engelsman is kapabel goed genoeg om ons die nek in te slaan.'

Na 'n rukkie sê ou Samuël weer: 'Nee, hy is miskien nie so kwaad as hy lyk nie - hoor hoe bedank hy jou nog een streep deur.'

'Sien oom nou,' merk Platjie op. 'Ek het oom mos gesê, die jis-woord maak 'n Engelsman se hart somaar lekker; maar die noo-woord laat hom knoop.'

Gesels-gesels stap die twee pad langs na oubaas Koert van Smal toe. Op die werf gee hul die brief en die kannetjie brandewyn aan die oubaas. Hy stap binne toe; onderwyl steel Platjie gekerfde tabak, wat daar op 'n gelooide vel lê om te droog, en ou Samuël draf die hoederneste by. Die oubaas kom terug - na hy en sy vrou die brief gelees het - en vra: 'Waar is die bottel met soet sopies?'

Die twee kyk mekaar verspot aan en Samuël antwoord: 'Die baas het seker vergeet om dit aan ons te gee.'

'Dit kan nie wees nie,' merk die ounooi op. 'Die brief sal nie lieg nie. Dè, hier is 'n springbok boudjie, gee dit aan julle baas en sê ek stuur dit vir hom present. En sê verder dat as ek die bottel soet sopies kry, sal ek die ander springbok boudjies stuur.'

'Toe, julle moet trap, ek gaan die honde losmaak en hul sal julle gou plat loop,' sê die oubaas.

Op weg sê Samuel: 'Jong, die vergalste brief het ons so waarlik waar gaan verklik. As ek nie gelieg het,

weet ek nie hoe ons sou los gekom het nie. Hoekom het jy my dan nie gesê dat die vervlakste brief deur 'n klip kan sien nie?’

Verbysterd antwoord Platjie: ‘Oom, ek het dit wrintig ook nie geweet nie.’

Toe hul by die plek kom waar die halfbottel versteek was, draai hul uit en drink die bottel droog. Singsing stap hul vort en meteens kom die oubaas se seun met sy wit baadjie en wit hoed hul teë; die twee dink dat dit 'n gees is en vat die wêreld aan en daar vóór ontmoet hul mekaar eers.

Toe hul weg is, mis oom Koert van sy gekerfde tabak en die tante merk haar hoendereiers is gesteel. Hy word nooit kwaad nie, maar sê net: ‘Jou siegte Hotnot, jou kanontrekker, jou klipkop, kort van haar, maar lank van vingers!’ Maar die ou tante het al die sê-goed aan haar kant gehad; sy het hul tamelik geseën.

Platjie en Samuël het geweet dat Koos die oggend vroeg sou vertrek, so was hul nie bevrees dat die diefstal van die bottel soet sopies aan die dag sou kom nie. Hul lewer die een boudjie springbok biltong, en vertel dis al wat die ounooi gegee het. Koos sê: ‘Hoor, sy het my lekker gefop.’

Van hierdie staanplek het Koos weer langs die Hantamsrivier gaan kamp. Wat die handel van Koos groteliks bevorder het, was dat vir 'n paar maande

tevore in die Hantam- en Boesmanland pragtige reëns geval het. Die veld is mooi en die vee is vet. Sy klompie handelvee groei by die dag in getal en ou Samuël is nou die wagter, wat met die vee moet trek en wei.

Toe Koos vir 'n paar dae moet oorstaan, wei ou Samuël met die vee langs die Hantamsrivier. Op plekke loop die rivier tussen hoë kranse deur. In die klipskeure van die steil kranse is baie byneste te vinde, waarvan die meeste onbereikbaar is, maar die Hotnots weet die neste met lere van takke gemaak, of met toue van bo af te bereik. Wel, ou Samuël, met rondwei met die vee, het 'n bynes bo teen die kranse sien sit. Voor die bynes is 'n kliplys of 'n klipstoep, waarop die man wat die nes uithaal, kan staan. Al wat te doen staan, is om die nes van bo van die kranse met 'n tou te bereik. Daarvoor was 'n tou van omtrent drie vaam lengte nodig. Samuël pluk matjies-goed, draai daarvan 'n sterk tou en knoop dit bo op die kranse aan 'n bos vas; die ander punt maak hy om sy lyf vas en hy klouter ewe versigtig langs die tou af tot hy die klipstoep bereik het. Hier vind hy gemaklike staanplek en niks meer ruimte nie. Die nes was maar ongemaklik in die klipskeur geplaas en dit neem tyd om die heuning daaruit te kry. By die tyd dat Samuël genoeg geëet het, en sy knapsak vol gestop het, is die son baie warm geworde. Hy trek aan die matjiesgoed-tou en dit kraak. Hy twyfel of dit nog so

sterk sal wees om daar teen op te klouter. Sy moed sak, hy dink en maak plan, maar daar was geen ander weg ope nie, as om maar te probeer. Hy trek weer aan die tou en nogmaals kraak dit. Nou wil hy nie meer waag om langs die tou op te klouter nie; want sal die tou breek, dan val hy omtrent 'n 100 voet na benede. Die beste weg om te volg is, om vir hulp te skree. Hy het geroep en weer tot vervelings geroep, maar sy stem vind geen luisterende oor nie. Hy kry dors, wat deur die gebak van die son teen die krans en deur die soetheid van die heuning vererger word. Hy word hees, sy bene onder hom word moeg van staan, en hy voel dat as hulp nie gou-gou opdaag nie, hy die prooi van die gapende afgrond daar onder hom word. Gelukkig kan hy 'n stuk klip uit die krans breek om daarmee te stamp. Hy hoor die eggo van sy eie gestamp, maar niemand anders nie, as net die bye wat daaroor toornig word; weer moet hy rook maak, tot eindelijk die rookmaakgoed op is.

Koos Fonk by die wa merk uiteindelik onraad toe Samuël nie uitkom nie. Hy het geweet dat Samuël nie weggeloop het nie, want sy komberse en ander goed was nog by die wa. Koos laat soek en roep, maar geen een sien of hoor iets van Samuël nie. Hul vind wel die skape, maar die vee het reeds ver weg gewei van die plek waar hul Samuël verlaat het. Die volk sny spoor en eindelijk



vind hul sy spoor na die krans. Hul roep en hoor iemand met 'n klip slaan, maar die eggo van die kranse maak dit moeilik om die plek waar geslaan word te bepaal. Met die spoor te volg, sien hul hom op die klipbankie staan; gou het hul gestuur om rieme, en water te haal, en toe hul hom bo op die krans gehys het, sak hy van vermoeienis inmekaar. Hul moet hom net hard lawe om hom by te kry - gedurig staan in die warm son, die knagende dors en daarby die vrees om na benede te stort, het op sy senuwees gewerk en het al sy kragte uitgeput. Aan sy arms word hy na die wa gelei. Koos het die ou gedokter en die anderdag was ou Samuël springlewendig - net hy kla sy bene voel effentjies styf.

Samuël, met al sy leed, is daar egter beter van afgekom as sy ou vrind Ruiters, wat net van veldkos, jag en heuning lewe.

Die Hantamsberg aan die noordekant van die dorp Calvinia is 'n groot plat tafelberg, deur steil kranse bo aan sy kruin omring. Daar is maar 'n paar uitklimplekke waarmee 'n mens bo die tafelland kan bereik. Die diep skeure in daardie kranse dien as vestings vir die bye. So vind 'n mens daar neste waar geen mens ooit kan by kom nie. Die wat laag teen die kranse sit, word van onderaf met lere bereik, en die wat byna bo teen die kranse sit, word van bo af met behulp van rieme of sterk toue bereik. Ruiters het te doen gehad met 'n

bynes, wat byna bo teen 'n lae krans sit. Hy dra altyd sy sterk rieme by hom; want 'n goeie soldaat is altyd goed gewapen. Bo, regoor die krans, het hy geen bos of boom kan vinde om sy riemtou aan vas te binde nie, maar maak dit om 'n groot klip vas.

Ruiter was seker dat die rots swaar genoeg was om hom teë te hou, sodat hy teen die krans met die tou kan afsak. Hy het die rots van alle kante beskou en bekyk en selfs daarteen gedruk om te oortuig dat die rots vas en stewig genoeg leg. Maar juis die wikkel en pomp aan die groot klip het hom los uit die grond gemaak. Ruiter, na hom van alle veiligheid oortuig te hê, bind die riemtou om die rots en ewe versigtig, met sy knapsak om sy skouer, sak hy teen die tou af. Die tou was geduldig, die rots net so. Maar toe Ruiter met die swaar knapsak heuning teen die krans met behulp van die tou begin uit te klim, was die rots, waarom die tou gebinde was, glo te nuusgierig om te kyk wat Ruiter so aan hom trek: hy rol oor. Die vas gebinde Ruiter volg - dan is Ruiter voor, dan die rots, soos hul die hange afrol. Ruiter het daarna drie maande siek gelê.

## **Hoofstuk IX.**

### **Is dit bygeloof of is dit waar?**

In daardie dae was Boesmansland nog nie in afsonderlike boerplase opgemeet nie - die verdeling in plase is eers later geskied. Dus het dit 'n ieder vrygestaan om met sy vee na hartelus rond te trek.

Voortgaande met handel kom Koos Fonk by Gwaggas aan, waar baie Basters met hulle vee by die waterputte staan. Die veld was hier regtig mooi: die bossies was met blomme oortrek, die boesmangras pronk nes 'n gesaaide in die wind en die brakslaai en porselein gras krul oor die grond. Dit kan mos nie anders nie, die vee moet vet wees. Daar hierdie landstreek ver van die wolmark was, het die mense net vir Afrikaner skape met die groot sterte ingegaan. By die waterputte staan ieder veeboer op 'n afsonderlike veewerf, wat 'n end van die ander werwe en die waterputte af geleë is.

Die trekboere het in tente, maar liefs by voorkeur, in matjies-huise gewoon. Lang latte word in 'n half

maan gebuie. 'n Ring word op die grond getrek en in die streep word gate gegrawe om die latte in te plant. Bo aan die kroon word die punte van al die halfmaan gebuigde latte saamgebinde, sodat dit die vorm van 'n miershoop aanneem. Bo oor die raamwerk word dan matte (van matjiesgoed gemaak) getrek en met toutjies aan die raamwerk bevestig. Die lang matte lyk soos die Japanese matte wat gewoonlik voor verandas gehang word.

In warme weer is so 'n matjies-huis koel, want die sagte lug het 'n ongehinderde toegang deur die matjiesgoed, terwyl weer aan die ander kant, as dit klam of reënweer is, die matjiesgoed swel en die matte waterdig word. Dus is dit uitstekende huise vir warm dae; maar bewaar jou in koue nagte, dan moet die velkomberse nie weg bly nie, want die water binne in emmers in die huise verys bo op.

Koos Fonk is net vrindelik met almal; hy moet bladstoot en almal hand gee, anders maak hy met handel geen hond haar af nie; want die Basters wil graag vereerd wees om met die blankes gelyk te staan.

By hierdie plek - en ook by andere - het Koos Fonk sy handlangers om die nuus privaat aan te dra. Koos wag op ou Karel Bleskop, wat nog by die vee in die veld is. Wag net 'n bietjie, teen sonder sal hy kom en Koos hou die ou dop.

Ou Bleskop is 'n Koranna veewagter en is net 'n skrande ou rot. In die aand is hy wel op 'n manier los, maar moet steeds 'n wakende oog oor sy kudde hou, want 'n kaapse skaap is maar skrikkerig - vernameelik in die donker.

Teen die aand kom ou Bleskop aangestap. Ou Bles (soos hul hom kortweg noem) was bly om Koos te ontmoet; maar Koos nog meer. Dadelik word ou Bles agter die wa geroep en oomblikkelik is die twee in 'n fluister gesprek, alles natuurlik onder vier oë en in diepe vertroue. Toe hul uitgesels het, sê Koos: 'Kom hier en drink eers 'n sopie en hier is tabak. Maar kyk, my outa, maak nou net soos ek jou gesê het en kom my weer sien,' waarop ou Bles antwoord: 'Nee seur, jy kan op my reken - die hele wêreld is reg!'

Wel, wat het Koos en ou Bles dan so danig in vertroue te gesels? Dit sal nooit aan die ore van iemand ter wêreld kom nie - Koos noem dit besigheidsgeheime.

Ou Bles is vanaand op verlof om na die smouswa te kom; sy ou meid, wat net so vertroubaar by vee is as haar man, sal intussen die vee op die veewerf bewaak. Hy het dus tyd om by Platjie en Samuël by die vuur te sit.

Ou Karel Bleskop was 'n ou Koranna van die egte soort en was eintlik 'n ekspert in bygelofies, wat hy so grondig kan bepleit asof dit alles die onvervalsde

waarheid is. In ieder geval hy glo dit en laat dit in geen geval uit sy kop uit praat nie. Die verhale omtrent die groot waterslang en die volgende bygelowe is nie alleen aan die Korannas, maar ook aan die Hotnots en Boesmans eie - die Boesman word verklaar die moses vir die waterslang te wees.

Toe die mikstuur van Koos begin trek en die stuk swaar tabak ou Bles begin opwek, kan jy die ou net hoor gesels oor sy land en die wonderlike dinge wat hy daar teëgekome het. Platjie se ouers het hom geleer om altyd vir 'n ouere skepsel as hy is, tante of oom te sê; maar dan was dit ook maar altyd van die oom-jy en oom-jou soort van praat. Hier volg nou 'n diskoers wat ons so dikwels onder Hotnots, Korannas en Boesmans hoor vertel.

'Oom Bles, waar lê daardie land van jou, waar jy nou van gesels?' vra Platjie.

'Da, da, daar oorkant Grootrivier. Ons het darem partykeer van daardie rivier se water kom drink en met sy hout vuur gemaak,' antwoord ou Bles. 'Die kapteintjie van ons stadjie was Filies Leeu Kreebos. Ja, hy was rê-rê man! Hy bang vir niks nie - nee! Met die roer of met die pyl, hy skiet ewe goed. Soos hy die groot jag gaan maak en die volk keer die wild in 'n kring vas, dan staan hy tussen die wild en hy skiet. Raak hy nie die wild nie, dan raak hy die man daar

naas aan; maar mis skiet is wat hy nie ken nie. Dit was vir die volk nog niks nie, maar wat vir ons die swaarste was as ons see-koeie skiet, dan slaan hy vir ons met die winddroog sambokke - hy wag nie eers tot die sambokke rê-rê droog is nie. Hy was so sterk as 'n lou (*leeu*) en so rappad as 'n boejan. Wat voor hom kom, moet uit sy pad staan of sy rugstring klap netnou op die grond. Sy vuis was so groot as 'n beespoot, en vang hy die wolf, of die lou, of die jakhals, dan prop hy daardie allemensige vuis binne in hulle bekke en laat hul so dood spartel. Sy tonteldoos en vuurslag hang lingers sy sambok aan sy sy. Sy baard was die kwas van 'n beesstert en as hy windop stap, dan waai die baard van Filies Lou Kreebos oor sy breë skouers, en die wolke rook slaan uit sy daggahoring. Ja, hy was pure man, hy wat Filies Lou Kreebos is. Ja, swaar in die baard!

‘En wat het my ou se tata dan geambag?’ vra ou Samuël met belangstelling.

‘My tata? My tata se naam was Piet Wolfryer. Aai, hy was ook nie aldag se kind nie. As 'n wolf onder my tata se hande val, dan moet hy weet, vandag ry my tata vir hom met die koperdraad voorslag voor aan sy karwats. En hy sal die wolf van vanoggend tot vanaand toe ry, dat die wolf se tong by sy keel uit hang. Ja, dit was nie om te hiernatoe of te daarnatoe nie, die wolf

moet maar net in die pas trippel. Jy sien my ou beste, my tata wat Piet Wolfryer is, was die boodskapdraer van die kaptein Filies Lou Kreebos. Hy stuur my tata na hierdie, na daardie en na al die plekke toe. Soos die een wolf is moeg, my tata ry weer die ander wolf, so hy het baie wolwe gery. Hy was man van kapasiteit - hy staan vir niks tru nie!

Waarop Platjie aanmerk: 'Dit is nou nie altemitters dat oom se tata man honderd was nie. Maar as oom se kaptein dan so kwaai was, kon die volk hom dan nie oopgespalk het om hom in die gouheid 'n vyf-en-twintig agter sy blaai af te tel nie?'

'My ou beste,' hervat Bles, 'dis net so goed asof jy die son met 'n lepel uit die lug wil uitgrawe, of 'n kwagga aan sy agterpoot wil gaan vang om hom vas te hou. Nee, daardie ding moet hul uit hulle lyf laat. Hy kan met towergoed werk soos 'n boejan met waboom blare. Hy, wat Filies Lou Kreebos is, sal vir jou gou-gou koud lei; want jy moet weet daardie tamaai groot waterslang is almelewe sy maat. Daardie slang kan baie doen, hy is altyd hier onder die grond en jy gewaar hom nie. Op sy kop het hy 'n groot, blink steen, wat soos spieëlglas in die sonlig blink. As hy daarr.... oorkant teen die rantjie wei, dan blits die lig van die steen hier in jou oë. Hy is baie lief vir die steen, want raak daardie steen weg, dan treur hy hom dood. As hy gaan



water drink, of in die rivier swem, dan is hy te bang dat die steen in die water sal val; daarom gaan hy dit eers wegsteek, maar vóór hy dit doen, kyk hy goed rond of iemand hom sien. Gewaar hy niks nie, dan verberg hy die steen en gaan water toe, maar hou die plek waar die steen verberg lê, altyd dop. Dit sit nie in elkeen se broek om daardie steen te gaan steel nie - gewaar die slang hom, dan is hy 'n kind des doods, of hy vat die een se spoor. Dis tog te mooi om ver van 'n koppie af die slang in die water te aanskou: die water maak agter hom sulke wit kabbelings en hy klowe die water soos 'n skip. Gooi hy hom dwars teen die stroom, dan dam hy die rivier tot daarr... bo op. Die slang kan vir hom baie lank en dik maak, maar dan kan hy hom weer so klein maak dat hy in jou sak kan kruip. Ja, Filies Lou Kreebos speel met die slang, wat vir hom op sy jagtogte orals water maak. Of anders stuur hy die slang om al die fonteine en stroompies te laat opdroog.'

Platjie, wat maar spoke nie uit sy gedagte kan verban nie, vra: 'Maar oom, was julle kaptein dan nie vir spoke bang nie?'

'My beste, wie is dan nie vir 'n spook bang nie? Wie kan met hom baklei maak? Nee my beste, teen Iblies het Filies Lou Kreebos nie sy man kon staan nie. Ek het hom nooit 'n spook hoor prys nie. Maar jy moet

darem verstaan as jy 'n spook se maniere ken, kom jy nog met hom reg. Wat ek van 'n spook nie kan reg kry nie is, hy is nooit 'n bietjie plesierig soos ons volk is nie - nee, hy is altyd stuurs en nukkerig. En waarom moet hy altyd so onbeskof voor jou kom staan gaap, dat jy agter in sy vuurkeel kan sien? As jy hom langs die pad ontmoet, en hy wil jou nie verlaat nie, trek dan 'n bossie uit en laat dit op die grond staan met die wortels boëntoe. Daar sal hy bly staan om hom te verwonder hoe 'n bossie met sy wortels boëntoe kan groei. Maar bewaar jou as die wind die bossie omwaai, woerts! hier is hy weer by jou. En as daar g'n bossies is nie, dan moet jul maar saam stap - hardloop sal jou net sover help, dat jy eerder by die huis kom - al die tyd draf hy langs jou. Somtyds hou hy hom vrindelik en wil jou hand gee; maar sorg dan dat jy jou doek in jou hand vat, en waar sy vingers raak, is die doek gebrand of geskroei.'

'Maar ek sal hom so nooit as nooit blad gee nie,' sê Platjie met afkeer.

'O my beste, dan kan jy 'n oorwaks te wagte wees waarvan die vingermerke langs jou wange sal bly - as jy dalkies nie met 'n skewe gesig of nek daarvan afkom nie. Nee, die beste om die vrede te bewaar, is om maar te doen wat die spook wil hê - anders los hy jou tog nie.'

Meteens vat ou Bles na sy voet en druk aan 'n plekkie, en toe vervolg hy: 'My bestes, ek was amper een van die nagte van die gras af. Ek skrik wakker uit my slaap met 'n brand aan my voet, asof ek op 'n kool vuur getrap het. Ek en my ou meid spring op om te kyk, en toe ons lig gemaak het, vind ons 'n groot krapioen (*skerpioen*).

Ons het hom gou vankant gemaak, en toe het ons die plek gedokter met die meestergoed, wat ons vir gifgoed altyd klaar hou. Nou, julle weet as 'n krapioen vir jou byt met sy bek saam, dan jy sal nie weer die son sien ondergaan nie; maar as hy jou met die angel van sy stert steek, dan kan jy nog deurkom. Ja, dis waar die!

'Maar 'n skerpioen het nie tande om 'n mens te byt nie.' gee Koos Fonk uit die wa antwoord.

'Kyk, baas, hoekom praat baas so? Hoekom byt hy sy kos?' merk ou Bles op, wat hom nie wil laat oortuie nie.

'En nou vandag was dit byna weer klaar met Kees met my,' hervat ou Bles. 'Ek sien die bynes in die erdvarkgat. Ek maak rook in die bynes en toe hoor ek dreun. Ek weet somaar dis die duiwelsby die. Ek pluk gou 'n tak en sit klaar vir hom. Nie te lank nie of hier kom hy. Ek haak af en slaan hom plat. Maar intussen glip 'n ander hier by my verby en hy vlie so 'n end weg om sy angel los te draai om my te kom steek. Die kuns is om hom te sien kom, want hy vlie met draaie

en swaaie. Hier hoor ek hom kom, maar hy was nog te bedwelmd van die rook, hy val voor die nes neer waar ek hom breek geslaan het.'

Weer gee Koos Fonk antwoord uit die wa, en sê: 'Maar my outa, wie het jou vertel dat 'n duiwelsby, of bymot, 'n angel besit? Wat jy daar opgedraai onder sy keel sien, is sy slurpie - net soos 'n skoenlapper een het. Met die hol slurpie suig hy sy voedsel op.'

Ou Bles stry en wil maar een streep deur hê dat dit 'n angel en nie 'n slurp is nie.

Koos Fonk wil sy ou speurder goed traktee, so bied hy ou Bles nog 'n sopie van die mikstuur aan, en oor 'n rukkie gesels toe ou Bles eers dat die woorde so bolmakiesie oormekaar val. Hy kom weer op die diskoers van slange en vertel: 'Ja, my bestes, nou een van die dae was ek amper Bokveld toe (*dood*). Jul weet mos dat 'n slang 'n mens so lelik kan oppas as jy hom seer gemaak het. Hier naby gooi ek 'n spoe-slang met die klip raak; hy vlug in 'n gat; nou weet ek, ek moet hom kom uitgrawe, anders kom hy my seker oppas. Ek gaan die graaf haal en begin te spit. In plaas ek die ding beter maak, het ek hom erger gemaak; ek het die slang middeldeer gespit, sodat 'n stukkie van sy bolyf aan sy kop bly sit. Die voorpunt kruip weg en ek het my ou malle verstand afgesoek, maar moes die job opgee. Ei, en nou hou ek die plek dop, ek kom nie daar naby nie.

Ek het die ding amper glad vergeet as één more, toe ek opstaan, voel ek iets swaar in my veldskoene. Ek slaan dit uit en tot my verskrikking sal ek sien, dat die klein stukkie lyf van 'n span lank, gesond geworde het en daarna het die slang my spoor gevat en in my veldskoene kom lê om my op te pas.'

Meer dergelyke bygelowe tref 'n mens onder die Hotnots, Korannas en Boesmans aan, maar wat bygeloof betref, raak die Kaffers hulle almal baas.

Ou Karel Bleskop was 'n sonderlinge persoon. Hy was 'n gebore skaapwagter. Sy skape het sy stem so goed geken as die van hulle eie moeders. Veel had hy nie nodig om sy kiere te gebruik nie, sy stem was voldoende om hul om te keer of hul in enige rigting te wende. So 'n wagter was geld werd, en tog, wat was hulle betaling: so te sê niks nie. As wild volop is, moet hul meestal van wildvleis lewe, maar twee slagskape en twee emmers meel was hulle loon in voedsel. Dan 15 shillings, en verder kry hul soolleer en tabak, met belofte van klere; want die wagers loop meestal in flentanjes. Hul huis is 'n pondok van bossies en velle gemaak. Ook bestaan hulle beddegoed uit velle, wat in sommige gevalle nogal kunstig aanmekaar samegewerk is. Maar wat vir 'n lewe het hul op hulle oudag, wanneer hul nie meer enig mens tot diens kan wees nie - 'n dag van ellende!

## **Hoofstuk X.**

### **Die Inwoners van Boesmanland.**

Jakker en rinkink was Platjie se plesier in plaas om na sy werk om te kyk. Koos Fonk was genoop om Platjie daarvoor aan te spreek en voor stok te kry. Hy sê: 'Platjie, jong, kyk, jy moet nou begin om in die spoor te trap. Jou boekie by my is op één bladsy na vol, dan moet ons afreken, en dan sal dit nie goed met jou afloop nie. Jong, jy moet stadig - stadig jong!'

Platjie word met die saak verleë, krap sy kop en sê: 'Baas, skeur tog asseblief daardie boekie stukkend en begin maar liewers 'n nuwe een.'

Koos lag en rig hom weer na Samuël en sê: 'En jy, Samuël, jy moet jou begin te roer - jy is vers te ver te stadig. As jy jou nie haastig maak nie, dan sal jy eers oor drie jaar die eerste Krismis inhaal.'

Al wat ou Samuël in te bring het, is: 'Baas, my bene voel seer en ek kan nie vinnig stap nie.'

Verder had Koos geen klagtes nie. Sy handel stryk,

sy planne werk goed en sy mikstuur trek soos 'n stoomtrein. Die handelsmense besoek sy smouswa goed - vernameelik die blanke trekboere en die Basters - die Hotnots, Korannas en Boesmans bly egter ook nie weg nie.

Wat die blanke Boere betref, baie van hul besit plase, maar die meeste wat destyds daar met hulle vee rondgetrek het, was nie grondeienare nie. Dit was ook nie nodig nie, want die hele Boesmanland en die grootste gedeelte van Namakwaland was vry, ope gronde, waarvoor toe in die tyd niemand nodig had om huur te betaal nie. Wat die ontwikkeling van die mense betref het, is dit treurig om te erken dat aan hul deur Kerk en Staat die hand van die vereiste hulp nie is toegereik geworde nie. Hul is verwaarloos. En tog na al, het hul geweet om hul as 'n selfstandige volk in 'n onbeskaafde omgewing te handhaaf. In spraak verskil hul 'n bietjie met hul meer bevoorregte landgenote, en dis soms prettig hulle uitdrukkings te hoor - vernameelik in die rigting van Namakwaland. Dit kan ook nie anders nie, want dit neem sommige 20 myl om 'n Hollandse kerk of dorp te bereik. Daar was amper geen posverkeer nie. Die Roomse Kerk het egter daar sendelingstasies in Namakwaland gehad en het getrag om 'n invloed op sommige uit te oefen.

Die Basters is 'n gekleurde ras, wat 'n verbastering

tussen blanke en inboorlinge en slawevolk is. Hul voer daar ook meestal die famieliename van blankes. In ieder geval trag hul die gewoontes, op hulle eie manier, van die blanke bevolking na te volg. Hul dra Europese klere; maar hou daarvan om die klere met bont goed baie te lap. Hul trek graag saam in famielies. So was daar toe Koos daar was, 'n ou weduwee-moeder met oor die 3000 aanteelskape en bokke van haar eie, behalwe haar beeste en perde. Haar veewerwe was die naaste aan die waterputte; dan was daar nog haar getroude seuns en dogters met hulle vee - daar mag nog een of twee trekke gewees het wat nie aan die famielie behoer het nie. Hulle veewagters is Hotnots, Korannas en Boesmans, wat vir die Basters 'baas' noem. Verder ontbreek nie by die Baster sy tentwa, trekgoed, saals, roers en ammuniesie nie. Hul is ruim sulke goeie skuts as die blankes en gaan ook op groot jagte uit. Hulle brood win hul self deur 'n stuk grond in laagtes skoon te maak. Die grond is geil en vrugbaar, en is met droog weer vol barsies; die koring word daar oor die skoon gekapte stuk grond gesprinkel, met takke deur trekdier toe gesleep, en daar moet die graan wag tot die laagte oorstrom word. Sulke slik of dryfgronde behou lang hulle vogtigheid. Die gesaaide groei en met nog een oorstroming word dit ryp en lewer 'n ruime oes op.

Ons het gesê dat die saad gesprinkel word. Ja, want



dik saai, is nie nodig nie: die graan stoel daar so dat oor die 100 sak graan van één sak gewin word. Graanmeule is daar onbekend, so word twee plat klippe geneem en presies so gekap en bereid as die van 'n graanmeul. Die stene word op 'n groot oopgespreide vel geplaas en twee vroue sit plat en draai die boonste steen met hulle hande - nes hul in die Ooste gedoen het, wat aanleiding gegee het tot die gesegde: 'Twee vroue sal tesame maal, die een sal aangeneem worde en die ander sal verwerp worde.' Yster koringmeule, wat met die hand gedraai word, is daar ook veel in gebruik.

Veel brak water word in daardie streke aangetref. Die mense is so gewoon aan die brak-water-koffie geworde, dat as hul by vars water kom, dan gooi hul 'n knippie sout in die koffiewater om daaraan 'n braksmaak mee te deel - hul beweër koffie met vars water gemaak, is laf en vereis dus meer gemaalde koffie as gewoonlik.

Hottentots en Korannas, wat 'n selfstandige lewe gelei het, was meer in die rigting van Grootrivier te vinde, maar in hierdie streke is hier en daar enige famielies aangetref. Groot veeboere was hul eintlik nie; hul het meestal van die jag gelewe. Hulle hutte het daar beroerd uitgesien en die kindertjies, wat daar rondom gespeel het, was maar armsalige voorbeelde van die mensdom. Hul had dun arms en bene, met volwasse buikies, wat nie op gereelde voeding kan beslag lê nie -

is daar niks om te eet nie, weet hul om hul daarna deur inbinding van die buik, te skik; is daar oorvloed, dan word alle beperking geminag en die maag ontvang dan wat dit in tyd van gebrek skade gelei het - die een dag amper dood van honger, die ander dag weer tot in die keel gevul.

Hierdie streek tussen die Grootrivier, Klein Namakwaland, Hantam en Fraserburg heet Boesmanland, omdat dit meestal in vroeër tye deur Boesmans is bewoon geworde; maar die Boesman was feitelik oor heel Afrika in verloop van eeue versprei gewees. Hy is 'n mannetjie wat ons aan die primitiewe mens herinner, want sy taal is so oud as die mensdom self is; sy lewenswyse is nie verder gevorder as van ander nasies, toe hul in die steentydperk van beskawing gelewe het nie. Sy gestalte het nog dieselfde liggaamsbou as die dansende dwerg wat vir die kind Farao vir honderde jare geleë gedans het, of as die van die Koningin van Skeba, toe sy aan Hatasu, die Koningin Farao van Egipte, te Tel-el-Bahri naby Thebe 'n besoek gebring het, en waar die optog van die Koningin van Skeba vandag nog in die bouvallige tempel van Ammon-Ra teen die muur afgeteken te sien is. Oorblyfsels van Boesmanwerktuie leg oor die hele vaste land van Afrika verstrooi.

Die Boesman is 'n swerweling, wat hom nie deur die koorde van bestendigheid aan 'n plek laat binde nie.

Om hierdie rede het hy geen bepaalde opperhoof nie, maar dool om in geselskap van famielie of vrinde; gevolglik het hy geen regering of wette nie. Net soos van Ismaël geseg word, net so is 'n ieders hand teë hom, en sy hand is teë 'n ieder syne. Hy is 'n bewoner van spelonke, of maak soos skilpad, om vanaand agter hierdie, en môreaand agter daardie bos te slaap.

As jagter volg hy die wild en vind dus geen tyd om hutte te bou nie. Deur hul aan geen wette gebonde is nie, het hul nooit kans gekry om tot 'n militêre volk te ontwikkel nie. Wel vind 'n mens hul soms in klein geveggies gewikkel - maar altyd in geringe getalle - byna nooit meer as 'n dosyn manne nie.

Sy natuur is sterk en hy kan baie ontberinge en die swaarste liggaamseise verduur. Sy gesig is skerp en amper so goed as 'n verkyker van enige belang: 'n heuningby sien hy gemaklik deur die lug vlie. Honger en dors is alles wat hy ken en wat hy kan verduur. Op lange afstande kan hy aanhou om te draf. Dit alles maak hom by uitnemendheid geskik as jagter. Was die vrinde-kringetjie die dag besonders gelukkig met jag, dan word die wild op 'n plek tesame gebring om gebraai te worde. In die binnering brand die vuur, leg die wild en word die vleis gebraai. Binne die tweede ring word gedans en die buitering bepaal die buitewêreld as uitspanplek. Die braaiery gaan steeds voort solang as daar

vleis is. Het die een hom knippeldik geëet, dan moet hy eenvoudig weer kom dans om die kos te laat sak. As 'n snyer nou hulle maat om hulle lyf meet, dan sal hy groot verskil bemerk, as vóór die maaltyd begin het. Gebeur dit, dat hul die volgende dae minder gelukkig is, en die honger begin hul te kwel, dan bind hul eenvoudig 'n riem om hulle buik en naarmate die honger sterker prikkel, word die riem stywer en stywer getrek, om die holligheid van die maag minder kans te gee om na kos te roep. Hul is naderhand so smal om die maag as 'n wipstertmier.

Hy jag met gifpyle. Sodra hy 'n stuk wild met die gifpyl tref, agtervolg hy die wild tot waar dit dood val. Hy wag 'n rukkie en sny dan die stuk vleis om die pyl uit en gooi dit weg as ongeskik om te eet. Hy meen deur die pyl in die gedode wild vir 'n rukkie te laat staan, dat die gif weer terug na die pyl trek, waardeur die ander vleis skadeloos word.

Met al hulle barbaarse streke, bestee hul veel konsiderasie aan hulle oues van dae, aan hulle vrouens en kinders. As dit nie die geval gewees het nie, sou hul as 'n nasie lankal uitgeroei gewees het; want soos ons reeds opgemerk het, is hul seker een van die oudste volke van die aarde.

Reeds vroeg was hy as skilder bekend. Sy skilderstukke is meestal teen die wande van klipsponke te

vinde. Die verfstof is rooi, wit, swart en donkerbruin. In Boesmanland het ons op verskillende plekke graveerwerk, deur Boesmans uitgevoer, gesien, soos byvoorbeeld langs Vischrivier, by Middel-Hoek-van-Spruit. Die inkrappings op die groot, swart, blink klippe, wat op die ope veld lê, word met 'n harde vuursteen uitgevoer op ewe bekwame wyse as die skilderstukke teen die kranse. Die Boesman skyn 'n beter begrip gehad te hê om iets op sy ware afstand af te teken as baie van die ouere volke.

Wat die Boesmantaal betref, is die taalgeleerdes nog nie daarin geslaag om daarvan 'n skrif te maak nie, of dit met enig ander taal in verband te bring nie. So moet die Boesmantaal as 'n geskenk van God aan die Boesman beskou worde. In die taal word soveel verskillende klanke gehoor, dat die ses-en-twintig letters van ons a, b, c, daarvoor nie voldoende is om al die verskillende klanke na te boots nie. Wel het die Boesmantaal sy invloed hier en daar op die Hotnot-, Korannaen Kaffertaaï laat gelde om die drie verskillende klikklanke daar in te voer.

Sy liggaamsbou is tingerig, maar deur 'n sterke senuweegestel tesame geweef. Hy kan 'n groter afstand met 'n leë maag en 'n dorstige tong afdraf, as miskien enig dier dit kan doen. Sy gelaatskleur is geelagtig; sy swarte hare is kort en skraal en in bondeltjies gekroes.

Sy skedel, of kopbeen is dik en die nate daarvan is so nou inmekaar gegroei, dat 'n naat moeilik te bespeur is. Sy hande en voete is klein en net; sy neus is plat en sy ore klein.

Hul is by uitnemendheid bye-jagters, om byneste op te spoor. Teë die son word die oog met die hand beskerm om die vlug van die by teen die oggend- of agtermiddagson te bespeur. Hy volg die by tot by sy nes, of hy kyk op klippe na die uitwerpsels van bye, wat so groot is as groot speldeknoppe en wat peervormig is - die stomp punt van die uitwerpsel wys die rigting van- die bynes aan.

Om uintjies en veldkos mee uit te grawe, gebruik die Boesman 'n kerie van harde hout, daar hy die kuns van ysterbewerking nog nie verstaan nie. Maar 'n kerie is lig om daarmee gou 'n gat in die harde grond te maak. So neem hy 'n klip van ses duim breedte en vier duim dik. Die klip maak hy platronde soos 'n appel. Reg in die middel maak hy 'n ronde gat van omtrent 'n duim deursnee. Dan druk hy die bo-punt van sy graafstok deur die gat, en nou lyk die graafstok net soos 'n groot knopkerie. Natuurlik, die gewig van die klip gee krag aan die stamp met die kerie, om sodoende die gat te grawe. Maar die wonderlikste is: Waarmee maak die Boesman die gat deur die klip en watter instrumente gebruik hy om die harde klip mee rond te maak?

Uit gebrek aan 'n regeringsvorm, het die Boesman nooit 'n bondgenootskap, of samewerking met enig ander nasie gevorm nie. Dus gaan hy sy eie koers.

Hy het hoegenaamd nie die begrip dat vee uitsluitend aan één persoon kan behoort nie, en redeneer dat as die wild in die veld aan wie wil skiet, behoort, so moet ook die vee die eiendom wees van die wat dit wil vang en doodmaak. Van die sienswyse uitgaande, is hy 'n vermaarde veedief en al wie hom by veediefstal betrap, slaan hom onverhoord dood - dit wil sê, om 'n hoekie; en al wie hy in die hande kry, wat by horn verdag staan, behoef ook nie om genade te smeek nie, want die Boesman (so word gesê) smeek nooit om genade nie. Word dit egter uitgevinde, dat iemand 'n Boesman doodgemaak het, dan word so een deur die polisie in hegtenis geneem en hy moet sy kans in die geregshof staan.

Wat betref die ontwikkeling en die vatbaarheid van die Boesmanverstand, het sommige, wat die taak onderneem het, verklaar dat 'n Boesman heeltemal onvatbaar is om te leer lees en skrywe. Wel, geleerde Boesmans is dan ook so skaars as wors in 'n hondestal.

Ou Samuël se opinie van 'n Boesman is, dat hy geen siel het nie. Waarop Platjie vra: 'Oom sê nou so; hoekom kan 'n Boesman dan spook?'

Maar iemand anders doen die drie vrae: 'Het 'n Boesman 'n taal?' Antwoord: 'Ja.'  
'Maak 'n Boes-

man vuur?' Antwoord: 'Ja.' En 'Hou 'n Boesman honde aan?' Antwoord: 'Ja.' Waarop die persoon die aanmerking maak: 'Nou, noem my 'n dier op, wat 'n bepaalde taal het, wat vuur kan maak en wat honde aanhou.' En laat daarop volg: 'Die naaste diere aan 'n mens is die mens-ape en hulle het geen taal nie, kan nie vuur maak nie en hou geen honed aan nie.'

'n Mooie pret om te sien is om 'n paar Boesmans iets te gee en laat hul hiervoor jou wys hoe hul wild bekrui. Dan kan jy sien wat 'n geofende jagter is - hy seil so plat op die grond as 'n slang en lig nou en dan sy kop op om na die wild te loer - 'n klipsalmander sal dit nie beter doen nie.



**Hoofstuk XI.****Lugverheffings - Solang die fees duur, lag almal, maar by die betaalpart lag niemand meer nie.**

Kalm en rustig werp die goue dageraad sy sombere lig oor die vlaktes van Gwaggas. Weldra verrys die son; maar is van sy oogverblindende ligglorie ontroof - die dig gepakte dampkring het al die sterk uitskietende strale opgesuig. Die son lyk nou so groot as 'n wa se voorwiel (in alledaagse taal). Vroeg laat die sonbesies hulle hoor; die mense voorspel 'n warme dag en spoedig verandering in die weer. Reeds vroeg begin skilderagtige en spookagtige landskappe sigbaar te worde. Dit is lugverheffings, wat in hierdie streke nogal oorvloedig te sien is. Waar kom al die sonbesies vandaan? sou 'n mens vra. Hul skree, of sing, rondom, bo en onder 'n mens en tot binne in sy twee ore.

Dit is die laaste smous-dag van Koos Fonk op Gwaggas. Wie nog iets nodig het, moet hom haas. Koos het dit

goedgevinde om nog iemand by te huur, want Platjie moet wa oppas as Koos wegstap; Samuël moet agter die osse kyk en wa drywe, dus is 'n derde jong nodig om die handelvee aan te jaag. Koos huur toe 'n Grikwa met die naam van Adam Danster, een van Adam Kok (Grikwaland-Oos) se weggelope volk. Ou Danster was net so oorlams as ou Samuël - as Saterdagagaand hom nie inloop nie, haal hy nooit Saterdagagaand nie. Vir werk was ou Adam Danster glad nie bang nie, want hy kan daar ewe gerus by gaan sit, of ewe getroos by gaan lê slaap. Vroeg is hy reeds met die vee vooruit na die volgende handelsplek getrek.

Koos pak nou sy negosiegoed reg in die wa en span in; ou Samuël waai sweep oor en blêr uit:

'Toe, my kalwers, val weg, trek! Daar vóór is net sulke lekker kos!' En gou-gou is die wa oor die plat bult verdwyn. Ou Samuël sit so die omgewing te beskou en sê: 'Ei, kyk hoe gee die wêreld vanoggend weer op.'

Platjie sit hom verwonder, want hy het so iets nog nie gesien nie. 'Oom Samuël, is daardie groot panne regtig water en is daardie goeters regtig bome?' vra Platjie.

'Nee jong, dit spook so hier in die wêreld in die dagtyd, hoe sal dit nie in die nag maak nie?' antwoord Samuël toe sy oë daar vèr oor die vlaktes dwaal.

Selfs Koos, wat baie sulke lugverheffings gesien het,

sit hom verkyk hoe 'n groot pan stadig aan nog groter word, hoe hy weer geleidelik ander vorms aanneem en kleiner word, totdat hy eindelijk heeltemal verdwyn het.

Koos doen nog orals op pad by die uitspanplekke goeie besigheid. Hy volg die rigting na Kenhard, langs die Hartebeestrivier af. So gaan hy aan met smous tot hy eindelijk Vischkuil en Krommaag bereik, waar Boere, sowel as Basters met hulle vee staan. Platjie neul nou die hele dag aan die ore van Koos oor sy ses aanteelbokke, wat hy as huur sal ontvang. Om van die gesanik ontslae te raak, koop Koos die ses bokkies en oorhandig dit aan Platjie. Nou kan jy Platjie hoor spog en vertel wat hy alles gaan maak en breek met die bokkies, hoe hul sal aanteel en hoe gou hy ryk sal wees.

'Al wat jy nou nog makeer, Platjie,' sê Koos Fonk, 'is volstruisvere op jou hoed.' Koos gee hom 'n bossie waardelose vere, wat hy self vir waaiers en stoffers present gekry het. Platjie steek 'n paar daarvan op sy hoed en bewaar die ander asof hul watter kosbaarhede is, om dit later op sy hoed te steek as hy die Boland intrap. Hy verbeel hom nou dat hy self watter groot veeboer is en dat hy die koning se hond se oom is - al kos sy ou bokkies maar vier shillings per stuk. Hy is nou so gelukkig as 'n Turk en so ryk as 'n koning.

Hy het nie so veel van Adam Danster as van ou

Samuël gemaak nie en sing so nou en dan hierdie liedjie vir ou Danster:

Katjie, Katjie Kekkelbek;  
 Hiervandaan na Katrivier,  
 Drink ons nooit g'n water nie,  
 Maar daar drink ons niks as bier.

Waarop ou Adam ewe vererg aanmerk: 'Moenie jong, moenie. Jy is net soos 'n sonbesie, wat nie klaar met sing kan kry nie. Wat al te lank duur, word vervelig. Jy weet Katrivier is my wêreld, waar ek vandaan kom.'

'Waar die skatte vermenigvuldig, daar vermeerder die eters,' was 'n spreuk, wat nou op Koos toepaslik was. Nou dat hy meer vee het, het hy ook meer volk nodig, en meer volk gee meer kwelling. Platjie word nie beter onder die invloed van sy omgewing nie. Ou Samuël en Danster leer hom om oneerlik te handel, om te lieg en om nie oor hulle wanbedrywe te gaan klik nie. Wat Platjie egter te vurig was, het die twee oues, ou Welmoed en Dooiebloed (soos Koos ou Samuël en Danster noem) te min stoom opgehad. Tans is Koos ver onder die bereik van die poliesie uit, so kan hy maar, waar dit nodig word, die aapstert (*sambok*) laat rondswaai.

Toe dit donker word, kom een van die trekboere Koos by sy wa haal om by hom in die matjiesgoedhuis te kom eet - volgens 'n afspraak van die agtermiddag. Voor Koos vertrek, sê hy: 'Platjie, bly nou

hier by die wa, jy sit jou pote nie hiervandaan nie, sodat as ek netnou kom kyk, alles nog in order is.'

'Ja baas,' antwoord Platjie kortaf.

Net na die ete sê Koos aan sy gasheer: 'Kom, ons stap eers wa toe om te gaan kyk of daar nog alles pluis is.'

Hul stap en kom by 'n veewagterspondok verby waarin, binnekant baie gelag en gesels word. Op die puntjies van hulle voete stap hul nader, hul loer en sien daar word geskink en gedrink. Stadig fluister Koos: 'Kom, ons gaan eers by die wa die wêreld beskou; want ek sien al drie my volk hier binne sit.'

Stadig stap hul weg en gaan wa toe. By die wa egter skyn nog alles in orde te wees, maar Koos hou vol: 'Gesteel is die drank, gesteel!'

Hy wapen hom met 'n strop en 'n osriem; hy en sy vrind stap weer terug na die veewagter se pondok toe, waar al die uitsinnige gelag plaas vind. Weer ongemerk bereik hul die plek en by aankoms loer hul deur die skeurtjies.

Ou Samuël staan op met die waterkannetjie amper vol brandewyn in sy een hand, 'n bekertjie in sy ander en hy kondig af: 'Geagte gemeente, hier gaan die eerste gebod van Adam Danster met Katjie Kekkelbek.' Daarop word gelag, geskink, gedrink en geluk gewens. Hierop volg handgeklap en groter gelag sodat die trane uit die oë rol. Eer hul gaan sit, reik almal eers die hand

van gelukwensing aan ou Adam Danster, en wens hom 'al wat wenslik is, tot selfs 'n boggel, wat onmenslik is'.

'Tyd is kosbaar,' staan ou Samuël te preek. 'Netnou is die baas terug en as hy ons looi met die seekoeirib (*sambok*), laat ons dan lekkerlyf wees om die slae nie te voel nie. Kom, hier gaan die tweede gebod van Adam Danster met Katjie Kekkelbek.'

Met die selfde pret word die vrolikheid begroet en het hul al die seremonies weer deur gegaan. Nou was hul al 'n endjie dieper in die wingerd verdwaal.

Koos, wat graag die belaglike sy van 'n saak ook end uit wil volg en sien afspeel, sê: 'Wag, moenie raas nie, laat hul end uit spook - die drank is tog eenmaal gesteel en verlore.'

'Goed,' antwoord die vrind, 'laat ons die end van die Hotnot-pret sien!'

Waarop Koos fluister: 'Ja man, so lank die fees duur, klap hul hande en lag; maar wag as die afrekenpart kom, dan klap die strop en hul lag dan nie meer nie.'

Dit was wrintig soete genot en plesier vir die Hotnots. Hul lag só, by die gedagte van die huwelikvan ou Adam Danster met Katjie Kekkelbek, dat die tranes oor hulle wange rol. Sommige sit oop mond, kop voor die bors, kopskud. Almal is ewe gerus en g'n een kom uit om eers te spioen nie.

Ou Samuël lig hom beswaarlik vir die laaste op en

met 'n slap tong kondig hy af: 'Geagte gemeente, daar 's net genoeg lawaaiwater om die derde gebod van Adam Danster mee te vier....'

Eer Samuël verder kan vorder, spring Koos die pondok binne en roep aan sy vrind: 'Keer by die deur!' Die Hotnots val oormekaar. Koos pak ou Samuël en bind hom aan die paal van die pondok, gryp die strop en sê: 'Gemeente, hier gaan die eerste gebod van Samuël met die strop!'

Vóór die hou val, steek Samuël sy hand op, en roep uit: 'Ek stop hierdie gebode. Ek is teë op die huwelik!'

Koos en sy vrind, wat 'n grap kan staan, lag sonder om te slaan, want hy dink by homself: 'slaan ek die skurke, dan loop hul dalkies weg en gaan my nog boënop by die poliesie aankla, dat ek met drank smokkel.' Tot hulle sê hy: 'Dit is die eerste keer dat ek julle betrap, dat jul my goed steel; maar ek waarsku julle; dit moet nou ook die laaste maal wees, anders sal dit slegter met julle afloop. Hoor julle?'

Die vrind sê aan Koos dat hy sy seun na die wa sa oorstuur om n wakend oog te hou; want die drie skepsels is nou smoordronk en sal na niks omkyk nie.

So gaan hul weer terug na die matjiesgoed-huis.

Na 'n rukkie word die drie skepsels 'n bietjie nugter, maar die seun hou hul daar in orde. Onder mekaar begin hul toe te korswil. Ou Adam Danster het ook

nou stof in sy hand gekry om na die ander twee te gooi: 'Matie,' so begin hy aan Platjie te krap, 'hoe het dit met julle kerkhouery afgeloop? Heeldag is jy mos 'n mannetjie wat jou mond van Katjie Kekkelbek vol het. Vanaand moes die baas vir jou onder die kerkbanke aan die agterpoot kom uitsleep.'

'Ja, maar oom moet darem weet, die baas het die bruidegom ook onder die ou tante se kros moet kom uithaal, en hoe smaak dit vir 'n bruidegom?'

'O, ek wil maar daardie kros geruil het en toe wil ek weet of hy warm genoeg is. Maar bang was ek nie om 'n pak slae te verdra nie.' Daarop kyk hy na Samuël en vra: 'Toe, ou swaer-predikant, jy is mos ook een wat so baie van Katjie Kekkelbek af weet; maar hoekom moes ons ou leraar dan met 'n osriem aan die paal, nes 'n melkkoei, vas gemaak worde? Dit het so hit-tit-tit gegaan of ons ou leraar het sy traktement met die strop agter sy skouerblaaië ontvang.'

'Ja, ou swaer, toe jy jou kop daar onder die kros weggesteek het, laat jy my dink aan 'n volstruis, wat net sy kop agter 'n graspol wegsteek onder die verbeelding dat die mense dan sy lyf ook nie kan sien nie, want jou hele lyf het buitekant die kros uitgestaan, net soos 'n kuiken wat net sy kop onder die vlerk van sy ma ingesteek het.' Hierdie gekorswil het nog vir dae aangegaan tot daar weer iets anders was.



Terug in die matjiesgoed-huis, vertel Koos aan die vrind se vrou watter kaskenades die Hotnots afgespeel het en hoe glad hul daarvan afgekom het.

‘Toe ek voor by die deur van die pondok keer,’ so val die gasheer in die rede, ‘hoor ek net agter hoe hul deurbreek en hoe hul oor die wêreld saai, maar jou volk was nog te onbekend en het dus agtergebly.’

‘Ja,’ vervolg Koos, ‘as my drie volk maar net so fluks by die werk is as hul poliets met hulle mond is, dan sal ek seker baie diens van hulle kan hê.’

‘Og, maar is hul nie geslepe met hulle bekke nie!’ merk die vrind op. ‘Die kettters sal eerste klas vir advokate deug, want hul bly jou g'n woord skuldig nie. Ek het hier 'n ou Boesman, ou Wolf, hy is glad met die mond, maar dan is hy darem fluks by sy werk. Ek sal jou vertel hoe hy die naam van Wolf gekry het,’ so vervolg Koos se gasheer. ‘Eén agtermiddag stap ek met my geweer deur die veld om na siek famielie te gaan kyk. Ek het laat by die sieke gebly en stap terug toe die maan uitkom. Omtrent 'n duisend tree van my veewerf af, hoor ek iets oorkant die rivier grawe. Ek stap stadig soontoe. Naby gekom, sien ek dit is 'n wolf. Ek kon hom mooi teen die maanlig sien staan. Ek suie die korrel van my roer agter sy blad en haak af en keer die ou om. Ek stap nader om te gaan kyk, en hoor iemand kreun. Met rondsoek vind ek dat die

gekreun uit die ertvarkgat kom, wat die wolf besig was om oop te grawe. Ek krap die gat verder oop en vind eers 'n dooie hond en toe die ou Boesman met akelige wonde aan sy kop - hy dra vandag nog die merke daarvan. Op gehoor van die skot, hol van my kinders en volk oor om te kom kyk. Ek laat toe die ou skepsel na my veewerf oordra; ons het hom gedokter deur die wonde met pekelwater te reinig en self aan te smeer. Na enige dae kon die ou skepsel praat; hy vertel dat hy 'n hond by hom had, dat hy 'n springbok geskiet het en net toe hy begin te braai, kom daar twee Hotnots by hom. Die Hotnots wil die bok afneem, hy verset hom, sy hond kom hom help, maar die Hotnots slaan eers sy getroue hond dood, daarop rand hul hom met knopkieries aan, en dis al wat hy tot so ver weet. Wel, wat ek daar gesien het, het die Hotnots stilletjies die ou Boesman vir dood in die ertvarkgat gestop, en daarna sy hond. Gelukkig, die ertvarkgat was groot, sodat hy nie kon versmoor nie, want die Hotnots het die gat voor met klippe en grond toegestop. Die wolf het op die bloedreuk afgekom en het begin grawe om die hond te kom eet en so het die wolf die ou se lewe gered, waarvoor hy egter self sy lewe moes inskiet. Ons het die ou Boesman daarop die naam van Wolf gegee en hy dien ons nog al die tyd trou.'

Hierop is Koos na sy wa terug gegaan en is die ander

dag op reis. Na weke en weke verloop het, breek die tyd aan om Gert Buurman by Kenhard langs Hartebeestrivier te ontmoet. Toe hy daar aankom, was Gert reeds daar, wat sy wa daar op die plek ook vir vee verruil het. Hy het 'n ou lendelam karretjie gehandel om daarmee na Oorlogskloof terug te ry. Die meeste van sy negosiegoed was reeds goed van die hand gesit, want sy slagvee, wat hy ingehandel het, was pragtig en baie. Al die negosiegoed word nou op Koos se wa gepak om daarmee verder af te gaan en smous, totdat hy eindelijk oorkant Grootrivier is, waar daar vry handel in drank, gewere en ammuniesie is. Van hier is Gert met al die vee - ook dit van Koos - weg. Platjie het eers saam met Gert wil gaan; maar met pamperlang het hy besluit om nog maar by Koos te bly.

**Hoofstuk XII.****Mierkatte - Die fees by Gansmond.**

Langs Hartebeestrivier af sit Koos Fonk sy reis voort. Die veld was hier byna mooier as op ander plekke, die rivier het orals water, dus was hier baie trekboere en Basters, sodat Koos net flink kon verkoop en handel. Verder langs die rivier af, ontmoet hy enige springbokjagters, want die veld krioel van bokke, wat van die droër streke om te wei soontoe getrek het. Naby die wa wei 'n klompie bokke. Koos stap ook met sy geweer soontoe. Hy skiet een bok en die ander vlug windop, reguit rivier toe. Toe hul op 'n steil krans vasloop, bly hul bo op daardie krans staan. Een van die jagters, wat te perd was, vat korrel op die voorbok, skiet hom, en dit val die krans af; die ander bokke, wat gewoon is om die voorbok te volg, spring die hoë krans agterna af en geen een van die klompie bokke het daar die dood ontvlug nie. Waar die voorbok heen vlug, daar volg die ander hom blindelings en trou. Dit was 'n hartroerende gesig om die bokke daar op 'n hoop te sien dood lê - bene af, nekke af en sommige leg nog rond

te spartel. Die gewondes word gepak en gou keel afgesny. Dadelik word vir 'n wa gestuur, en intussen is hul begin afslag. Al wat gebruik word, is die boudjies, voorblaai en die dik vleis om biltong van te maak - natuurlik word die velle ook meegeneem. Dit was vir die jagters meteens 'n goeie vangs, want daar bestaan 'n goeie aanvraag vir droë springbokboudjies, voorblaai en biltong. Daar was springbokke oor die ganse veld so ver die oog kan reik. So trag die jagters ook om die bokke te verdrywe, wat anders die veld so verniel en afvreet, dat hulle kuddes gebrek sou moet ly.

Twee springbokklammertjies is lewendig en ongedeerd onder die dooies en gewondes gevind. Dit het hul aan Platjie gegee om aan boerbokke groot te maak.

Een van die gewone skouspelle van Boesmanland is om troppe mierkatjies in die veld te sien wei, of na hulle houtegate sien hol. In die droë kalkknoppe grawe hul hulle woongate. As hul dit verlaat, gaan hul eers voor die gate 'n rukkie in die son regop sit, nes 'n apie, beskou die wêreld rondom hulle en as alles veilig skyn te wees, gaan die vreesagtige diertjie op sy weitog uit. Sy oog bespied nie alleen sy omgewing nie, maar ook wat bo in die lug aangaan; baie keer word hy nog verras deur die neerskiet uit die lug van 'n lammervanger-voël, wat hom dan gryp en met hom wegvlieg om hom op 'n veilige plek te gaan verslinder.

Ook is die Boesman die vernuftigste vyand van die ertmannetjies. Gewaar die Boesman 'n trop mierkatte wei, dan bekruip hy die gate en stop almal toe, behalwe één. Nadat hy dit gedaan het, gee hy effentjies pad om die mierkatte, wat lankal gesien het wat plaas gehad het, 'n kans te gee om na hulle gate vir veiligheid te vlug. In hulle oorhaas om almal by een en dieselfde gat in te storm, verdring hul mekaar om by die enige oop gelate poort in te vlug. Daar pak hul op 'n bondel, en vang en dood die Boesman hul. Sonder die mierkat (of ertmannetjie) af te slag, stop hy dit met huid en haar onder die warm as, om daar murggaar te bak. Daarna haal hy die lekkerny onder die as uit, trek die vel af, haal die ingewande uit, en eet wat daaraan te eet val smakelik op.

Dit is àl te belangryk om die maniere van die diertjies gade te slaan; hoe hul eers ewe versigtig uit die gate hulle koppies steek om te loer of daar niks gevaarliks naby is nie; hoe hul soos apies sit rondkyk en selfs die koppie skeef draai om te bespied of ook alles bo in die lug veilig is; dan ewe skrikrig en vreesagtig die klein kommandotjie vortstap om uintjies, goggatjies, skerpioene te grawe; hoe gou hulle hul op die agterpootjies ophef as daar onraad nader; hoe hul, stert in die lug, reguit terug gate toe vlug; hoe hul weer voor die gate eers op hulle agterpootjies verbou-

ereerd gaan staan om hul nogmaals te oortuig of daar wel of nie gevaar is nie. Is daar wel onraad, dan woerts! aren! binne in die gate.

Saam met die grys mierkatjies, woon nog 'n ander groot swartbont soort, wat bekend staan as die waaierstert-mierkat, weëns hulle pragtige jakhalssterte. Hierdie soort, ofskoon hul saam met die mierkatte in die selfde gate woon, is eintlik geen mierkatte nie, maar 'n ontembare grond-eekhoorn-tjie. Aai, soe! die man kan hom met sy tande dapper teësit as hy in jou hande val.

Hierdie diertjies was vir Platjie tog te mooi en heeldag hou hy by ou Danster en Samuël aan om tog vir hom enetjie te vang. Ou Danster het daarin geslaag om een kleintjie van die grys soort in hande te kry, waarvoor Platjie hom om die hoekie 'n sopie gegee het; want deur Platjie die wa oppas, kan hy die goed almal bereik - tensy dit juis toegesluit is. Die mierkatjie het gou mak geword en soek toe self sy eie kos om die wa, maar kom so af en toe 'n stukkie rou vleis by Platjie bedel.

Die volk het verder daarin geslaag om 'n waaierstert ook te vang, maar dit het Platjie so aan die vingers gebyt, dat jy so nou en dan hoor: 'Waaierstert se kind, soe! Waarom byt jy my so?' Hy het die hokkie van hout, waarin hy opgesluit was, gou tot spaanders gevreet en hy was daarop skoon veld weg, waaroor Platjie nie al te veel getreur het nie.

Wel, met die verder trek het Koos Fonk eindelijk te Gansmond aangekom. Hier was toe baie Boere bymekaar en maar enige Basters. Die kooplus was steeds goed en die besigheid nie slegter nie, want Koos verstaan mos die kuns om vir min negosiegoed baie vee in te handel. Hy besluit hier enige dae oor te staan en dan somaar by die geleentheid sy 36-ste verjaarsdag te vier. Hy vra die vrouens om die maal te berei, hy sal alles, wat daarvir nodig is, verskaf. Hul willig in, Koos is bly en sê daarop: 'Nou, laat ons dit maar lekker hê, ek werk hard genoeg om die arbeid van my hande te geniet.'

Die pluimvee, speenvarkies em lanmers was reeds ingehandel, en wag net die dag van Koos se verjaarsdag af, om die hongerige poorte des doods, of liewers gesê, die snakkende monde, in te gaan. Die oggend van die verjaarsdag het die volk die hoenders, eende, kalkoene en ganse genek. Koos self het die twee speenvarkies gelem, en dit was net moord en brand soos die arme diere om genade smeek. Maar vir hulle was daar geen ontferming nie. In 'n omsientjiesyd was al die goed so skoon as poedelnakende babetjies. Koos stuur die goed, tesame met die meel, eiers en ander materiale na die verskillende vrouens weg om gebraai te worde en om koek van te bak.

Koos maak orals die mense wys dat hy nog jongkêrel is - net om in die goeie grasie van die jong meisies



en hulle moeders te kom. Hy bespreek oom Willem se groot hartbeeshuis om 'n dans in te gee, want hy wil aan die jong mense ook 'n plesiertjie gee, terwyl hy self onder hulle die Katjie van die Baan wil speel. Sodra hy geleentheid daartoe kan vinde, spring hy rond, om gou in persoon te verneem of daar niks kort kom nie; want as daar mag fout kom, wil hy dit nie van sy kant veroorsaak nie. Die maaltyd sal in die aand plaas vinde om nie sy handel daardeur in die dag te benadeel nie.

Die hele dag is hy druk besig om goed te verkoop en na die inhandelvenn te kyk. Maar om 4 uur sit daar eers 'n groot bank mense om die wa en in die skaduwee van die bome - hulle het vir besigheid en om Koos geluk te wens gekom. Die goed lê op bokseile op die grond en wel onder die skaduwee van groot kareebome. Eenkant sit die Blankes, aan die ander kant die Basters. Die Hotnots en Boesmans wag om 'n kans te kry en sit daar onder die lommerryke doringbome 'n vreeslike bombarie op te skop - want hul het ook mos gekom om Seur Koos geluk te wens. Koos, om die rumoer te onderdruk, word aljimmers genoodsaak om 'n paar Engelse woorde in die rigting oor te gooi, waarop net vir 'n rukkie die kop ingetrek word.

Die fees was feitelik reeds aan die gang, want koffie en tee, egte brandewyn en soetwyn (wat vir die verjaarsdag bestem was) doen die ronde - die volk kry

ieder net 'n goeie slukkie Spesiale Mikstuur en dis al. Verder draf die nooientjies rond met die borde vol pannekoek, kosiestertjies, kolwyntjies, soesies, handtertjies, soetkoekies en bankrolle. Later het Koos vir die volk 'n pot stormjaers, of maagbomme deur ou Samuël laat maak.

Koos lyk splinternuut, en voel tot oor sy boordjie in sy noppies, sodat ou Samuël nie kan nalaat om die opmerking te maak nie: 'Ei dan, gee pad voor. My baas se naam is Kosie Wonderbos, waar hy loop daar bars die grond. Kyk dan, hoe vlerksleperig hou hy vandag sy lyf!'

'Dis waar,' sê Platjie, 'die baas het hom in vrindelikheid vanmôre gestewel en gespoor, en hy het sy hare met glimlaggies gekam; maar die skelmstukke sit vuiste dik agter sy ore.'

Koos roep die kinders en sê: 'Dè, hier is vir julle doemela klontjies, peperment en tameletjies!'

Gretig storm die jong geslag hom en in 'n omsientjiestyd is hulle hande en gesigte besmeer met stroop. Die oues weer die kinders weg en sê: 'Loop eet julle bossuiker en dadels daardiekant; want kyk hoe takel jul ons klere vuil!'

Die volk en meide, daar onder die bone, roep weer: 'Toe dan, seur Koos, au dan vir ons weer: ons gelukwense is mos net so goed as al die ander mense syne!'

Waarop Koos aan ieder weer 'n klein pruimpie tabak gee, en weer 'n skrik-makertjie. Daarop begin die lawaai nog erger, sodat Koos verplig is om weer 'n paar dempers in die rigting te gooi om hul die stilswye te laat bewaar.

Die son sak en sink eindelijk agter die gesigseinder om eers die sterretjies en dan die maan in geleentheid te stel om hulle gulle lig te werp oor die hoof van Koos op sy geboortedag. Reeds vroeg in die middag het Koos twee jong seuns bespreek om die aand sy wa te bewaak.

Net toe dit skemer word, begin die maaltyd. Om die Basters nie te verstoot nie, het Koos van die mans gevra om die aand musiek te kom maak, en van die meide om by die tafel te kom help om te bedien. Vir die Hotnots het hy 'n paar ou ooie gekoop om te slag en het hul 'n paar bottels spesiaal aangemaak met net 'n bietjie meer rissies en peper daarby.

Hy het oom Willem en sy vrou, die huisvader en moeder, versoek om bo aan die tafel die voorsitterstoele in te neem, terwyl dit sy verkiesing was om onder aan die tafel, langers die mooiste jongnoui te gaan sit; verder was die gaste mooi om die tafel verdeel.

Toe die mense gehelp is, sê Koos: 'Vrinde, julle sal my groot plesier aandoen as julle baie eet, om die juffroue wat die kos gemaak het, die eer aan te doen hul te laat gevoel, dat hul die ete smaaklik berei het. Vul en ledig julle glasies goed om die bolandse wyn-

boere te laat verstaan dat hul die kuns van drankmaak ken. En my sal jul plesier, want ek het dit met 'n gulle hart gegee om met my fees te vier en om jul saam met my te laat verheug.'

Die gaste het goed na hierdie woorde geluister en hulle goed geweer. Die Hotnots daarbuite word weer so luidrugtig dat Koos nogmaals bomme onder hul moes skiet. Waarop hul uitroep: 'Ons baas, hoor tog! 'n Hotnot kan onmoontlik fees vier sonder lawaai te maak nie. Ons sal liewers 'n bietjie verder gaan sit.'

Toe Koos weer sy sitplek onder aan die tafel lingers sy mooi nooi gaan inneem, sê hy: 'Ja, ons wil 'n witmens se kop op 'n Hotnot se skouers gaan plak, maar ons sal dit nooit reg kry nie. Laat hul maar ook hulle plesier op hulle eie manier neem - hul word tog die hele dag die sambok aangepresenteer.'

Almal is vrolik, lag en gesels. Dis vir Koos waarlik 'n genot om in so 'n plesierige geselskap aan te sit. Amper by die end staan oom Willem ewe eenvoudig op, tik op die tafel, en roep uit: 'Kom vrinde, vul julle glasies om die gesondheid van ons vrind, meneer Koos Fonk, te drink. Ons ken hom almal as 'n eersteklas man, wat met almal ewe vrindelik is,- hetsy ons ryk of arm is. Hy is so knap dat sy knapheid van onder en bo uitsteek. Sy maters is dood en wat nog lewe lê klaar om te sterwe. Maar wat my verwonder,

is dat hy hom nog nie 'n liewe vroultjie aangeskaf het nie. Hy moet net gaan soek en hy sal haar vinde, want sy is reeds gebore.' (Koos klap die mooi nooi lingers hom op die skouer, met die woorde: 'Hoor jy?' Sy bloos, haar ma glimlag). 'Ons wens hom vele, lange, genoeglike, voorspoedige jare toe en ook 'n goeie huisvroultjie.'

Oom Willem bly staan, haal 'n papiertjie uit sy sak en lees dit voor in die eenvoudige sin, waarin dit geskrywe is:

Ons wens jou vele jare  
Met kop vol swarte hare;  
'n Liggaam vol van kragte,  
'n Lewe sonder klagte,  
'n Vrou met vele deugde,  
'n Huis gelaai met vreugde.'

Toe oom Willem gaan sit het, staan Koos Fonk op, en in flinke bewoording bedank hy oom Willem en die gaste. (Hy verberg steeds aan die mense dat hy 'n getroude man en vader van kinders is).

Hy sê: 'As oom Willem kan rym, dan wil ek ook op rym vertel hoe 'n soort vrou ek wil hê:

Nie al te goed, nie al te kwaai,  
Nie al te oud, nie al te fraai,  
Nie al te kort, nie al te lank,  
Nie al te blas, nie al te blank,

Nie al te wild, nie al te mak,  
Nie al te skraal, nie al te sak.  
Vra iemand my: wat is jou sin? -  
Wat my bemin, wat ek bemin.'

Onder handgeklap gaan Koos sit, en spoedig daarna was die maaltyd afgeloop. Dadelik word die goed uit die kamers verwyder. Die musikante gaan op hulle trone sit, en toe die musiek losdraai, gooi dit een dans na die ander oor die vloer, sodat die stof later by vensters en deure uitvlie. So af en toe roep hul uit: 'Laat deurdrif, kindertjies, tot dag toe!'

Die Basters word ook elders goed getrakteer. Die Hotnots buite onder die bome trippel, skoffel en stamp na die geting-tang van die ramkie.

Oor middernag is die pret op 'n stokkie en almal gaan bed soek. Toe Koos by die wa kom, vind hy die seuns nog daar; maar die volk het nooit die trekosse aan die jukke voor sy wa vas gemaak nie.

'Weer 'n splinternuwe peutery,' sê Koos toehy gaan slaap.

### **Hoofstuk XIII. Tys Bokkies.**

Met dagbreek jaag Koos Fonk vir Platjie en Samuël uit hulle warme neste om na die osse, wat hul die aand tevore nie aan die jukke vasgemaak het nie, te gaan soek. Hy voel toe net nukkerig en vertel hul: 'n Mens kan nie 'n bietjie sy rug draai nie of julle verwaarloos julle pligte. Kyk, watter plesier het ek julle gistraand gegee, en kyk nou watter onplesier en verdriet gee julle my nou vanoggend. Kom sê: Is dit reg van julle? As ek nie so verdrietig gevoel nie, dan steek ek julle vanoggend onder die sambok, dat die nerwe van jul vlie en dat jul vir die eerste ag dae nie sal kan sit nie. Toe loop en netnou-netnou moet julle hier met al die osse wees. So nie, dan sal ek op julle asplek vuur maak. Hoor, praat se tyd is nou verby.'

Met 'n skuldige gewete stap die twee weg, met die plan om fluks te wees en netnou met die osse terug te kom. Koos is ook gerus, want sy osse is ook nie plaerig om weg te loop nie.

Terwyl daar soveel kos van die vorige aand se fees

oorgebly het, het oom Willem vir Koos Fonk laat vra om maar die oggend daar by hom in die hartbeeshuis te kom eet. Oom Willem en Koos staan nog te gesels, toe roep die tante al oor die onderdeur om te kom eet. Waarop oom Willem antwoord: 'Wag 'n bietjie my ou vrou, moenie so haastig wees nie. Ek sien daar twee persone in die pad aankom, ons wil eers kyk wie dit is.'

Die ou tante bly ook oor die onderdeur staan en kyk, en meteens begin een van die twee te sing:

Daar onder in die Paddas Vlei  
 Daar het 'n mooie meisie gebly;  
 Daar het ek rondgery,  
 Gesweer om haar te kry.  
 Alexander Klipsalmander,  
 Tys, Tys die Bokkies!

Die tante roep toe weer: 'Og, kom eet maar, dit is net die ou spektakel van 'n Tys Bokkies met al sy pamperlangstreke.'

Daarop sê oom Willem: 'Nou kom, neefs, laat ons maar loop, want julle weet dis maar die siekte van die vroumense oor die hele wêreld: as die kos koud word, dan word die vrou warm.'

Tys Bokkies was een van die Hotnots, wat ook nie veel van werk gehou het nie. Hy was ook een van die soort, wat nooit vir werk skrikkerig gevoel het nie; daarom kon hy so gemaklik by die werk gaan sit dagga



rook en dan hom skuins op sy sy neertrek om te gaan slaap. Sy gewoonte was om nie langer as twee of drie dae op een plaas te bly nie en raak dan daar somaar nes 'n groot speld weg. Hy gaan vanself kastag saam by die ander volk werk, net vir kos, drank, tabak en 'n stuk ou klere. So is dit nie ongewoon nie om ou Tys Bokkies met 'n afgedraagde broek, 'n manel, wat 'n groen skyn kry, 'n verslyte swart pluishoed en 'n paar kapstewels, wat net kan kraak, te sien rondstap. Het hy 'n stuk klere gekry, dan is hy daarmee nie tevrede nie, maar bly in die deur staan en gaan daar nie weg alvorens hy sy sopie gekry het nie. Ja, dan eers stap hy werk toe. Maar in plaas om die werk te bevorder, hou hy met sy kakkerlakstreke die volk nog meer daarvan af. Hy sit dan nie sy hand aan die werk nie, voordat die baas hom onder die kluite gestee het. Niemand egter het daar iets kwaads van gedink nie; want almal het ou Tys Bokkies geken, en geweet dat jy van 'n aap nie 'n sedige mens kan maak nie.

Pas het oom Willem met sy lang tafelgebed begin, of daar klink en dreun dit voor die voordeur soos ou Tys gesels. Hy draai getroos die bo-deur onder die gebed oop, steek sy ou bossiekop oor die onderdeur en blêr hardop uit: 'Môre baas, môre nooi. Hoe gaan dit met julle Duisvolk hier op Gansmond?'

Toe oom Willem 'Amen' sê, roep die ounooi uit:

‘Kyk, Tys, loop agter om, of ek klap die voordeur in jou bek toe.’

‘Ja, ek sal loop, maar julle kan tog darem eers vir 'n mens môre sê en vra: Hoe gaan dit?’

‘Nou ja, môre ou Tys; dit gaan hier nog alles goed, hoe gaan dit met jou?’ sê oom Willem.

‘Met my gaan dit soos 'n halwe hond - op twee bene.’ Daarop trek hy die bo-deur toe en stap om kombuis toe. Onderwyl sit die geselskap oor ou Tys se apestreke te lag.

Terwyl hul nog van hom sit te gesels, steek hy weer sy peperkorreltjie kop by die middeldeur in en roep uit: ‘Arrie, julle Duisvolk eet lekker speenvark en hoenders, en wat kry ou Tys dan?’

Die ounooi sê: ‘Jy kan die vark se neus en stert kry,’ waarop ou Tys antwoord: ‘Dis ook goed, want ek word mos altyd afgeskeep.’

Na die ete stap die mans smouswa toe. Ou Tys was gou by en gaan met sy blikskottel vol beentjies, wat die ounooi hom gegee het by die voorwiel van die wa sit, en kou een vir een beentjie af net soos 'n bobejaan dit sou doen.

Nie te lank het hy aan die beentjies sit kou nie of hy skree: ‘Toe, smous, het jy nie 'n bietjie lawaaiwater nie? Gooi jy dan nie eers 'n mens se lewer 'n bietjie nat nie?’

‘Nee ou Tys, jy kan maar gaan water drink om jou lewer mee nat te spat,’ sê Koos Fonk.

‘Nee, bog! Ek wil van die water drink, waarin nie paddatjies hou nie,’ werp ou Tys teë.

‘Nou goed, Tys, ek sal jou gee, mits jy vertel ons eers waar jy nou vandaan kom en wat jy daar gedoen het.’

Toe ou Tys dit hoor, gaan sy tong los en die ou vertel net mooi: ‘Ek kom nou van ou Alexander Klipsalmander af, van Drink-my-droog. Dan roep hul die plek nog Paddasvlei, net glo omdat daar g'n water of melk is nie - wat nog eers van 'n hartversterkertjie te praat! Ek vry mos na die ou se dogter. Arrie, dis rê-rê 'n agtermakwarie jong meid. Maar daardie lamlendige ou jong, ou Adam Kwartel, pla vir my net baie daar. Hy hou hom mos ook verspot wollerig om agter my hartlam aan te snuffel. Maar ek is vanself 'n rappad Hotnot en gou-gou sal ek hom snuif in sy oë blaas. As hy met my te doen kry, sal hy moet weet met watter uithaler oom Jannie hy te doen het. Die ou is so doof as 'n kwartel; as ek en die kleinmeid lekker wil gesels, prop die ou sy wolkop tussen ons gesigte in, net om af te luister wat ons gesels. Nou, oubaas, op hierdie manier word my plesier mos die stert afgekap. Ek is self 'n verkeerde harslag, maar wie wil nou so onbeskof wees om voor 'n kleinmeid

spektakels en struwelings te soek om by haar in die vaalwater te kom? Maar ek speel aap-aap met hom; want ek sit hom vertoorn en hy sit dan lelike bakkiese te trek. Dan sit die ou gevaarlik diep te dink, maar van daardie diepdink het nog niks gekom nie. Die ou raak dan so bevoeterd, dat hy die twak in sy vuurhoutdosie stop en dwing dan om dit met sy pyp aan brand te steek. Dis almal ergernis, wat ek hom aandoen; want ek is 'n doring om te vertoring. Hy, wat Adamgoed is, sal ook nie verder met die uitspook van die ja-woord vorder nie as 'n vlieg, wat vas in die stroop sit sukkel. Hy is, by my siks, tog te veel van 'n lelikerd, want as hy in die porseleinkas inloer, vlug die breekgoed vir hom, dat die spaners waai. Maar wag, as ek rê-rê my vere gaan reg skud, dan sal hy druiptert moet hakskeen wys. Ei, ek is mos self 'n agtermakwarie Hotnot, wat nie nodig het om my hoed vir enig een in die oë te trek nie. En dan sal die ou self moet erken dat daar moesoek bo moesoek, en rissies bo peper is. Gou-gou sal ek hom bo op die stofrakke bêre en dan is dit neusie-verby met hom. Kyk, oubaas, jy hoor ek praat die hele saak net kaal - net soos hy is - sonder om daar doekies om te draai. Laat hy dan vanself kenta word en met die ding uitskei. Ek is mos Alkiester Alkaster: waar ek vat, daar buig dit, en waar ek trap daar dreun dit! Ek is die laaste persoon om vir myself

blink te wil maak deur 'n ander met potswartsel onderdeur te spring. Nee, my oubaas, daarvoor is my bloed nog baie jong en te trots. Net soos ek lekker agter die kleinmeid se blad sit, kom die ou peuter, en wie kan nou só lekker gesels? Ek sê, hy moet tru staan, maar hy verseg dit en bly ons met sy uil-oë aankyk. Maar, my basies, 'n meisiemens het mos baie planne; sy roep hom opsy en vertel hom dat sy lekker met hom wil gesels, maar vanaand is daar nie kans nie, hy moet maar môreaand kom. Die ou is kapawel dom genoeg om dit alles vir heuning op te eet en hy staan oeit huis toe. Toe kan ek eers lekker my slag slaan. Net so gou as jy sê: mes, sit ek buite teen die pondok agter die kleinmeid se blad. Maar dit is vervlaks net verniet, dat die kleinmeid wil toelaat dat ek my hand om haar nek mag sit om haar te soen. Sy boener my aljimmers met haar ellemboog weg. Al die tyd lê ou Alexander en ou Saartjie in die pondok ons afluister. Naderhand, toe die ou my gesoebat nie meer kan aanhoor nie, skree hy van binne af: 'Fytjie my kind, moenie jou so iesiggrimmig nes 'n broeis hen hou nie! Sal jy stil sit, dat Tys aan jou kan vat en vir jou soen! Wie het jou so onordentelik geleer?' Nou kan jul self hoor dat die ouvolk op my hand is. Daarop het alles toe orrelstryk gegaan. Toe vat ek my kans om die raakwoord te stoot, waarop ek die ja-woord terug ontvang. Toe kom, nou

moet ons eers die kleinmeid se gesondheid drink. Toe, toe, skink sonder verder praatjies te maak.'

'Dis goed, ou Tys,' sê Koos Fonk. 'Ons sal eers jou gesondheid drink, want jy het dit eerlik verdien; maar voor ons die kleinmeid se gesondheid drink, moet jy ons vertel hoe jy haar gevra het.'

'Nee, nee. Moenie so baie praatjies hê nie. Van al die uitvra is die tronke vol. Skink, laat ek drink!' Daarop kry hy sy snaps en toe word die ou eers spraaksaam en vertel:

'Ag my liefste Fytjie, ek is 'n jonkman van plesier, en te danig aanskouelik in jou oë. Nou met alle eerbiedigheid en voortreflikheid verklaar ek - net soos ek voor jou staan - dat my liefde vir jou eers tussen die klofies en rantjies van my hart vasgekeer was; maar nou dwaal dit manmoedig op die oop vlaktes van my hart, die liefde vra net: waar is Fytjie Alexanderse. Met alle beskeidenheid, slaan my hand tog nie af nie. Ag, hartlam, praat gou want ek woon ver. - Toe sy so haar ken op haar bors laat val, gaan ek my vlak voor haar presenteer. Ek gooi die hot voet voor, buig my en vat met my regterhand aan my bokbaardjie en praat ewe verlief weer: Nogmaals met alle ordentelikheid en fatsoenlikheid, seg my of ek vanaand te wete mag kom of ek die naaste aan jou hand vir 'n huwelik staan. Jy weet, Fytjie, my hartlam, my hart klop vir

jou nes 'n nat lap. Nogmaals, praat gou, want ek voel moedersiel alleen in die wêreld!  
- Sy sug, tel haar kop op, staan op, vat my om die nek, soen my en sy sê: Tys, jy weet ek het jou lief, my hart roer vir jou soos 'n skaaplammetjie sy stertjie.'

Koos merk op: 'Ou Tys, moet jy dan so 'n lange predekasie maak om 'n kleinmeid te vra?'

Waarop Tys antwoord: 'Aai, seurtjie, dis nie somaar hiernatoe se dinge daardie, om 'n kleinmeid te vra nie - dis nie 'n sopie of twak bedel nie. Nee, dit gaan so by die dood af. Dis makliker om 'n springbesie aan sy agterpoot te vang as om die jawoord uit 'n kleinmeid te kry. Ek het net my teks agtermekaar moet sit en toe leer, eer ek kan vra, want 'n kleinmeid vang mos al jou vra-woorde op, wat haar gemoeds-are toegedruk het. - Maar kyk, nou het ek my gesondheid gedrink en nou moet ek weer my Fytjie se gesondheid drink. Kom, kom, waarom laat jul 'n mens so baie aan julle vir 'n sopie lek?'

Waarop oom Willem tussenin kom: 'Nee, wag net 'n bietjie, jy het netnou 'n flukse snaps gehad, vertel eers vir baas Koos hoe jy aan die naam van Bokkies gekom het.'

'Arrie! begin oubaas alweer! Nou ja, laat ek maar vertel, want ek is mos van altyd af die uil van hierdie plaas gewees.'

'Nou toe dan, ou Tys,' sê Koos Fonk, wat al die

tyd met die karba asyn in die hand staan. 'Kom, vertel mooi, dan kry jy hierdie slag net 'n groot dop wyn.'

Daarop val ou Tys weg: 'Julle Duisvolk wil mos altyd met ons Hotnots jil en die spot drywe. Nou ja, ek sal jul die ding net kaal vertel. Ek was één aand met die volk op die Calvinia dorp, en na ons baie aan die druiwestok gemelk het, hou die volk by my aan dat ek eers soos 'n haan moet kraai. Al die hoenders in die dorp begin saam te kraai. Daarop dwing hul weer dat ek nes 'n bok moet blêr. Al wat van hierdie ding geworde het, is dat die bokke nie wil saam blêr nie en toe ek my kom kry, stap die konstawel met my baadjie se kraag in sy hand en lei my tronk toe. Van daardie tyd af roep hul my Tys Bokkies.'

Koos Fonk gee die ou toe 'n beker vol asyn. Al die bystaanders maak hul klaar om nou lekker te lag, maar ou Tys drink dit uit sonder 'n mond te trek.

Koos Fonk vra: 'Wel, ou Tys, hoes maak die wyn vir jou?'

Ewe stemmig antwoord hy: 'Maar seur, ek sou darem sê dat die wyn so 'n klein krakie weg het.'

Daarop sê oom Willem: 'Nou toe, nou het jy al genoeg slim praatjies verkoop, nou kan jy die klein-baas en die volk gaan help om die lammers te merk, daar by die skeerhok in die kraal. Of het daar 'n misdruk



in jou tien gebode gekom om net ses dae te rus en een dag te werk?’

‘O so, dan wil jul my nog meer werk gee as ek reeds gedoen het: al die kraalheinings op Gansmond het ek gepak en daarvoor moes ek amper al die doringbome afkap. Al die bogkinders het voor my groot geword, ek moes hul oppas, en nou is daar soveel meer om my rond te jaag, ek sal maar my mond hou en loop.’

Woerts! spring hy daarop reguit skeerhok toe. Die eerste die beste smyt hy die hek oop, die skape hol uit en toe moet jy sy bek hoor, hoe hy die mense en volk nes watter kaptein staan rondorder om gou-gou die skape weer kraal toe te keer.

**Hoofstuk XIV.****Wat die fees by Gansmond gekos het.**

Nog staan die mense met Tys Bokkies te jil, toe kom Platjie en Samuël van hulle soektog na Koos se osse terug - hulle was moeg en dorstig.

‘Waar is die osse?’ bulder Koos uit, ‘julle het seker net by die eerste die beste bos gaan lê slaap in plaas om na die osse te soek! Kom vertel my nou op die daad, waar is die osse?’

In sy broek geknyp en met 'n hees stem antwoord Platjie: ‘Baas, ons het nie geslaap nie; maar al die tyd geloop. Ons het die spore van die osse gekry en dit vir 'n lange end gevolg, maar ons vind ook die spore van vier Boesmans, wat die osse aangejaag het. Ons het nog 'n end geloop, maar het gou terug gekom om dit vir baas te vertel.’

‘Nou, mooier wil ek dit wrintig nie hê nie! Osse weg - Boesmans het hul gesteel. Toe, vat die roers, gaan skiet die Boesmans en bring die osse vir my hier!’ roep Koos moedeloos uit. ‘n Mens kan nie eers 'n

bietjie plesier hê nie, of hy kry daarop ergernis. Aai, julle maak die wêreld bitter vir my.'

Hierdie gerug het soos 'n vuur deur die gras versprei en almal - Boere sowel as Basters - voel jammer vir Koos; maar ou Tys Bokkies uit die staanspoor sê: 'Ek gaan geen Boesmans soek nie, want ek het geen Boesmans verloor nie.'

Ag man bied hulle dienste aan om Koos Fonk gewapend te vergesel en te trag die osse uit die hande van die Boesmans te red. Koos huur nog vier Hotnots om die twee beesvel-skilde te dra. So 'n skild word van 'n hele beesvel gemaak. Aan weersye word twee paaltjies bevestig om dit stewigheid te gee en om die skilde daaraan te dra. Die pyl van 'n Boesman is nie in staat om deur 'n droë harde beesvel te dring nie - behalwe miskien pyle, wat 'n skerp beenpunt besit, maar sulke pyle is gewoonlik nie vergiftig nie.

Daar is geen tyd om te verloor nie - die ryperde word dadelik uit die veld gehaal. Gelukkig het hul geweet waar nog 'n derde skildvel te kry is en dadelik word daarvoor gestuur. In die skilde is langwerpige regop skietgate gesny, sodat die tromp van die roer daardeur kan gesteek word en sodat daar nog genoeg opening bo bly om korrel deur te vat. Verder word vir die nodige verpleging gesorg ingeval iemand deur 'n gifpyl mag getref worde.

Omtrent twaalfuur vertrek die 15 manskappe - die Boere en Basters ry te perd en die Hotnots slaan voet. Oom Willem word tot kommandant gekies, omdat hy dapper is en kan in die grootste gevaar sy hoof koel hou; hy het ook die manier om Boesmans te beveg grondig en uitstekend verstaan. Platjie en Samuël moet ook mee om die spore en koers te gaan aanwys. Hul vertrek op 'n drafstap, want hul was oortuig dat die Boesmans nie sal rus alvorens hul die oorkant van die rantjies gehaal het nie.

Oom Willem spoor hul tot spoed aan en sê: 'Burgers, ons moet aandruk om vroeg vanaand terug te kan wees; want as ons nie al die Boesmans in hande kry nie, kan dit wel maklik gebeur dat die Boesmans, wat vry bly, ons in die donker agtervolg om gifpyle deur ons lyf te jaag. Ons moet almal vang.'

'Wat praat oom Willem nog om die Boesmans te vang! Ons moet sonder pardon die gediertes somaar uit die staanspoor die blou boontjies oplê en hul voor die voet weg maai,' sê neef Hans, wat meer kan praat as wat hy hart voor besit om dit te doen.

'Ja, neef Hans, windmaak en klere uitwas is twee aparte dinge. Ons sal wag om te sien wat die tyd ons sal leer,' merk oom Willem ewe kalm op.

Vooruit loop Samuël en Platjie om die spore te wys, dan volg die perderuiters, en dan die Hotnots, wat

die goed dra. Intussen word baie verhaaltjies van Boesman-kommandos vertel.

Platjie hoor al die staaltjies met gespanne aandag aan en sy moet verlaat hom, sodat hy in ou Samuël se ore fluister: 'Oom, hoor wat vertel hul alles daar, ek word nou regtig bang; my hart het al tot in my veldskoene gesak.' Daarop stel hy hom mank aan en hoe verder hy loop, hoe manker hou hy hom.

Koos vra: 'Platjie, wat makeer jou?'

'Baas, 'n doring het my gesteek, en ek kan hom nie uitkry nie,' antwoord hy ewe beteuterd.

'Wel Platjie, as jy nie verder kan loop nie, moet jy maar hier tot middernag wag - dalkies vang jy nog die Boesmans wat terug vlug.' Koos klim van sy perd af en sê: 'Platjie, kom hier, laat ek sien waar die doring sit.'

Platjie trek sy veldskoene uit en wys kamma die plek aan. Koos stryk sy skerp knipmes onder sy veldskoensool en begin aan Platjie se voetvel te skil. Platjie gril en spring gesond op en stap so reg as kom kan.

'A,' sê Koos, 'dis neusie verby met jou. Jy het gedink om perd te ry, nè? Maar dit sal jou en Samuël in vervolgt leer om beter agter julle werk te kyk eer jul fees gaan vier.'

Steeds gaan hul op 'n drafstap voort en kom so by 'n os uit, wat die Boesmans met 'n gifpyl doodgeskiet

het. Toe Koos dit sien, sê hy: 'Daar het jy dit - die eerste part van die feesrekening van gistraand.' Hy bekyk die os en sê: 'Dis die os, wat die pote van seer was. Die arme ding het glo nie verder gekan nie. So het hul hom die lewe nie verder gegun nie. Die ding sal nog verder uitdraai op 'n droefheid op note.'

Oom Willem merk op: 'Omdat die os se pote seer gewees het, kon hy gewis nie gou genoeg na die Boesmans hulle sin draf nie. Liewers om hom lewendig vir sy baas agter te laat staan, het die ellendeling die arme dier dood geskiet, want hul gun 'n ander mens mos niks nie.'

Aan die os het hul nie veel gedoen nie, as net om die tong, lewer en van die binnegoed te braai; want hul was miskien haastig en het hul nie veel tyd gegun om hulle honger te stil nie.

'Al moet ons die volk 'n bietjie aandruk. waardeur ons hul 'n bietjie sal moor, dan is ons vroeg by die Boesmans om hul vas te keer en dan die osse af te neem; so nie, dan kan dit gebeur dat die lamme pakkasie ons nog sal agtervolg en seer maak,' sê oom Willem.

Waarop Koos sê: 'Ek het vir die volk en vir ons 'n bietjie versterkdruppels saamgebring en dit sal hul aanspoor om 'n bietjie vermoeienis te kan verduur.'

Weer sê neef Hans: 'Og wat, laat ons hul somaar vaskeer en op die plek doodskiet, dan kan ons mos op

ons tyd vroeg terug keer.' Maar grootpraat, lyf wegsteek en toesien dat sy maters self vir hul uit die gevaar red, is mos altyd die ou neef se voorland gewees.

Omtrent twee-uur kom die kommandotjie by 'n koppie aan, alwaar daar 'n kolk met water is. Die dagis warm en soel, die muggies en blinde vlieë is lastig.

'Hier moet ons afsaal, die perde laat rol en water drink,' sê oom Willem. Koos deel nou uit iets te drinke om die mense en volk te verkwik. Daarop stap die helfte van die manskappe die koppie uit, terwyl die ander op order van oom Willem by die saals en perde bly.

Neef Hans, wat nie van die dapperste is nie, was een wat by die perde gebly het. Hy begin Platjie te pla deur te sê: 'Platjie, bewe jou broekspypies nog nie? jong, hoe lyk die wêreld vandag vir jou; dink jy om ooit weer die Boland te sien? Vandag sal jy jou lyf smal moet hou, anders dril die Boesmans se gifpyle deur jou tabernakel. Ei, en dan kan die ou nasie so fyn as 'n bobekaan met hulle klein ogies sien om netjies korrel te vat.'

Met 'n senuweeagtige gelaatstrek kyk Platjie eers ander pad, waarop hy 'n sware sug slaak. 'Vandag gaan ek my lyf bêre, want ek is liewers bang Platjie as oorlede Platjie. Onder die kooi ingekruip, is ek nog baas; maar onder die kooi uit, is 'n ander oor my baas.'

'Jy is heeltemal reg, Platjie,' fluister Hans sag-

gies aan Platjie en hy hou op met sy gekorswil.

Die manskappe bo-op die koppie sit die wêreld met 'n verkykertjie te spioneer: ver teen 'n rantjie sien hul 'n rook uitslaan, en hul kan osse aan die voet van die rant beken. Dadelik kom hul terug, saal op en ry vort. Omtrent drieuur was hul by die plek; op veilige afstand klim hul van die perde af en bind die teuels aanmekaar. Oom Willem gee orders aan Samuël en Platjie om met die base die perde te bewaak, en skilder hul die dood voor die oë as hul één perd durf laat weghol. Verder het hul die plek goed verken. Hul ken die rantjie en weet van al die gate, wat in die kranse is; maar die gate is nou toe verskans. Oom Willem order dat die drie skilde - een voor en een aan ieder sy - dig om die mense moet gehou worde. Deur die skietgate kyk oom Willem met 'n paar man rond, om te sien van watter kant die pyle teë die son trek.

'Let op die groot spelonk, en laat ander weer na die sye kyk,' is oom Willem se orders.

Stadig beweeg die paar man in die beweegbare fortjie na die rantjie en toe oom Willem reken dat hul onder pylskot is, gee hy order om te stop. Hy laat die mense twee hoede op stokke bo oor die skilde uitsteek, kastag asof dit twee man is, wat loer. Dit word so behendig deur aanwysing van oom Willem uitgevoer, dat die Boesmans vir geen oomblik twyfel nie dat dit werklik



twee persone is wat oor die skilde loer. Hier kom die eerste pyl en volg een na die ander as voëlskote. Na 'n rukkie sê oom Willem: 'Nou weet ek voorseker, dat drie Boesmans in die groot grot verskans lê. Pas op vir die vierde man, let op hom. Tekens word gegee om sy skote uit te lok, en nie te lank nie of hier kom die eerste pyl van die linkerkant van 'n klein grot af.

'Toe, laat ons nou met ons skilde retireer en ons buiten pylskot afstand plaas,' is die besadigde orders van oom Willem.

Op veilige afstand roep oom Willem al sy manskappe bymekaar en gee orders: 'Kyk, burgers, die son sak en ons moet haastig speel. Ek is seker dat hier nie meer Boesmans is as die vier nie, wat die osse aangejaag het en waarvan ons die spore gevolg het. Ek sal my rede daarvoor aan julle verklaar. Daar staan nog al die nege osse; die vleis wat hul hier weer gebraai het, is wat hul saam gebring het van die os, wat hul daar agter doodgeskiet het. Hiernaby is g'n water nie; dus sal hul die osse, wat hul kan aanjaag nie hier kom slag nie; maar wel daar agter tussen die dik bosse, waar hulle meide en kinders is en waar daar g'n trek mense naby is nie. Daar is mos water in oorvloed.

'Ons kan hierdie vier Boesmans makkelik vang, of doodskiet - want hul het ons die eerste aangeval - sonder dat ons nodig het om baie kruit en skiet-

goed op te mors. Kyk, Daantjie, Hendrik en Berend, op julle kan ek reken; gaan met twee skilde en die vier Hotnots om julle te help. Loop om die punt van daardie rantjie. Jul sal altyd onder pylskot uit wees, maar handel versigtig. Maak dan 'n goeie klomp brandhout by die agterkant van die krans bymekaar. Loop agter die twee skilde aan en stort die brandhout oor die krans voor die spelonk neer, wat die drie Boesmans in sit. Die Boesmans kan jul nie uit daardie grot skiet nie, want die bopunt van die krans skiet ver vooruit. Intussen pas op vir pyle uit die sygrot waarin die een Boesman sit. Julle sien self hy is 'n goeie skut, want sy pyle tref ieder skoot die uitgesteekte hoede. So lang jul besig is om hout voor die spelonk af te stort, sal ons 'n gereelde bombardement op die twee gate rig om hul daarin te bedwing. Voor die groot spelonk brand reeds hulle eie vuur; die brandhout sal dan vanself vuur vat. Ons sal ons egter so nou aan die wet hou as in ons vermoë, en sal deur die volk in Boesmantaal laat uitroep dat die Boesmans moet uitkom en oorgee. Ek sal met die ander manskappe hier intussen bly staan om van hier op die gate te skiet. Toe, loop en maak net soos ek jul order. Laat daar g'n fout kom nie.'

Daarop stap die drie man en vier Hotnots met die twee skilde weg en oom Willem laat aan die vier Boesmans uitroep om oor te gee.

Maar hul weier en roep uit: 'Julle moet self kom om ons hier uit die gate uit te haal!'

Dit het nie lank geneem nie, of die brand en rook van die vuur knel die drie Boesmans binne in die groot spelonk; onderwyl word 'n gereelde bombardement op die gate onderhou. Weer word uitgeroep tot oorgawe; maar net verniet en so is die drie Boesmans deur die koeëlskote omgekom en alles was daar stilveld.

Intussen het die sewe manskappe van die rantjie terug gekom. Nou word die aandag tot die een Boesman in die sypelonk aan die linkerkant bepaal. Daar was geen kans om hom uit te rook nie. Oom Willem vat 'n paar van sy vertroubaarste manskappe. Ingesluit tussen die skilde, nader hul tot na aan die grot. Die twee ou olifantroers spuug hande vol lopers in die skietgat van die skans; maar wat nie oorgee nie, is die Boesman. Hy het sy man tot die end bly staan en toe sy pyleskat uitgeput is, toe eers roep hy uit dat hy sal oorgee, mits sy lewe gespaar word - iets wat nie aldag van 'n Boesman kan verwag word nie. Maar hy is 'n bekende Boesman gewees, met die naam van Bamboes, en hy het op sy manier goed Hollands kan praat. Deur die boogsnaar was reeds die vleis van sy duim en voorvinger afgeskeur.

Toe sy versoek ingewillig word, en na hy gelas word ongewapend te voorskyn te kom, kruip hy uit die grot,

en word gebinde met arms agter die rug en 'n riem om die nek, en word voor die perd uitgedrywe.

Daarop word vir die terugtog gereed gemaak. Maar waar is neef Hans? Hy word, kop vorentoe, in 'n ertvarkgat gevind, en vertel dat hy gedink het dat 'n Boesman daarin gevlug het. Hy het agterna gekruip en toe bly vas sit.

Platjie was ook baie weg; opgeroep, kom hy agter groot klippe uit en weet te vertel dat hy terug kom na hy agter 'n Boesman aan gehol het. Die kommandojtie kom moeg, maar in welstand die aand donker tuis met 8 uit die 10 osse van Koos; want één is ook deur die Boesmans voor die gate in die geveg doodgeskiet.

Bamboes word vasgemaak en opgesluit. Die vraag die ander dag was, wat met hom te doen. Want hy is 'n held.

'Wag, ek het hier 'n steekse perd, wat die kuns van spring goed verstaan, laat ons die Boesman daarop plaas om die perd in te breek.'

Die perd word gehaal en binne in die kraal gelei. Die ou Boesman word bloots bo-op die perd geplaas. Die perd plant kop tussen die bene en probeer die wolke daarbo raak te skop. Dan staan hy weer soos 'n mens op sy agterbene regop. Hy rol en skuur teen die boomstamme; maar wat bly sit, is ou Bamboes.

'Mattie! Maar kan so 'n perd nie spring nie!' sê een.

'Wag, Bamboes sal hom inbreek; keer net! dat die perd nie oor die kraalheining uitspring nie!' roep oom Willem.

Toe die perd hom uitgespook het, gee Bamboes die perd volle teuels, wips! glip hy oor die heining, daar trek Kolbooï en Bamboes en is tot vandag toe nog baie weg.

## **Hoofstuk XV.**

### **Buk-en-kruip-in, of Kopstamp-en-eina-sê.**

Omtrent brekfistyd was die twee geleende osse daar. Die Boesmans het twee van Koos se osse die vorige dag doodgskiet, nou kom hy twee in sy span kort, en hy het nie genoeg kontant om twee ander osse te koop nie, aangesien hy al sy negosiegoed vir skape en bokke verhandel het. Hy sal egter na twee weke die twee osse terug lewer, of die geld daarvoor stuur.

Na hy van sy vrinde op Gansmond afskeid geneem het, waai ou Samuël die sweep oor, en klap ewe parmantig kwa-ba! kwa-ba! met die voorslag, en daar rittel die wiele van Koos Fonk se wa vort. Langs Hartebeestrivier af sit Koos sy smousery voort tot hy eindelijk by 'n seker bekende plek kom, waar meestal Grikwas met hulle vee staan.

Onder die groen bome span hy uit. Toe hy die laaste os uitgespan en die agterjuk voor die disselboom staan gemaak het, kom twee Grikwas aan. Die een met name Tomas Verhef weet goed wie Koos Fonk is, en Koos wederkerig weet ewe goed wie Tomas Verhef is. Ver

vandaan roep Tomas uit: 'Môre, meneer Fonk! A, hier is my ou vrind weer in ons midde terug!'

'Môres, môres,' sê Koos toe hy blad stoot en altwee die hande hartelik druk.

'Dis ons lerart, Kleopas Kipie, hierdie - hy kom vir ons preek en hou gereëld orals dienste,' sê Tomas.

'A so, Eerwaarde,' sê Koos, 'bly om jou kennis te maak. Kom sit, sit, hier is veldstoeltjies.'

Die twee neem sitplaas terwyl Koos nog hieraan en daaraan rond vat. Maar al die tyd bly sy oë op die Eerwaarde, wat net 'n wonderlike figuur slaan. Hy het twee groot bont lappe gehad op die knieë van sy swart broek. Ook was die ellemoë van sy groen manel eweso versier. Die swart keil was as 'n blom van die veld, na ryp worde, van sy skoonheid ontroof, terwyl die bont geruit onderbaadjie tot hoog onder sy keel toegeknoop was met knope van allerlei grootte en kleur, net so in die volle smaak van die Grikwas.

Tomas Verhef was 'n geslepe onderduimse vent. Hy wil graag hoë woorde gebruik, maar breek te dikwels sy hoogvliënde wieke, en val perdoems! op die grond. En al help 'n mens hom met sy verkeerde uitspraak reg, dan nog spartel hy rond met sy afgekapte vlerke.

Koos Fonk kom sit en weet hoe met Tomas rond te spring; want om in Tomas se goeie boekies te kom,

prys hom maar. Hy is met 'n blanke vrou, Rosa Kulm getroud. Die arme meisie se ouers het uit anderland vir 'n landreis deur Suidafrika rondgetrek. Ongelukkig sterf haar ouers in die onbeskaafde deel en so is sy deur die Grikwas opgeneem; hul het haar na hulle beste vermoë opgevoed en later is sy met Tomas getroud. Daarom het sy vrinde hom Tomas Verhef genoem, omdat hy hom bo sy stand verhef het.

'Het jy 'n groot gemeente?' vra Koos aan Kleopas Kipie.

Nog voor Kleopas antwoord kan gee, val Tomas in die rede: 'Nee, ons lerart is maar 'n reisende pistool.'

'Jy meen 'n reisende pastoor,' verbeter Koos hom

'Ag kyk, hoe verspreek ek my!' sê Tomas, toe hy sy hand voor sy mond plaas.

'Ja, ja, hy besoek so orals verdwaalde skape, want ofskoon hy ywerig in die wyngaard arbeid, verdra hy darem nie dat andere te veel aan die druiwestok melk nie. Nee, hy belet tenenemale dat iemand so allerkrintig sterk sy koffie of tee drink.'

'Maar ag, wat is tog die naam weer van die Eerwaarde?' vra Koos Fonk, wat maar altyd besigheid in die kop het.

'Sy naam is Kleopas Kipie - 'n Kristeliet in wie g'n gedrogte is nie. Sy geboorteplek is Kno.... Kno....



K'nonfontein - daar dig... dig... digteby waar Dawid die wortel gegrawe het. Hy is nie so hoog sprekend nie, want hy het nooit die kans gestaan om in 'n Semikwarie te katkeseer nie. Hy praat vry uit sy voorbors, en draai 'n preek uit die kerkalmanak los, soos 'n geleerde lerart dit nie uit die Groot Boek sal nadoen nie. Hy is 'n vreetagtige persoon en mishandel sy gemynte net goed.' Dit was die introduksie wat Tomas van Kleopas gee.

Met sy twee hande oorkruis geleun oor sy staf, antwoord Kleopas ewe bedaard: 'Ja, meester Fonk, ek trag alles in my vermoë 'om die regte pad te koers; maar die pad is smal, klipperig en vol struikelblokke - 'n mens gly soos seep en kom op sy knieë en elleboë te lande, of val plat in die stof. Ek moet bely dat ek nie met twee vlerkies agter my blaai die wêreld ingestap het nie, maar was dorstig van die begin gebore - dorstig om goed te doen, en dorstig om my ewemens te help.' Koos vat die wenk.

'En weet jy, lerart, waarom jy sonder vlerke gebore is?' sê Tomas. 'Dis net om nie te hoog te vlie nie, maar om liewers in die stol nes 'n wurm die mens te onderkruip - dit is nou my gevoeltes.'

Koos weet dat Tomas hom verkeerd uitgedruk het, klop Tomas op die skouer: 'Nou praat jy padlangs. As 'n wurm jou onderkruip, dan laat hy jou darem

nie op die naat van jou rug val nie - daarvoor moet jy oppas.'

Net by hierdie geleentheid kom Platjie agter die wa om en sê: 'Dag, oom, dag, ander oom.'

Tomas kyk Platjie met gerekte oë aan, kou-kou op sy pruimpie: 'Twaai! En wie is jou oom, jou vergalgste Hotnotjie!'

Platjie skrik en sê: 'Ekskuus dan, baas, vir die mistrap. Dag baas, dag ander baas!'

'O - dis reg. Jou parmantige Hotnotjie, jy is nog veels te klein vir jou pantoffels om so vergeestelik en voorpostig te wees. Jy moenie jou somaar verspreek nie. O, julle kleingoed weet nie meer om 'n ou mens te prospekter nie.'

Koos sê: 'Jy meen respekteer nie.'

'Ag ja, ag ja. Kyk hoe verspreek ek my, maar die Hotnotjie het my die paaifoelie ingemaak dat ek somaar oor my tong struikel.'

'Aai, nou kan ek hoor dat ek nie die enigste is wat my verspreek nie,' sê Platjie op so 'n toon of hy lekker kry.

Tomas rek sy oë, kou-kou sy pruimpie en kyk Platjie kwaai aan, waarop hy sê: 'Kom, meneer Fonk en lerart, laat ons liewers huistoe loop, eer ek die ketter se nek vir hom omdraai.' Hy staan op om te stap en vertel aan Kleopas hoe vererg hy gevoel. Dit kan nie anders nie, Koos leer Platjie so.

Die hartbeeshuis van Tomas is maar tydelik gewees. Die deur was omtrent vyf voet hoog, ofskoon Tomas en sy vrou baie langer was. So het Koos die plek die naam van Buk-en-kruip-in gegee. As Tomas iemand innooi, sê hy altyd met 'n laggie: 'Buk esel, of jy stamp jou kop. My plek se naam is: Kop-stamp-en-eina-sê.'

Rosa, die vrou van Tomas Verhef is baie goedhartig - sy sal haar laaste seep uitleen en dan haarself met 'n baksteen skrop. Maar o, sy is so fyntjies, of soos Platjie dit noem: 'Sy is fiyêrig - so danig aanstellerig' en kan haar soms soos 'n kind gedra.

Toe die drie mans na die hartbeeshuis aangestap kom, staan sy in die deur en toe hul 'n endjie nog verwyderd is, roep sy oor die onderdeur uit: 'Ag, waar kom dit vandaantjies? En hoe gaantjies dit, meneer Fonk?'

'Goeiendag ou niggie,' roep Koos uit. 'Met my gaan dit so fris as met 'n vis in die water - net ek voel nog nie nat nie,' sê Koos toe hy nader stap en sy hand uitreik. 'En hoe gaan dit hier by Buk-en-kruip-in met al die goeie mense?'

'Jy vra hoe gaan dit? Nee. by ons staan alles doodstil. Ons beurtjies vorentoe - na beter. Ek kom verder in die buurte nêrens rond nie, want my man sê altyd vir my: jy kan met Jan Tuisbly se karretjie gaan kuier. Is dit nou reg van hom om so te sêttjies?'

‘Volstrek nie is dit reg van hom nie, want 'n vrou se vlerke en hande moet 'n mens nooit afkap nie; sy weet wat die beste is om te koop - nie waar nie?’ Dit sê Koos om die kooplus van die vrou op te wek. Hy vervolg verder: ‘Die vrou moet die geldbeurs dra.’

‘O nee,’ antwoord Tomas. ‘Ek wil bobebaar nie die oppasser van my vyeboom maak nie.’

Hulle stap binne en gaan op veldstoeltjies en rusbanke sit. Koos werp 'n vlugge blik rond en sê: ‘Arrie, julle lewe net lekker hierso.’

‘Dit sal jy maar dink. As dit mooi gereën het, en die veld dan volop kos en water lewer, gaan alles huppeltjies aan. Maar as die reën weer wegbly, die veld verdor en skape vrek, skree die kraaie “naar, naar, want dis maer, maer”. Ei, dan wil ek somaar wegloop en die plek verlaat.’

‘Na watter Kanaän wil jy dan wegdro?’ vra Koos.

‘A, na jou pragtige Boland, wat jy so baie tot in die wolke prys,’ val Tomas in die rede. ‘Daar waar beestelikhede en traansakkies julle altyd geld in die sak in bring.’

‘Ou man, sê tog besighede en transaksies,’ verbeter Rosa haar man.

‘Wil jy dan meer beterder weet as ek?’ brom Tomas.

Hierop kom 'n meisie ingestap. Sy is 'n bruin-geelbekkie, soos hul so ene sou noem. Sy het 'n deftige hou-

ding, is eenvoudig, maar netjies en skoontjies gekleed. Waarop Rosa aanmerk: 'Dis my dogter, Emma. Het sy nie gerekkies nie? - begryp, sy is nog maar 20 jaar oudjies.'

Koos, wat maar aan besigheid dink, om in die ouers hulle goeie blaadjies te kom, roep uit: 'Dag, jong nooi. Jou pa moet 'n yster drumpel insit, anders trap die jongkêrels die hout aan flenters oor jou.'

Rosa glimlag, en vertel: 'Nee, sy wil mos nie met 'n Ondervelder trou nie, sy wil net 'n Bolander hê. Daar is mos baie van ons klas mense daar, nie waar nie? Sy sê sy wil graag naby die seewater wees, want sy het gehoor dat 'n mens al die diere wat op die land is ook daar in die see kry. Is dit regtig so, meneer Fonk?'

'Nee, dis nie so nie,' sê Platjie, wat al die tyd voor die deur staan om aan sy baas te sê dat daar mense by die wa is, wat op hom wag. 'Nee, in die see is nie molle nie, daar's ook nie muise nie, want as die see in hulle gate loop, vrek hul.'

Woedend rek Tomas sy oë nes 'n kwaai bobebaan, kou-kou die pruimpie: 'Twaai, wat weet jy van die seewater af? Wat weet 'n aap van tonteldoos en vuurslag af?'

'Aai, oom Tomas - ag ekskuus, baas Tomas, ek is 'n bolandse Hotnot en eet aldag see se kos....'

By hierdie tyd het Tomas die onderdeur oop gepluk

en met uitspring, soe! eina! stamp hy sy kop teen die latei dat die sterre voor sy oë oor mekaar vrommel. Hy bly staan en Koos roep vir Platjie wat vlug, agterna: 'Wat soek jy hier?' Waarop Platjie terug roep: 'Baas Willem se volk is hier om die osse te kom haal.' Daarop sê Koos: 'Sê hul om te wag. Ek kom aanstons.'

Dit was amper etenstyd, Tomas en Kleopas stap uit om hande en gesig te gaan was. Toe hul weg is, vra Rosa: 'Wat dink jy van ons lerart, meneer Fonk? Hy is vandag 'n man met 'n swart vel, maar binne in hom sit 'n spierwitte hart. Hy is nie een van die gestudeerdetjies nie, maar hy is 'n man van grote begaaftheid.'

Emma begin tafel te dek en Tomas kom alleen weer terug en vervolg die gesprek van sy vrou: 'Ja, die Boek sê die een mens het een komplement, die ander vyf komplemente en die derde het tien komplemente ontvang. Maar ek is oortuig dat ons lerart (Tomas tel op sy vingers) al sestien komplemente ontvang het.'

'Ag, ou man, sê tog talente en nie komplemente nie,' was die teregwyding van Rosa.

'Wag, daar verspreek ek my weer. Wel, hy woeker net kwaai met al sy vermoed om ons te beskaam.'

Koos wil oom Willem se volk nie langer ophou nie; daar hy nog 'n brief moes skrywe, kon hy vir die ete nie wag nie. Rosa egter het kos later agterna gestuur.

Toe geroep word om te eet, storm die ongepoetste

kinders van Rosa binne. Sommige smyt hoede en kappies op die grond neer, andere hou dit op en hul storm die tafel met ete. Party van hul staan, terwyl weer andere hul op banke aan tafel neerplak. Kleopas Kipie sit ewe sedig aan die regter hand van Tomas.

‘Sal jul julle hoede afhaal, of is daar dalkies voëltjies onder, wat kan wegvlie?’ brul Tomas.

‘n Mens sal sê, julle is onder 'n kalkoen uitgebroei en dat ek die kalkoenwyfie is, so ongemanierd as jul vir julle gedra,’ sê Rosa, wat haar kinders geen tug laat verstaan het nie.

Tomas klop op die tafel en sê: ‘Stilte! Eerwaarde, sê vir ons tog eers 'n goeie woordjie.’

Die onhebbelike klomp sit net op die laaste woord van Kleopas te wag en hul roep uit: ‘Pa, pa, wat het die Eerwaarde daar afgebrom? - Ek wil die tong hê - ek wil die oog hê - ek die voorpootjie hê, want ek eet g'n agterpootjies nie...’

‘Waggies, waggies kinders - nie so haastig nie - ons kan nie almal se sin gelyk gee nie,’ sê Rosa.

Maar Tomas brul: ‘Wag, of ek smyt die hele boel van julle tot dwars in die middel van ander week. Moenie soos uitgevrete wolwe wees, wat oor 'n dooie perd kompliteer nie.’

‘Ag, my liewe ou man, wie praat nou aan tafel van dooie perde; plak die monde van die kinders liewers toe,’ sê Rosa.

Toe roep die kinders: 'Plak my mond toe met die tong - myne met die oog - myne met die voorpootjie en die Eerwaarde syne met die skaapgorrel.'

Toe hul net klaar is om van tafel op te staan, kom daar berig dat 'n giftige slang vir Platjie gebyt het. Ou Adam Danster is gou by gewees met sy slangmedisyne en hy dokter net hard en fluks.

Tomas dink hieroor nie so danig erg nie en sê: 'Hul maak dit weer erger as dit is: pap word altyd warmer gekook as dit geëet word.'

Toe Platjie beter onder die hand van ou Adam Danster word, gee hul Platjie nog meer brandewyn in. Toe hy daarvan smoordronk word, sê 'n ou Boesman wat daarby staan: 'Ei, Platjie, waarom het ek vandag nie jou lyf nie!' Hy staan nog 'n rukkie te kyk, skud kop, stap so 'n endjie weg en vervolg: 'Ei, waarom het die slang nie liewers vir my ook gebyt nie.'

Toe Platjie so dronk is, word hy gevoelloos vir die brandende pyn. Verder gee hul hom so veel melk as hy kan drink. Na hy uitgeslaap het, is daar aanvankelik beterskap gewees.

Hierdie gerugte het baie mense na die wa getrek. Koos handel en smous dat hy hom hees praat. Maar die volgende dag sal Kleopas Kipie 'n diens daar hou en dan verwag hy nog 'n groter opkoms van Basters, Grikwas, Hotnots en Boesmans.



**Hoofstuk XVI.****Grikwa-Preek. - Kleopas Kipie.**

Padlangs van alle kante stroom toe Grikwas, Basters en Hotnots, om die predikasie van Kleopas Kipie by te woon. Sommige slaan voet, party ry te perd en ander kom met waens en karretjies aangery - die karre is soos katteneste ingepak met mans, vrouens en kinders. Platjie voel beter en het verlov van sy baas gekry om sy beste pak klere daar te gaan vertoon.

Kleopas Kipie gaan sy sitplek by 'n tafeltjie onder die groen bome inneem. Hy stap so regop, asof hy 'n laaistok ingesluk het, sy gesig is ernstig en so stroef as 'n droë rosyntjie, terwyl hy nou en dan sy mond op 'n tuit trek asof hy vuur wil opblaas. Hy staan van sy sitplek op, druk met die toppe van sy vingers op die tafeltjie en kondig aan dat hy vandag nie 'n gereelde preek sal hou nie; maar dat hy sy hart wil lug gee deur die skroef effentjies aan te draai. Maar môre sal hy vir hulle preek, dan sal hy hul die koppe goed was, sal dan harde woorde moet gebruik, wat net soos kalk en swawelwas op 'n brandsiek dier sal jeuk, en as hul nog nie wil

voel nie, sal hy terpentyn daarby gebruik. Daarop begin hy deur te sê:

'My geliefde broeders en susters, die woorde waarom ek julle wil roskam is: Die mens raak gedaan; maar die werk nooit nie! Luister goed en spits julle ore. Hoekom raak die mens gedaan? Waarom raak die werk nooit gedaan nie? Sal ek vir julle sê? Dis omdat die mens vir die deugdelikheid sê: Voertsek! Dan dros hy weg na die boosheid toe om by sy vuurmaakplek te gaan sit. Vroe, vroe sal jul julle druiwesop teëkom. Want die deugdelikheid is nie somaar hiernatoe se goed om wegkruipertjie mee te speel nie. Kyk, jul wil nie die reguitpad koers nie. Nee, jul wil altyd om die bos spring. Sê nou, die deugdelikheid spring ook anderkant die bos om en jul loop daar agter die bos bors aan bors. Sê, wat bly van jul daar oor? Ek sê: net 'n nat kolletjie. Nou, waarom nie plakamoeka op 'n drafstap in die reguitpad nie? Aai, en as die deugdelikheid vir jul so breek geloop het, sal hy soos watter uithaler man met sy kraakstewels van jul wegstap. Nou jul kry lekker in julle hart as jul met die boosheid arm aan arm langs sy vuurplek sit om die deugdelikheid met julle strykyster-voete te vertrap. Maar die boosheid is nes die blinkleer-stewels: hy blink en lyk fraai, maar binnekant hy druk seer en druk julle tien skilpadkoppe plat. Aai, waarom so? Maar dis hoeka se dinge, nie van vandag

af nie. Nou ek sal die boosheid van julle harte hierso voor julle oë vir julle poedelnakend uittrek.

Die eerste kwaad is die Dronkenskap. (Ou Karools fluister in ou Samel se ore: Ek voel hy mik na my lyf toe). Julle klipkoppe en staalharte, luister as ek julle gemoed-snare toedruk en aanstryk. Jul sal wurg, maar nog nie dood nie. Sê vir my: Waar kom die dronkenskap vandaan? Ek sê van die wyn of van sy wasem, nè? Waar kom die wyn vandaan? Van die druiwe, nè? En waar kom die druiwe vandaan? Van die wingerdstok, nè? Nou luister baie mooi. Kyk, die wingerdstok se hout is bros en krom: jy kan nie maak die wa nie, jy kan nie maak die kerie nie, ook jy kan nie maak die bak nie van hom. Sy hout is net vrot, en baie goed om die vuur mee te maak! Maar net die groot kwaad lê by die sop.' (Die volk roep uit: 'Ei, die sop, die lekker, lekker sop!')

Kleopas bly tjoeps stil vir 'n rukkie, want hyself kan die wingerd goed swawel. Maar hy hervat weer: 'Die sop, hul laat hom in die vat broei, dan kook hul dit, dan loop die wasem deur die krom koperslang, en as jy hom drink, laat die wasem vir jou net sulke kort katswinkdraaie maak.' (Die volk kreun weer: 'Die wasem, die liewe, vrolike wasem!')

Kleopas hervat die woord: 'Die meid, sy drink saam. Die man drink baie. Hy laat die reguit-pad staan.

Hy vat die krap se pad - hy loop só, dan hy loop weer só - vooruit en agteruit, hy trap netnou sy broek, hy val.'

Ou Karools spring op en sê: 'Laat ek hom antwoord!' maar ou Samel trek hom aan sy baadjie neer en sê: 'Sit', waarop Karools sê: 'Waarom troef hy my dan alleen?'

Kleopas bly aan die woord: 'Jul bly nie by plesier alleen nie, maar jul soek die skoor, baklei, lieg, slinger klippe en knope na mekaar se koppe. Jul sien die regte slang, hy seil ook die krom pad, maar hy gaan sy aardse rus onder 'n bos soek - julle nie - julle gaan somaar op die oop vlakke rus soek, waar almal jul kan sien.' ('Ei, het ons nou maar daardie lekker lyf!' roep 'n paar stemme).

Kleopas laat hom nie steur nie, maar gaan aan: 'Val-val slinger jul huis toe, struikel oor die drumpel, rol binne in die pondok en sê aan julle meide, wat lankal wag: "Vrou, hier is ek, tuis!" - asof dit so 'n danige blye tyding is. Met die val binne toe in die huis, het die onderdeur die hen met kuikens dood geklap. Die meid raas; julle slaan haar; die kinders tjank, jul moeder onder hul. Almal in die huis is wakker van daardie rumoer. Jul breek die bord, jul breek die kommetjie, jul rol oor die emmer met melk, die melk stroom.'

Weer spring Karools op, maar nogmaals pluk Sa-

mel hom aan sy baadjie om te sit. 'Nou waarom moet hy gedurig op my skimp?' brom Karools.

Nog aan die woord, vervolg Kleopas: 'Soos jul drink dan julle is siek, jul bly van die werk af; die baas raas en takel jul dat die donse en vere van jul waai, maar jul hoor nog nie.

Kry jul nie die lawaaiwater nie, dan pak jul die daggapyp om jul kroeserigheid plat te stryk; maar netnou voel jul nog 'n keer so sleg.' (Karools is weer op sy twee balke en sê: 'Nou verdra ek dit nie meer langer nie - laat ek hom antwoord.' Samel ruk hom plat dat hy so hik).

Hier vat Kleopas 'n slukkie water en begin weer: 'Geliefde broeders en susters, nou kom ons tot die tweede punt; ek sal die dronkaards los en praat met die, wat aldag 'n ander vrou, of man vat, deur hul eie weg te gooi.'

Hierop skree Karools hard uit: 'A, Eerwaarde, los vir my en gee vir oom Samel ook 'n bietjie!' Ou Samel, wat te donker van kleur is om te bloos, raak verleë, want almal ken sy looppaadjies. Wanorde volg deur die gemompel. Kleopas het dit nie persoonlik gemeen nie en die ou se kompas staan net stil. Maar hy kom tot verhaal en vervolg: 'Foei, foei! Waarom knoop jul so onder mekaar? Dis 'n plegtige oomblik en alles het sy tyd.' (Waarop 'n stem volg: 'Net as

'n springertjie jou byt, moet jy gou wees om hom te vang!')

Kleopas Kipie bly aan die woord: 'Bedwing julle, hou julle monde in toom. Moenie tog duur woorde gebruik nie, as jul met goedkoperwoorde kan klaarkom nie.'

Intussen het een hond na die ander tussen die toehoorders begin rondstap. Hul snuffel hier en daar, beruik mekaar, knor, spring mekaar in die keel, meide rumoer, volk skop die honde uitmekaar, kinders grens, honde tjank en waar is nou die end van die bombarie, wat opgeskop word! Maar met behulp van kieries en klippe het hul daarin geslaag om die honde te toon dat hul nie in 'n kerk behoort nie - behalwe één grou steekbaard wat bly staan en volle aanspraak maak op die reg om alles degelik te mag beruik en daarvoor het hy tyd nodig. Toe hy nog hieraan en daaraan ruik, kom een van die volk stilletjies op die puntjies van sy voete, maak die hond skrik en sê: 'Voert! sal jy buite!' 'Hou, hou!' blaf die hond van skrik. Maar die jong het nog erger geskrik, want hy het onkristelike woorde gebruik. Die hond spring egter weg, maar die meide en kinders kik-kik van lag en die volk rol van plesier.

Kleopas staan hul so bedaard aankyk en sê: 'Ek berispe nog, toe word weer geknoop, en wel so'n taaie maswerkslag-knoop, dat die knoper dit self sal swaar kry om dit te ontbinde. Foei, foei!'

Die knoper sê: 'Eerwaarde, ek was benoud geskrik en dit was maar net 'n aanroeping in die dag van my benoudheid.'

'O, so,' hervat Kleopas, 'dan reken jy dat jy lisensie uitgeneem het; moet jou mond in die toom hou, maar pas op, dat niemand die teuels in hande kry nie, anders ry hy net jul reguit verderf toe, so dat die skuim van julle afvlie.'

'n Stem roep: 'Ek het mos nie hande agter my rug om myself te ry nie.'

'Wel, gee die teuels dan in hande van jou vrou, dat sy jou kan ry,' was die vervolgrede van Kleopas. 'Julle moet waak; selfs as jul slaap, moet jul soos hasies met die een oog oop lê loer.'

Weer 'n stem: 'Vlug is beter; maar begin intyds!'

'Nou het ek klaar om jul ook oor die vloekery te kapittel, nou sal ons weer aan die diewe se doppe krap. Te lui om te gaan werk, gaan jul in plaas daarvan die Boer se vee steel. As jul vir julle kom kry, maak jul skelm planne; kom jul weer vir julle kry, stap jul kraal toe; kom jul weer vir julle kry, klim jul oor die kraalmuur; kom jul weer vir julle kry, vang jul die skaap; kom jul weer vir julle kry, pak die Boer vir julle agter die nek en bring jul tronk toe; kom jul ten laaste vir julle kry, waai die kats en jul binde weer duur knope. Moenie dink nie, jul sal die straffe voor bly nie. Nee,

die straf is soos 'n brakhond op julle spoor en voor jul nog kan omkyk, pak hy jul agter aan julle sitplekke en skeur die klere skoon weg, sodat al die mense vir julle kan uitlag. Die straf sal jul braai soos 'n mens 'n voëltjie in die spit oor die kole braai. Dis nie om te altemitters, of om te hiernatoe, of om te daarnatoe nie - dis so seker as tonteldoos en vuurslag broers is. Nou sal ek een vir een straf aan sy agterpoot vang en dit bors aan bors voor julle stel. Kyk, die jakhals, hy vang julle skape. Laat hy daarvan een stukkie vleis vir julle? Wil jul snags slaap, dan word die kindertjies gebyt, die muis het die soekkerse opgevreet en waar is dan slaap vir julle? Die slang kom julle meer beterste broei-henne doodbyt, en slaan jul na die slang, kaplaaks! slaan jul al die eiers dat hul spat. Hang jul julle wasgoed uit om te droog, dan vreet die beeste die meer beterste daarvan op. Kook jul seep van die vet, wat jul uit julle monde gespaar het, dan val julle kinders in die warm seeppot, smyt dit om - die kind is verbrand en die seep lê in die vuur - die vet het gedaan, die kind het gedood. Sit die man skoene regmaak, suip die kalwers uit. Was die vrou die kind se klere, dan brand die kos. Koop jul stewels, dan kwel die stewels jul, tot julle voetvingers vooruit steek. Wil jul heuning eet, steek die bye jul.

Kom erken nou, waar is nie straf nie? Erken ook,



die mens, hy raak gedaan. Hoe nou gemaak? jul kan nie die mens bring by die timmerman om weer vir hom reg te timmer nie; jul kan nie vir hom bring by die smid om hoepels om hom te trek nie; jul kan hom ook nie bring by die oorlosiemaker nie om sy draad op te wen nie. Nee, ook jul kan hom nie slagter toe bring nes die bees nie.'

Hier vat hy weer 'n paar slukkies water en sit sy rede voort: 'Broeders en susters, nou kom ons tot die woorde: "maar die werk raak nooit gedaan nie". Jul sien, die werk is soos Grootrivier, jul sal hom nooit met die lepel leeg skep nie. Jul eet, jul kry weer honger; jul drink, jul kry weer dors; jul was, jul word weer vuil; jul maak die klere heel, die bossies skeur weer vir hul flenters. So weet, jul werk, julle ouers hul werk; julle groot-groot-ouers almal het gewerk, en nog die werk is baie en het niks minder geword nie. Kom, sê julle nou vir my: Waarom raak die werk nooit gedaan nie?'

'n Stem: 'Watter Duisman het ooit 'n Hotnot rus gegun? - al stuur hy hom maar net om die hond te gaan was.'

'Nee, nee!' brul Kleopas met 'n kopskudding, 'as die mens hierdie lyf van hom nie gehad het nie, het hy ook nie nodig gehad om te werk nie - hy moet vir sy mond en lyf werk dat die sweet hom so aftap. Alles is goed gemaak. Wie kan sê hierdie ding is voortrefliker

as daardie ander; wie kan sê: die son is beter as die maan?’

Hier skree Platjie uit: ‘Ek sê, die maan is beter as die son, want die maan skyn snags as dit donker is; maar die son skyn in die dag as dit lig is.’

‘Dis eenkant waar,’ vervolg Kleopas, ‘maar wat sê die broedertjie van die sterre dan?’

‘Hm, hm!’ maak Platjie keelskoon, ‘die sterre is net daar om die maan uit die slaap te hou.’

‘Goed, goed,’ bly Kleopas aan die woord, ‘maar julle moet weet, dat alles wat jul sien, uit niks gemaak is. Sien julle daarvoor kans om iets uit niks te maak?’

Ou Darries rig hom regop in sy stoel, slaan sy twee bene oormekaar, vou sy arms en antwoord: ‘Ja,... as ek die vernuftigheid en begrippelikheid daartoe het, sal ek dit ook self kan gedoen het.’ (’n Stem: ‘Raak skoot, goed gekorre!’)

‘Wie het die wêreld geskape?’ brul Kleopas met luide stem uit toe hy met ’n tuitmond trots rondkyk.

‘Ek, Eerwaarde, maar ek sal dit tog nooit weer doen nie,’ gee een wat geslaap het, antwoord, want hy dink dat gevra is: wie het daar geslape?’

Kleopas gaan steeds voort: ‘Die werk raak nooit gedaan nie; want alles wat die mens maak, krummel flenters en raak tot niet. Kyk maar wat Moses daarvan gesê het...’

Een van die Boere, wat net daar teen 'n boomstam kom staan het, roep uit: 'Hoe durf 'n bruin man vir 'n wit man somaar by sy naam noem? Kan jy nie Baas Moses sê nie?'

'Ekskuus meneer,' pleit Kleopas om verskoning. 'Ek het oorlede seur Moses gemeen; 'n perd met vier pote struikel wel, hoe sal 'n mens met één tong vry kom? Maar, my geliefde broeders en susters, ek moet sluit. Ek praat my tong droog in my keel om die stroompie van julle gedagtes te lei. Maar die stroompie gedagtes is sodanig klein en dan vloei dit nog deur baie rotsagtige en onvrugbare grond. So laat ons maar die kerk onder die tweede gesang laat uitgaan.'

Daarop stap hy reguit na die wa toe waar Koos Fonk nog die hele oggend besig was om met enige Boerefamielies te handel.

Tomas kon by hierdie diens nie by gewees het nie, daar hy berig ontvang het dat die wilde Boesmans van sy skape afgekeer en daarmee ontvlug het. Rosa egter was saam met haar dogter by die diens en het dit so aandoenlik gevinde, dat jy al twee in hulle trane kon was.

'Og, ek kan so aan die Eerwaarde se voete bly sit het om die ongekunstelde waarheid steeds aan te hoor. Alles wat hy gesê het, is tog so waar,' merk Rosa op.

## **Hoofstuk XVII.**

### **Ruiter vertel.**

Omtrent sonder kom Tomas Verhef en sy maters terug. Hul had veel omtrent hulle avontuurlike ekspediesie mee te deel. Onder meer vertel hul dat die Boesmans elf van Tomas se skape afgekeer en geslag het. Die Boesmans het by die vee in die veld gekom, met die veewagter 'n praatjie aangeknoop, daarop hom gepak, teen 'n boom staan gemaak, sy hande agter sy rug aan die boom vasgebinde, en toe die skape geneem. Die veewagter se ou meid het later na haar man gaan soek en vind hom aan die boom vasgeknoop. Die berig is die oggend Tomas ter ore gekom, waarop hy en sy maters die Boesmans agterna gesit en die diewe gevind het; met groot gevaar het hul die hele famielie Boesmans voor die voet doodgeskiet.

Met terugkeer van Tomas en sy vrinde word hul op weg meegedeel, dat twee poliesie die buurte patrol, waaroor hul glad nie op hulle gemak gevoel het nie, want daar is andere wat ook van die doodskiet en begrawe van die Boesmans afweet - boëndien die po-

liesie is fyn om so iets na te spoor. Die wagwoord is nou net: waak en vlug.

Toe Koos Fonk van die rondpatrol van die poliesie hoor, sit en trap hy ook op dorings, want hy het mos smokkelgoed op sy wa. Hy beur ook maar nou om oor Grootrivier te trek, alwaar hy in die neutraal gebied met vryhandel ongestoord kan voortgaan. Tomas maak met sy vrinde gereed om ieder oomblik die hasepad te kan kies.

Die volgende oggend vroeg is daar weer uit andere bronne gerugte, dat die poliesie naby die doodskietplek van die begrawe Boesmans gesien is. Dit was genoeg nuus om die wyk te kies en gou-gou is Koos Fonk, Tomas en die ander Grikwas nou oor Grootrivier, wat nie ver van Buk-en-kruip-in geleë is nie. Met die jagpad het hul gevlug, by die rivier is hul met 'n ou vlot van droë pale oor, en nou slaak hul wel 'n sug van verligting, dog voel nog maar heeltmal nie op hulle gemak nie.

Die dag tevore het Koos Fonk skikkinge getref om sy slagvee onder die toesig van 'n oubaas daar op Buk- en-kruip-in agter te laat. Ou Danster word as wagter onder strikte orders, onder die wakende oog van die oubaas met die vee geplaas. Koos het 'n ander veewagter nodig gehad by die vee wat hy steeds inhandel. Hy huur 'n ou Boesman-Hotnot met die naam van Ruiter.

Wel, ou Ruiters was darem nie so sieg as baie hom wil afskilder nie - hy was haastig en het die kuns verstaan om 'n jakhalsdraf te vat as hy vir 'n werk gestuur word. Hy het egter meer daarin geglo om water inwendig as uitwendig te gebruik. Nou, of dit waar is, is moeilik om te verklaar, maar Koos vertel, toe hy ou Ruiters seep gegee het om hom te was, het die ou lank gekrop aan sy lyf eer hy op sy hemp gekom het, wat aan sy lyf vasgeplak was.

Wel, ou Ruiters het daar aanskoueliker uitgesien na sy skrobbering (soos Tomas dit noem) as toe hy nog in sy gewaad as seun van die veld gepromenaad het. Koos het die ou vir drank, kos en klere gehuur, en hy sien daar nou net kapitaal uit in sy duiwelsterk pak klere. Koos het hom een van sy ou verslyte nagmusse gegee, waar 'n Hotnot net veel van hou.

Toe hul hul in vry gebied die dag bevind, word die aand as gewoonlik 'n groot bosveldvuur gemaak. Koos en sy handelsvriende sit by één vuur, Platjie, Samuël en Ruiters by 'n ander ene.

Toe hul Tomas en die Grikwas so lekker oor Boesmans hoor gesels, begin ou Ruiters se tong ook by die ander vuur los te draai. Platjie was die uitvraer en ou Samuël die valse getuie, wat ook so nou en dan 'n woord inlas.

'Oom Ruiters,' begin Platjie, 'wat moet 'n mens

eintlik maak as hy skielik in die veld teen wilde Boesmans dam?’

Ou Ruiter skop die sand met sy voet gelyk, gaan op sy hurke sit, vou sy hande saam en plaas sy elleboë op sy knieë om nou lekker die woorde te saai. Hy antwoord: ‘Wel, jy moet hare op jou tande, vere onder jou voete en yster beslag om jou hart hê. Bang moet jy tuis laat, Dapper moet met jou saam stap, en Ajjet moet jou steeds in die oë kyk.’

‘Oom Ruiter, wat is Ajjet?’ vra Platjie.

‘Ajjet is: maak plan. Kyk, 'n Boesman is mos maar klein - dit wil hy nie aldag weet nie, maar hy wil voorgee dat hy net so groot is as jy. Nou, as hy jou vra: “waar het jy my reeds sien aankom?” dan moet jy sê: “Daardie kant, daar vèr al, toe jy nog op daardie bult aangekom het.”

Dan dink hy dat jy net baie van hom dink; maar as jy somaar antwoord: “Ek het jou nou hierso voor my die eerste gewaar,” weet dan dat dit met jou lood sal gaan, want gou-gou soek hy skoor.’

‘Maar oom Ruiter, as dit nou baie droog word, die veldkos kwyn weg, die wild verlaat die streek, wat maak die Boesmans dan met hulle ou volk, wat van ouderdom te swak is om so ver mee te loop?’ vra Platjie met groot nuusgierigheid.

‘Kyk my jonkie,’ hervat Ruiter, ‘so lank dit volop

is, en daar baie wild en veldkos is, versorg die Boesmans sy oues met die diepste respek, en verpleeg hul op alle maniere. Maar as die droogte kom, en gebrek steek sy kiere orals rond om al wat eetbaar is weg te maai, dan moet die Boesman plan maak om die groen velde op 'n ander plek te gaan opsoek. Sy ouers sal tog mos op die ou staanplek gevrek het. Saam kan hy hul nie dra nie - anders hoe jag hy? Dan vat hy doringtakke, maak teen 'n wal of groot klip 'n doring kraaltjie, plaas sy ou swakkes daarin, vat al die kos wat hy by hom het, laat dit vir die oues en bring water ook nog aan en laat dit alles vir hulle daar. Dan pak hy die kraaltjie so dig toe dat g'n ongedierte by die oues kan kom nie. As kos en water op is, moet die oues van honger en dors sterwe.'

'Het oom Ruiters dit self met jou oë gesien?' vra Platjie en twyfel.

Ruiters vat sy ken, laat sy kop sak en sê met 'n hoofgeskud: 'Nee, ekke nie, maar my ma het my so vertel. Jy moet verstaan hul doen dit net aan wat al oud en kinds is en aan wat nie meer kan loop nie.'

'Nou, oom Ruiters, waarom moet die ou nasie dan so danig met gifpyle werk; kan hul dan nie wild sonder gif skiet nie?' vra die leergierige Platjie.

'Jonkie, dis nie te sê dat hul altyd gif gebruik nie. Nee, hul maak ook vanggate, wippe en ander verstrik-



kings. En dis ook nie te sê dat al die pyle gif aan hul het nie. Nee, baie pyle het nie gif nie. Maar nou sal ek jou sê waarom hul gif gebruik. Jy sien dat hulle pyle maar klein en lig is, en gemaak van 'n sterk skag van fluitjiesriet, 'n voet 'n half lank. Vooraan sit 'n harpoen van hoepelyster, been of vuurklip gemaak. Agter die harpoen, teen die riet word die gif in 'n bruinswart laag gepleister - omtrent 2 of 3 vinger langs die riet af. As die harpoen die wond maak - al is dit maar 'n skrapie - is die gif by om dit te vergiftig; die uiteinde is die dood. As nou die Boesman 'n gemsbok of ander bok, met die ligte pyl tref, voel so 'n bok of dier nie oombliklik die skot nie, hy ontvlug en word nog mettertyd boënop gesond. Maar as daar gif in die wond kom, moet 'n dier, of 'n mens, vrek. Maar nou volg hy die spoor en vind eindelijk die geskiete ding dood lê. Hy sny die stuk vleis om die pyl uit, en die ander part van die bok kan hy eet, want die gif is terug getrek na die pyl, en dan nog, die gif is dodelik as dit in 'n wond of in die bloed kom, maar in die maag maak hy niks nie.

Sommige pyle het skerp, spits been punte om dwars deur te skiet - as 'n reël bevat sulke pyle nie gif nie. Die boog word gewoonlik van 'n karee lat gemaak, wat netjies gesny en gebrand word. Die boog hout word met vet onderhou om nie te laat bars nie. Die snaar word vervaardig uit senings. 'n Ligte Boesman sal 'n

boog span sodat sy skouerblaaië agter teen mekaar klop; terwyl iemand, wat nie gewoon is om boog te span nie, sal swaar kry om dit halfpad so ver te trek. Hy is 'n gebore en 'n vernuftige jagter. Soms hang hy wildvelle om hom, sodat hy na die dier kan lyk. 'n Volstruis kan hy baie natuurlik namaak; deur 'n lang stok in die nek te steek, laat hy die nek na goedvinde sak en lig. Hy sorg net dat hy bokant die wind weg bly, sodat die wild nie sy ruik kan kry nie. Het hy nie wildvelle om hom daarmee te vermom nie, dan bind hy bossies om sy lyf en maak 'n bossie na wat deur die wind heen en weer rond gewaai word.'

'Wag, dis goed dat oom Ruiter my dit vertel. Nou sal ek die rondwaai bossie in die veld goed beskou,' sê Platjie toe hy rondkyk of hy nie bossies sien omkantel nie.

Ou Ruiter vervolg: 'Die pyle dra hy in 'n pylkoker, wat word gemaak van die kokerboom. Hy hol die twee voet lang stuk stam gemaklik uit, want dis voos binne in. Dan trek hy 'n stuk vel oor die onderste opening, sodat die pyle as hul in die koker agter sy linker blad hang, nie kan uitval nie. Die kokerboom groei hier orals op die rantjies volop.

As jy 'n Boesman in die veld ontmoet, wees net vriendelik met hom, gee hom wat hy vra, en as hy vir jou 'n werkie doen, prys en gee hom iets en maak nes

hy baie van hom dink. Netnou is jul maters en hy sal vir jou water in die droë streke wys. Hy sal 'n jaar werk om 'n windhond te verdien. Die windhond moet vir hom wild vang en hy behandel die hond net so goed as sy eie kinders.'

Hier word die gesprek onderbreek deur die aankoms van Tomas Verhef en sy vrinde, wat Koos verlaat het, net na hul die rivier deurgetrek het. Hul vlug nog maar een streep rond, - soos muise voor 'n grasvuur uit.

Tomas vra vir Koos wat die twee poliesie by die wa kom maak het, daar hul die poliesie by die wa flussies gesien het. Koos het tamelik veel te vertel gehad, waarop die vlugteling nog meer bang word, sodat hy 'n eier in hulle mage kon kook. Na Koos vir hom uitgekorswil het, vertel hy: 'Nee, ek jok maar, die twee mans, wat flussies hier gewees het, en wat ons al die tyd as vlugteling aangedui het, is ook net sulke weglêers vir die wet as ons. Hul vertel ook dat hul 'n geruggie gehoor het, dat poliesie hier rondpatrol, maar die mense het vir hulle twee as poliesie beskou.'

Hierdie versekering het gerusheid gebring. Kort daarna kry Tomas berig van Rosa dat alles veilig is en hul maar perdgerus huis toe terug kan kom. Tomas en sy vrinde wil probeer om 'n paar leeus en tiers te skiet alvorens hul na huis vertrek.

Toe Ruiter van leeu en tier skiet hoor praat, was die

ou op sy troon. Hy pak 'n klip, wat daar naby lê, en gaan daarop sit.

Platjie, wat nader kom sit, vra: 'As oom Ruiter so baie op groot jagte uit was, het oom seker baie leeus en tiers laat stof proe.'

'As ek een geskiet het, dan het ek honderde van die gras af gemaak. Eendag gaan ek met ander Grikwas saam jag. Langs 'n spruit kom ons by 'n groot kol riet uit en toe ons voor ons kyk, staan daar langs die riet 'n groot bontpoot mannetjie. Hy beskou ons asof hy vir homself afvra: "Wie is nou die vetste onder die klomp, wat ek kan vang?" Ons vlug veilige plek toe. Almal se perde hol goed met hulle ruiters weg, maar my ou ryperd, Kolbooi, steek vas. Ek lê handsambok op, maar wie sê! Ek druk my hakke agter sy blaaië, maar toe spring Kolbooi eers rê-rê. Deur sy kop tussen sy voorpote te begrawe, en om met sy agterpote die son daarbo te wil raak skop, het hy dit reggekry om my voor die leeu op die oop veld te plant. Die leeu kry somaar in sy hart lekker, want hy gee 'n brul laggie. Toe kom hy na Kolbooi toe om te probeer of hy dalkies nie beter kon perd ry as ek nie. Toe my ou Kolbooi die leeu vir die eerste keer gewaar, klim die leeu van agteraf in die saal. Ou Kolbooi het 'n snork gegee en so effe weggevlie, sodat die baljaardery nie bo my plaas vind nie. A nee, die ou knol spook toe eers rê-rê; hy

duik weg dat sy neusgate op die grond die stof wegblaas. Toe mik hy nie meer met sy agterpote na die son nie, maar nog hoër na die blou lug toe. Die leeu hik ook en klou vas al wat sy tata en memme hom geleer het. Maar Kolbooi segevier en skiet die leeu dat hy so met 'n boog deur die lug trek en voor ou Kolbooi op sy neus te lande kom. Toe eers hol die perd weg, die leeu snuit sy neus kom kyk wat van my geworde het en toe hy sien dat ek so stil lê, kom hy ruik of ek asem haal. Glo my, toe hou ek my so dood as 'n mossie. Daarop maak hy sitplek van my en doen niks as om rond op my te skuiwe totdat hy my liederlik vol klei getakel het. Maar al die tyd hou hy sy oë gevestig op die ander Grikwas, wat dapper maneewers maak om sy aandag van my af te trek. Eindelik begin my mense na die leeu te vuur. Die eerste het ge-oor; die tweede een het ge-onder en raps my boënop met die koeël in die been. Maar die derde een, Ontong, het goed sy korrel voor die leeu se bors gesuie; toe die kruit in die leeu se bakkies blits, dop hy sy oë om, hy dood en ek verlos. Nee, ek het maar so gedink. Ontong, wat die derde skut was, het vergeet om die koeël op sy roer te laai, so het hy met los kruit geskiet. Die leeu kies hom. Al die perde hol met hulle ruiters weg toe hul die leeu se ruik kry. Ontong is nou op die grond en kan nêrens heen vlug nie, as net boom in; hy het deur die doringtakke so gou as 'n gebotterde

sonstraal geklouter. Daar bo sit hy in die takke, daar onder op die grond sit die leeu kop in die lug om Ontong te beskou en te seën.'

'En waar was julle toe?' vra Samuël.

'Ou beste, ons was skoonveld weg,' antwoord Ruiter met 'n dwars handveeg voor sy mond.

'En wat het van Ontong daar bo in die boom geworde?' vra Platjie.

'Ek glo, as ek my nie vergis nie, dat hy vandag nog daar in die doringboom sit,' antwoord Ruiter.

'Skaam jul nie vir julle nie?' vra Samuël.

'Ou swaer, jy vra my nou so diep in, maar as jy Ontong gewees het, sal jy so gepraat het, en as jy Ruiter en sy maters gewees het, sal jy net dieselfde gedoen het. Het jy dan lus dat die leeu vir die tweede maal van jou 'n rusbank kom maak?' vra Ruiter.

Samuël dink diep en sit stil, lig sy kop en sê: 'In gevaar dril my broekpype; buiten gevaar storm ek 'n olifant op tienduisend tree.' Maar Platjie sê: 'As ek Ontong gewees het, sit ek nou nog klein gebedjies opsê.'

**Hoofstuk XVIII.****'n Grikwa Oorlog - Platjie weer terug.**

Reeds was Koos Fonk oorkant Grootrivier druk met smousery besig, toe opeens 'n gewapende patrollie van Grikwas op hom afkom. Hy was verskrik, en nog meer was sy volk, toe die patrollie namens hulle kaptein, Hans Voollander, die wa met alles daarby in beslag neem en dit na Hans vervoer. By Voollander aangekom, is die eers net parmantig met Koos; maar Koos is self 'n man, wat hom nie met 'n blaas ertjies op loop laat ja nie. Toe die opgewondenheid afgekoel het, begin Koos en Voollander verstandig te praat, by watter geleentheid Voollander duidelik maak dat hy met 'n ander Grikwa kapteintjie, Saul Klipberger, woorde gekry het, en die ding het nou so warm geworde dat hul daar en dan oorlog verklaar het. Maar g'n een was daarvoor klaar nie, sodat tyd gegee is om gereed te maak; maar net tot môre toe, dan sal daar 'n bloedige oorlog uitbreek, soos die wêreld nog nie gesien het nie. Daarom kommandeer Voollander alles wat Koos op sy wa het, behalwe sy vee, manskappe en die wa.

Koos was nie gister se kind nie, maar lank in die land, en weet hul te vertel dat hy 'n Britse onderdaan is en verlang dus beskerming by sy regering. Maar as Voollander hand en mond wil belowe dat al die waarde van die goed op die daad van beslagneming uitbetaal sal worde, dan sal hy al sy roers en ammuniesie aan hom afstaan, mits Voollander al die ander negosiegoed ook dadelik oorneem; waarmee Voollander bereidwillig instem as hy die parmantige Saul Klipberger maar die nek kan inslaan en tot sy plig bring.

Al die goed wat Koos vir verkoop het, word uitgepak en met knippel teen hoë waarde oorgeneem en word met skape betaal.

Koos het 'n oorsig van alles in vlug geneem, en vind uit dat ieder kapteintjie maar ner oor 'n kommandotjie van nog geen 100 man beskik. Die kapteintjies woon ver van mekaar, dus bevind hy hom volkome veilig waar hy nou is, mits dat hy ook aan Saul Klipberger 'n boodskap stuur dat hy beskerming vir sy persone en sy vee verlang. Die versekering het Koos ook ontvang. Dus kan die kapteins maar opdons.

Die dag van oorlog is daar. Tussen die twee kapteintjies - net op hulle grense - is 'n baie smal maanhaarrantjie. Die twee generaals van die kapteins vorm ieder 'n laer aan hulle sy van die rantjie. 'Want ons moet ons nie somaarso roekeloos aan die gepeper van



koeëls bloot stel nie,' so sê ook hulle burgers. 'Ons kan maar die gewere in die lug hou en oor die maanhaarrant skiet, en wie se kruit eerste op is, het verloor,' was die ooreenkoms om buiten gevaar te bly.

Maar Hans Voollander het nou mos baie kruit en hy wil met 'n kanon skiet. Koos Fonk het op sy wa 'n stuk dampyp gehad, wat hy vir een of ander onwettige doel gebruik het. Hans vat die dampyp, steek agter in 'n kort paal, wat hy goed vasgekeil het. Om die pyp draai hy rou rieme, sweer ses van sy manskappe as kanonniers in, en stuur hul om bo-op die rantjie die kanon in klippe vas te pak, dis te sê na hul dit op die laer van Saul Klipberger gestel het. 'n Goeie skot kruit word op die kanon gelaai en as koeëls word 'n klip met lood daarom gegiet gebruik. Saul se mense het niks hiervan geweet nie en was perdgerus.

Die twee kapteins gaan op veilige plekke onder groen bome met hulle raadsmanne sitplek neem.

Die tyd om te begin word aangekondig deur 'n rooie vlag bo-op die rantjie te laat val. Van weersye word nou hewig in die lug geskiet sodat die koeëls met 'n boog in die laer van die vyand moet val. Toe die geveg op sy hewigste is, haak Hans se volk bo-op die rantjie met die kanon los; die houtpaal vlie agteruit, die pyp bars, maar werp tog die kanonkoeël onder in die laer van Saul. Toe Saul se generaal die kanonkoeël sien

ronddraai, roep hy uit: 'Kyk hierdie ding lê mos hier te broei, netnou sal hy bars, laat ons oeit staan rantjies toe!' Al Saul se mense vlug en laat hulle laer in die steek om daar ver onder die ander rantjie, binne in sy grond, te gaan posiesie vat. Dis hiervandaan dat die gesegde 'staan oeit rantjies toe' gekom het.

Met die bars van die kanon, het die klippe, waarmee dit vasgepak was, uitmekaar gespat en het al ses van Hans se volk op die plek doodgeslaan.

Hans Voollander het ieder van sy manskappe vóór die geveg 'n stywe dop van Koos Fonk se mikstuur ingejaag om hul moed te gee en dapper te laat veg; maar hy en sy raadsmanne bly onder die boom sit brandewyn drink, terwyl sy boodskappers heen en weer tussen hom en die veldkornette gaan.

'Damon, kyk hier,' sê die kapteintjie, Hans Voollander, 'hoe is my kanon dan so stil? loop kyk; dalkies het hul die hele laer van Saul Klipberger koeskas geskiet.' Waarop Damon sê: 'Goed, kaptein, ek sal na die rantjie met my perd ry; maar kyk, hoe dapper veg kaptein se volk - hulle skiet nog goed met die koeëls oor die rantjie.'

Damon druk sy perd met die spore aan en daar sny die perd met 'n geproes weg. Maar Damon kom ook nie weer terug om tyding aan sy kaptein te bring nie. Aron Brypaal kom egter aangejaag: 'Kaptein, veldkornet Syster vra om versterking.'

Hans sê: 'Waar wil ek dit kry! Gee horn die bottel en sê dis al versterking wat ek kan stuur.'

Eindelik kom ou Gert Ogies en vertel dat Damon van sy perd afgeval het en toe sy nek gebreek het.

Waarop Hans Voollander aanmerk: 'Ai, dis jammer, dis jammer! Nou het ons een van ons meer beterste manne verloor deur sy nek breekry en om te val. Ai! Ai! maar kom, laat ons sy gesondheid drink, anders kom hy dalkies snags by ons spook.'

Na die kaptein sy drinkhoorn neergeplak het, roep hy: 'Jantjie, loop sê aan die veldkornets dat hul die volk moet aandruk om nog harder met die sannas breekskote te skiet; sê ek kan hier duidelik hoor, hoe ons koeëls anderkant die rantjie op die tabernakels van Saul se pakkasie klap. Toe Jantjie, jaag net gou; maar pas op, hou jou nek vas, dat jy dit ook dalkies nie breek nie.'

Hans kan hom maar nie versin nie hoekom sy kanon so stil is; hy praat aljimmers daaroor, totdat hy sy ou Boesman roep en sê: 'Toe, my ou jong, kruip hier teen die rantjie uit, loop kyk wat die kanon maak en kom vir my dadelik boodskap.'

Die ou Boesman draf, berg sy lyf agter die groot klippe soos hy opkruip, en kom terug.

'Kaptein,' sê hy, 'die k'nonniers het die k'non te skerp met die kroet gebran', nou jy sien die k'non het

gekwaad, gebars en die k'nonniers met die klippers doodgemoeker. Almal hul lê daar dood.'

'Arrie, dis slegte tyding!' roep Hans en sy raadsmanne uit. En met één asem vra hul: 'Waar is Saul se kommando?'

'Saul se kommando het die wêreld gskoer en lê nou daar oerkant teen Tys se rantjies. Maar darem in sy laer is niks manskappe meer nie.'

'A, dis goeie tyding; ons het hul uit hulle posiesies verdrywe. Ons het die oorlog gewen,' sê Hans toe hy opspring.

'Ja kaptein, nou ek sien nog die groot wit vlag en die wit os aankom,' sê die ou Boesman en laat dadelik volg: 'Toe dan, kaptein, ou (*gee*) vir my.'

'Seker,' roep Hans uit, 'jy het dit eerlik verdien, my ou Boesman, dè! dit gee ek vir jou met 'n gulle hart!' Daarop stuur hy weer twee ander boodskappers die rantjie uit, en al twee bring dieselfde berig: dat Saul gevlug het, want hy het sy ammuniesie alles gedaan geskiet en nou het hy die slag verloor. Orders word deur Hans Voollander gegee om die geskiet te staak, en dat sy volk moet terug kom om getrakteer te word. Hans laat ook dadelik 'n wit vlag opsteek en 'n wit os aanbring. Die gejuig oor die dapper oorwinning is net groot.

Kort daarna kom Saul en Hans met hulle raads-

manne bymekaar. Met trane in die oë val hul mekaar om die hals en huil bitterlik. Saul weet toe nog niks van die sewe man van Hans wat verongeluk het nie. Ook het Hans niks geweet nie van sewe man wat aan Saul se kant, met wegjaag oor slote en klippe hulle nekke gebreek het. Dit het by die vredesbespreking eers uitgekom.

Na hiernatoe en daarnatoe gebeur te hê, kom die raadsmanne ooreen dat Hans aan Saul, en Saul aan Hans ieder honderd skape sal gee, sodat die een kaptein nie kan sê dat hy gewen het nie, en dat die een met die ander se vee kan spog. Daarop word die feestelikhede voortgeset deur die gesondheid van die dappere oorledene vir hulle heldedade te drink. Die verongeluktes word daarna begrawe; oor hulle grafte word geskiet; daarop het die kommando's opgebreek en die oorlog was op 'n end. Baie sulke gekkestreke is van tyd tot tyd deur die twee kapteintjies aangerig.

In ieder geval Koos Fonk was deur die oorlog baie gebaat; want daardeur het hy sy goed met groot wins in een slag van die hand gesit. En nou kan hy terug om sy vee op Buk-en-kruip-in saam te neem en die wa op Oorlogskloof af te lewer, waar hy die vee daarvoor ook sal ontvang. Daarop gaan hy Boland toe. Terwyl Samuël die vee sal aanja, sal Koos en Platjie met die kar en vier perde, wat op Oorlogskloof agtergelaat is, die vee volg.

Nou kom die Katang-slag om Platjie terug aan sy ouers te lewer. Maar Gert Buurman, die vriend van Koos Fonk, het die weg reeds gebaan deur lang geleë die nuus aan Platjie se baas en ouers te bring. Aan die oubaas het Gert 'n slaghamel present gegee en aan Platjie se ouers ieder 'n geskenk.

Toe hul die Boland inkom, het Platjie sy hoed vol volstruisvere gesteeek - iets wat in daardie dae nie so algemeen bekend was nie. Vooruit ja Platjie sy ses aanteelbokkies en hy was net 'n grootman - byna te groot vir sy stewels en klere, en toe kan 'n mens hom hoor spog en grootpraat van die Onderveld; want dit was in daardie tyd iets buitengewoons om so ver in die Onderveld gereis te hê. Koos gee weer aan die oubaas 'n slaghamel en aan Platjie se ouers, ledries en Sina, ieder 'n mooi present, sodat die huur van Platjie omtrent £5 gekos het. Daar was eers stroebeling, maar Koos het geweet om hom blink te maak deur te vertel dat hy Platjie siek in die donker langs die pad gevind het. Daarop was alles weer reg, want Platjie was nie 'n week met Koos weg nie, of hul het die tyding deur Gert op die plaas ontvang, dus was die ongerusheid weggeneem.

Platjie was nou so fluks dat die oubaas hom agter die varkens weggeneem het om hom by die perde as stalkneg te gebruik. Daar was 'n groot verandering ten goede oor hom gekom, wat tot algemene tevreden-

held gestrek het; want hy sou nie die katterkwaad by die oubaas gaan uitrig het nie, wat Koos hom geleer en toegelaat het.

'n Paar jaar het verstryk, en die ses bokkies van Platjie het saam met die vee van die oubaas geloop. Die bokkies teel net fluks aan, daar die meeste tweeling lammertjies had en soos dit gewoonlik in die wêreld gaan, as voorspoed iemand bevrind en volg, dan begin hy horings op te tel. Dit was nie soseer die geval met Platjie nie, as met ledries en Sina wat gedink het dat hul ook nou magtig ryk is. Hul praat gedurig van trek om beter te gaan soek - en vergeet hoe goed die oubaas en ounooi vir hul al die jare was.

Die trekpraatjie en dreielemente het vir 'n tyd aangehou, totdat hul dit regtig in hulle kop kry om die plaas te verlaat.

Sina dwing om na haar land terug te trek; maar ledries was te gewend aan sy druiwesap en vra: 'Jy peuter en lol nou een streep deur om na ons land terug te trek, maar jy moenie vergeet die wynstok het nog nie sy voet daar kom sit nie; en sê my nou: hoe gaan jy dag vir dag jou lyf reg maak? Jy weet twak is daar baie skaars, dáár sal jy nie aldag jou mondsnuif agter jou onderlip kan inplak nie. En hoe dan as die lus kom? Weer hiernatoe spaner?'

Ou Sina dink en dink; eindelijk sê sy: 'Dan drink ek maar heuningbier en groei my eie twak van saad wat ek saam vat.'

'Ja, Sina, jy wil alles probeer regpraat; maar jy dink nie verder as jou plat neus vooruit steek nie. Kom sê nou, dis droogte en daar is nie heuning nie; sê nou dit reën nie; hoe wil jy dan twak groei? - dan moet ons twee, drie jaar so bly tot dit eendag reën en dan nog wag.'

'Nee, dan vrek ek,' sê Sina. 'Laat ons dan maar liewers Stellenbosch se wêreld intrek en daar 'n plekkie kry om met ons vee te boer. Want kyk, van die ses bokke het ons die eerste jaar ses lammers gehad, die tweede jaar met tweeling tien, dit maak altesame 22. Die derde jaar het ons reeds drie lammers van die eerste lammeroes gehad. Die vierde jaar, wat ons nou in is, het die bokkies van die tweede oes ook al lammers gekry. So het ons vandag 50 bokke, want die kapaters het ons ook vir aanteel ootjies uitgeruil. Kyk, as ons so aangaan, waar sal ons oor 'n paar jaar nie staan nie?' Waarop ledries en Platjie altwee antwoord: 'Ja, dis waar.'

Die gesprek was in die winter. Hul trek na die distrik van Stellenbosch om daar 'n plek te soek, maar geen baas wou hul op sy plaas hê nie, omdat daar brandsiekte onder die bokke uitgebreek het, met die omruil



van bokke vir ootjies. Die mense order hul hoog in die berge te gaan kamp; want hulle vee wei onder aan die voet van die berg.

Die bokke word so erg dat die vel om hulle nekke bars. Daar kom nat en koue weer. Die berge se toppe vat sneeu en die bokke vrek skerp.

Toe sy ouers met die bokke in die berg lê het Platjie by die boere gaan werk soek vir 15 shillings maandeliks. Saterdaggaande bring hy sy ouers 'n besoek. Vleis van die gevrekte bokke was daar genoeg. En toe hy een Saterdaggaand weer daar kom, lê sy ouers al twee aan Hotnotsere siek; want deur die slegte vleis te bewerk, het hul bloedvergiftig gekry. Die ou paar bakkies, wat van ellende staan en blêr, het onder die tier geval en is dood gebyt.

Nou was dit 'n treurigheid. Platjie bring sy ouers uit die berg om gedokter te worde. Onhandige persone, wat vir hul knap wil hou, het nat warm pappe op die Hotnotsere geplaas - juis wat nie moes gedaan gewees het nie, daar sulke sere geen nattigheid verdra nie, maar wel droog uitgedrukte uie pappe; so is al twee ledries en Sina aan bloedvergiftig beswyk.

**Hoofstuk XIX.****Genadendal - Dr. Kleiner.**

So gaan dit in die wêreld! As iemand in 'n skuit op die hobbelerige oseaan sit, wil hy uitspring om beter te gaan soek, en kom dan in die onpeilbare diepte te lande, alwaar hy spoedig verslind word. So ook met Platjie se ouers, wat dit goed had, maar nie juis soos hul dit wou gehad het nie; nou het Platjie al sy vee verloor en die twee ou volk lê ses voet diep onder die grond. Uit mismoedigheid het Platjie van plaas tot plaas gaan werk totdat hy eindelijk in Genadendal te lande gekom het.

Genadendal is die oudste Hotnot Sendelingstasie in Suidafrika. Dit is deur die Moraviese Broeders (die Hernhutters) aangeleg. Die mense het hul somaar kortweg die Hernuters genoem. So hoor ons nog dikwels van Hernuterse messe praat. Die betekenis van die naam is: die Herders van die Here; van die Duitse woorde: Herr = Heer, en Hüter = Herder.

Deur Platjie se lewendigheid en sy fluksheid het hy soveel base kan kry as hy maar wou hê. Hy het egter

nie veel van rondtrek gehou nie, maar darem ook nie die noodsaaklikheid gesien waarom hy hom by een baas sal doodwerk nie.

Spoedig was hy in die diens van die Sendeling, wat nogal veel van Platjie se kakkerlakstreke gehou het. Die Sendeling kry Platjie om 'n aandklas by te woon. Ofskoon hy al sowat sestien of sewentien jaar oud was, het hy snelle vordering gemaak, spoedig kan lees, en deur hy met die Duitse kinders gespeel het, het hy spoedig die Duitse taal opgetel en later net flink kan Duits praat.

Uit Europa is toentertyd 'n seker Dr. Kleiner deur wetenskaplike genootskappe na Suidafrika gestuur om ondersoek na die gewoontes en kunste van die Hotnots, Boesmans en Korannas in te stel en om dan daarvoor 'n rapport uit te bring. Die dokter had dus geld om oor te beskik. Aan die Paarl laat hy vir hom 'n gerieflike reiswa maak. Onderwyl aan die wa gewerk word, het Dr. Kleiner 'n besoek aan Genadendal afgelê om daar informasie aangaande die Hotnots in te win.

Hy was 'n geleerde man en as sodanig het die geleerde genootskappe hom uitgekies. Hy het die Europese tale goed geken, maar kon hom nie bra uitdruk en laat verstaan in die Afrikaanse taal nie. Ook had hy hoegenaamd geen kennis van die Hotnot, Boesman en Korannatale nie. Maar hiervoor kon planne beraam worde.

By Genadendal had hy veel omtrent die oudhede

van die nasies aan die Sendelinge mee te deel. Hulle weer van hulle sy, kon aan hom veel omtrent die teenswoordige toestande en tradiesies van die Hotnots vertel. Dit was genoeglike dae van wetenskaplike voedsel vir al twee partye.

Intussen het Dr. Kleiner kennis met Platjie gemaak en was nogal heel diep geïnteresseerd in sy doen en late, want Platjie had die Hotnottaal grondig by sy ouers, Iedries en Sina, geleer. 'n Ander voordeel was, Platjie kon Duits verstaan; derhalwe sal hy vervas geen beter tolk tussen hom en die Hotnots kry nie as Platjie, wat ook Afrikaans op die gewone diensvolkwyse ken. Met skikkings te tref, laat Platjie hom beweeg om saam te gaan, daar hy ook veel weet om met trekosse om te gaan.

Na die nodige inkopies gemaak te hê, vertrek Dr. Kleiner met sy flink ingerigte reiswa, met los tentjies, van die Paarl en volg die pad na Clanwilliam om 'n besoek aan die Sederberge te bring, waarin Boesmanstekeninge in die kliphuise (spelonke en grotte) te vinde is. Van al die tekeninge word noukeurige aftrekkinge gemaak, wat dan presies net so op papier gekleur word as dit teen die rotswande vertoon. Boëndien word nog ten oorvloede portrette met 'n afnemers toestel geneem. Daar was in werklikheid niks in die omgewing, wat die oplettende oog van die geleerde dokter ontsnap het nie. Natuurlik is daar altyd van die ou Hotnots en Boes-

mans uit die buurte meegeneem om te vertel wat hul van die tekeninge afweet.

Die dokter het regtig in sy werk gelewe.

Saans, as hy in sy tentjie sy boeke sit deurblaai, kom Platjie saggies op die puntjies van sy voete om oor die dokter se skouer te loer om te kyk of daar prentjies en tekeninge te sien is. Een aand had die dokter 'n boek voor hom, waarin ou Egiptiese afbeeldinge voorkom. Daarin was ook die tekening van die koningin van Punt (Skeba) wat aan die koningin Farao, Hatasu (Hatshepsu)'n besoek kom bring het. Hatasu het in 1552 v. K. regeer dus lank voor koning Salomo. Die koningin Hatasu was 'n deurdrywende vrou en het baie groot geboue in haar tyd laat oprig. Onder meer het sy die beroemde tempel by Deir-el-Bahri naby Thebe in Suid-Egipte laat bou. Sy wou 'n paradys eintlik aan die god Amen-Ra (Ammon) gemaak het. So het sy 'n vloot na die land Punt gestuur om daarvandaan wierook, goud, ivoor, ebbhout, ens. te haal. Die vloot het drie jaar uitgebly en het teruggekom met al die goed, benewens speserye, ape met hondgesigte (Lemurs, of nag-ape) en 31 wierookbome, waarvan die wortels goed met grond toegedraai was. Dit was alles vir die tempel van Ammon en vir die lushof daarbuiteom. Dieselfde ekspediesie het verder daarin geslaag, dat die koningin van Punt haar aan Egipte onderwerp.

Sy het oorland met 'n karavaan gekom. Toe het sy baie goed vir Hatasu gebring, waaroor Hatasu so bly en opgeneem was, dat sy die hele optog van die koningin in die tempel van Deir-el-Bahri laat afskilder het. Nou, die Egiptenare het 'n eienaardige wyse van tekene gehad, maar hul staan daarvoor bekend dat hul die gesig van iemand akkuraat kon nateken. Die tekening van die koningin is vandag nog in die ou tempel te sien.

Wel, dit was na hierdie aftekening van die koningin van Punt, wat Platjie staan en kyk. Hy merk dadelik op: 'Maar dokter, dis mos 'n regtige Boesmanmeid hierdie.'

Die dokter glimlag met 'n bevestigende knik en vra: 'Waaraan sien jy dit?'

Platjie draai die boek voor hom op die tafeltjie reg en met 'n strooitjie wys hy op die papier. 'Kyk, dokter, haar hare is mos gekroes, haar handjies en voetjies is klein, haar bolyf is kaal en sy dra 'n velvoorskoot.' Platjie sit sy hand voor sy mond om 'n lag te onderdruk. Waarop die dokter vra: 'Waarom lag jy?'

'Dokter, en kyk dan hoe fris is haar agterosse dan!'

Die dokter skater uit van lag en sê net: 'Jou opmerkings, Platjie, is tamelik juis.'

Hy toon aan Platjie daarop nog die tekening van die dwerg, wat voor Farao Pepi II, wat toe nog maar

'n kind was, gedans het. Die dwerg is ook uit die land Punt, in 3000 v. K., gebring en is ook 'n ware Boesman.

Hierdie afbeeldings uit die ou geskiedenis het 'n diep indruk op Platjie gemaak, en ofskoon hy daarvan bitter weinig begryp het, so het hy die volk orals aangespoor om te vertel waar hul sulke tekeninge gesien het. Deur met die volk te gesels, het hy baie sulke plekke vir Dr. Kleiner kan opspoor.

So gaan hul van plek tot plek, deur die Warm Bokveld, Hantamsberg en Hantamrivier; daarvan na Visch- en Sakrivier, en het hul baie waardevolle tekeninge op die lyf geloop. In die Hantam leg orals in die veld en teen die rantjies groot swart blink klippe. Buiteop is die klip glad en blink, deur die natuur gepolys. Maar word so 'n klip met 'n harde instrument, soos byvoorbeeld 'n vuursteen, gekrap, dan krap hy die blink van die klip af, en dan vertoon die gekrapte plek grou - net soos die grot van binne is.

Hiervan het die Boesmans weet gebruik te maak; hul het die dun, swart, blink nerfie van die klip met net sulke afbeeldinge van diere, jagpartye en ander bedrywe, as in die kliphuise, teen die rotswande afgeskilder. Op die boerplase Hoek-van-Spruit en Middel- Hoek-van-Spruit het hul mooi graveerwerk op die blink klippe naby die werwe aangetref.

In hierdie geweste het hul 'n ou baster Hotnot op

die lyf geloop. Die ou was lankal in die land, en was skrifgeleerd, soos ons dit in alledaagse taal uitdruk. Die ou het baie sulke plekkies van belang kan aanwys, waarvoor die dokter hom natuurlik goed betaal.

Die aand by die vuur sit die dokter die ou se lewensloop uit te vra. By die uitvraery sê die dokter ook: 'Maar my outa, het jy dan nooit met vee geboer nie? Of het jy maar altyd van die jag gelewe?'

'Nee dokter, ek het eers baie vee gehad en daarmee net goed koers gevat.' - Waar die dokter nie alles goed verstaan nie, moes Platjie byspring om die mening duidelik te maak. -

'Is jou vee dan almal van die droogte dood?'

'Nee dokter.'

'Op hoe 'n manier het jy dan jou vee kwyd geraak?'

'Wag dokter, ek sal mooi vertel. Ek het baie skape gehad, en my buurman het baie skape gehad. Ons kry stroeweling. Ek stry; hy stry. Nou ek loop by my agent; my buurman, hy loop by sy agent. Nou my agent hy sê my saak is goed; sy agent sê, nee my buurman se saak is goed. Nou my agent hy sê iedermaal soos ek praat: "Ja goed, ek sal oer die wetpunt dink, dan ons kan plan maak." Nou jy sien daardie dag, dokter, toe ons saak voorkom, ek wen die saak, maar toe het ek aan die agent al my skape moet gee, want die koste is swaar. Darem die agent het eers vir my uitgeoordink,



toe uitgeoorplan en so het hy my proper uitgeoorlê uit al my vee.'

'En wat het van jou buurman geworde?' vra die dokter.

'O dokter, hy het kaal daarvan afgekom! My agent het vir my wel uitgeoorlê, maar sy agent het vir hom uitgestertveer - toe hy wegstap lyk hy verspot soos 'n haan sonder stert wat na sy asem hyg. Kyk, hy het hom rê-rê uitgetrek dat hy poedelnakend, net met sy boordjie om sy nek rondstap.'

Verder het Dr. Kleiner sy reis voortgeset deur Grootrivier na Groot Namakwaland, toe terug tussen Korannas langs die rivier op, vanwaar hy weer noordwaarts getrek het tot by Manusa (Schweitzer-Reineke) om aan die Koranna kaptein, David Masouw op Riet Taaibos 'n besoek te bring. Masouw was die laaste Koranna kaptein, wat in Suidafrika regeer het. Hy het hom later in 1884 teen die Suidafrikaanse Republiek verset en is toe tenonder gebring. Hyself is in die gevangenis in Pretoria gesterwe.

Dr. Kleiner het langs die Kalaharie sover noord gegaan tot die Gamie Meer en terug na Rooiberg, en het in die streke met verskillende Vaalpens Boesmans in aanraking gekom. Die swerwende nasie het ontstaan deur 'n kafferstam, wat die Kalaharie deur ander kafferstamme was ingedrywe; hul het toe met die Boesman

in aanraking gekom en met hul verbaster, sodat die Vaalpens uitsien in liggaamsbou as 'n kaffer, maar die taal van die Boesman behou het. Hul spreek dus Boesmantaal en word ook soms die Vaalpens-kaffers genoem. Sonder kaptein, of sonder voorman, swerwe hul op die weste Transvaalse grense rond tot ver oor die Sambesie Rivier. Hy is voorwaar 'n armsalige produk van die natuur - arm, sonder iets in die wêreld, as net miskien 'n jaghond, wat net so treurig uitsien as sy baas.

Uit die Noorde van Transvaal is Dr. Kleiner oor die Witberge in die Vrystaat terug na die Kaapkolonie, om Colesberg en Victoria Wes ook besoeke te bring. Nou het hy omtrent al die Hotnot, Koranna en Boesman streke deurreis. Hy het baie informasie ingewin, maar hy vind sy tyd beperk, aangesien dit om kennis te maak, bepaald nodig is om 'n tydlank onder die inboorlinge deur te bring, want inboorlinge is agterdogtig en weier meestal om die gewenste informasie vrywillig te verskaf.

Omtrent die gif, wat die Boesmans vir hulle pyle gebruik, word hom meegedeel dat die vernaamste bestanddeel daarvan is, die gif van mambas, pofadders en swart rinhals slange - hoe giftiger soort slang, hoe beter. Die vergif word vermeng met die van 'n baie giftige spinnekop en 'n gifbol. Al die soorte gif

is baie dodelik in die bloed, maar heeltemal nie skadelik in die gesonde maag nie.

Wat betref die verf waarmee hul skilder, word aan die dokter meegedeel dat die rooi of wit klei, of roet, met 'n seker soort gom, melk van melkbos, vet, bloed en dergelyke stowwe vermeng word. Of hy wel die regte informasie ontvang het, sal hy later self gaan beproef. So vind ons dat lym, of gom, in melk met baie room daarin gekook - in plaas van water te gebruik - goed teen vogtigheid bestand is - 'n lap daarmee vasgeplak reën nie af nie.

Wat die godsdienst van hierdie inboorlinge betref, blyk dat daar wel 'n verering van geeste bestaan, maar hulle begrippe omtrent 'n Godheid is baie vaag. Eén ding is seker: hul is al te bang vir spoke!

Behalwe die skilderkuns, beoefen hul nog musiek, waarby die boog en die ramkie - 'n driesnarige instrument - die vernaamste musiek-instrumente uitmaak. Die ramkie bestaan uit 'n lang smal plank, net soos 'n gitaar. Die romp daarvan word van 'n halwe kalbas, of 'n blikkermertjie met dun vel oorgetrek, gemaak. Die drie skaapdermsnare word nes in die gitaar met 'n stel skroewe aangedraai. Ook word deur die Hotnots en Korannas viole gemaak; die romp is ovaal langwerpig en bestaan uit 'n plat lat, ovaal rond gebuie en met 'n skaappens of lammetjie vel, waarvan

die hare verwyder word, oorgetrek. Die strykstok is 'n boog met perdestert bevestig. As arpuis word die gom van die arpuisboom gebruik.

Die Hotnot en Koranna maak pondokkies van takke en paaltjies, waaroor ten oorfloede nog ou wildvelle geplaas word; maar die Boesman maak geen hut nie - hy is soos 'n skilpad - vanaand agter hierdie bossie, môreaand agter daardie bossie. Hy is wel 'n spelonkbewoner.

Na sy reis is Dr. Kleiner terug gekeer na Europa en Platjie het na Genadendal terug gegaan.

**Hoofstuk XX.****Platjie se droom en sy laaste dae.**

Toe Platjie met Koos Fonk uit die Onderveld gekom het, het hy net baie veel van homself gedink, maar nou eers dat hy op Genadendal terug is, trap hy sy skaduwee plat. Veel, en baie veel het hy te vertel gehad. Die Sendeling het hom uitgevra en uitgepomp soveel as Platjie kon vertel. Hy vertel van die Hotnots, Korannas en Boesmans, wat nog in hulle eie land woon, van die tekeninge en wat Dr. Kleiner hom alles daarvan vertel het. Hy was in die wolke verhef.

Die Sendeling versoek hom toe om een aand in die ruime skoolvertrek aan die sendelingvolk te vertel wat hy gesien en gehoor het, waaroor Platjie nog hoër trap. Hy het hom in die begin van sy aanspraak 'n bietjie verleë gemaak, maar die Sendeling had so 'n goeie slag om Platjie te laat tuis voel, deur nou en dan die woord te vat om Platjie 'n bietjie lug te laat skep. Die Sendeling vertel dat dit nog nie 'n uitgemaakte saak is waar die land van Skeba, of Ofir lê nie, maar uit sommige aanwysings is die waarskynlikheid groter dat die land-

streek in Afrika is. Daar staan geskrywe dat die koningin van die Suide, van die end van die aarde gekom het om die wysheid van Salomo aan te hoor. Afrika lê mos suid van Palestina, waar die woorde gebesig is, en verder wat die end van die aarde betref, lê van die onderpunt van Afrika af nie meer land nie, maar wel die groot waters van die oseaan. Dan let op, die landstreek is met skepe bereik, en die optogte van die karavaan is van die plek na Egipte oor land geskied. Arabië lê ook suid na aan Palestina, maar die ekspediesies het drie jaar geneem.

‘Maar die aftekening in die beroemde tempel van Amen-Ra (Ammon) in Deir-el-Bahrie in Bo-Egipte werp veel lig op die saak,’ so vervolg die Sendeling. ‘Die optog is teen die muur binne in die tempel afgeskilder, en daarin sien ons ook die diere, wat saam met die ekspediesie en optogte gekom het. Die voëls en ape is Afrikaanse diere. Wat julle moet verstaan, is dat Egipte lank voor Salomo handel met die land Punt gedrywe het. So was daar 'n ekspediesie omtrent 3000 jaar voor Kristus onder die regering van die Faraokind Pepi II na Punt; toe het hul 'n klein mannetjie saam gebring om met sy dans die jonge kind-koning te vermaak. So bly was die jonge Farao oor die weldaad, dat die brief, wat hy laat skrywe het om die voorman van die ekspediesie te bedank, vandag nog uitgebeitel teen sy graftombe te lese is. So was daar nog meer

ekspediesies na Punt, om vandaar wierook, mirre en speserye te haal, wat vir die balsem van lyke baie gesog was. Van die koningin van Skeba, wat later na Salomo gegaan het, bestaan geen tekeninge nie - ten minste dit is nog nie ontdek nie; want sy was ook in Egipte om daar 'n besoek te bring.'

Hierop staan die Sendeling stil en vra daarop: 'Nou, wie was die koningin van die Suide? Watter nasie was sy? Watter nasies het in Afrika toe gewoon? Wie het die Sambesie Goudvelde bewerk, waarvan nou nog soveel myne en werke te sien is?'

'n Genoeglike aand word deurgebring en die volk en meide het net spyt gehad toe Platjie sy vertellings van sy reis gesluit het.

Daarop was die byeenkoms klaar en Platjie word genooi om te kom bysit by 'n groot skottel soutvleis en stormjaers. Dit het hom so lekker gesmaak, - want daar was suiker in die stormjaers - dat hy hom bepaald kruppel geëet het. Nie lank daarna het hy kooi toe gegaan. Hy het hom dan op hierdie sy en dan weer op die ander een gerol, maar sy maag was oorlaai, en die maag sukkel met die maagbomme. Eindelik gooi hy hom op die naat van sy rug en hy snork dat die deure en vensters bewe. Nie lank nie, of daar pak die nagmerrie hom. Hy worstel en wurg, maar al wat nie los nie, is daardie nagmerrie.

Hy droom dat hy in die velde om Genadendal rondsletter en dat hy eindelijk by die beroemde Wonderklip uitkom. Hy is verskrik in sy slaap, om daar so baie grafte te sien. Hy wil nou voel na die doepa sakkie, wat Abdol hom met soveel baat by Oorlogskloof gegee het, maar die nagmerrie hou sy hande vas. Tussen die grafte sien hy een uitsteek met 'n hoë grafsteen met al die wonderlike Egiptiese tekeninge, wat die dokter hom in die boeke gewys het. Tussen die grafte dans 'n ou towerheks met haar towerstok in die hand. Rondom haar fladder blou, wit en rooi vlamme, en toe sy by die wonderlik grote grafsteen kom, stop sy skielik en waai haar stok rond oor haar kop in die lug. Sy wys daarop met die stok op die graf, en wink daarmee. Uit rys 'n gedaante van iemand, wat net so lyk as die afbeelding van die Koningin van Punt. Meteens keer die ou heks haar om en kyk na Platjie wat toe versteend langs 'n grafsteen staan. Sy leg haar hand op haar mond en wink aan Platjie om te luister. Daar was 'n doodse stilte, terwyl die vlamme voor die heks met 'n gekleurde liggloed brand.

Die koningin-gedaante hef haar regterhand op met so 'n majesteit, dat dit Platjie respek afdwing. Sy wys op die berge om Genadendal, terwyl sy haar statig ronddraai om na Noord, Oos, Suid en Wes te kyk. Sy wys na die valleie en klowe, en na die vlaktes waarop



die koei loei en die skaap blêr. Sy wys na die tuine, boorde, huise en landerye. Al die tyd staan die heks haar hoof bevestigend vir Platjie te knik. Sy skrikgevoel begin te bedaar, en hy word self nuusgierig om te hoor wat sal volg. Hy voel hom so kalm as 'n lam en luister met gespanne aandag.

Die koningin begin: 'Sien jul daardie berge - ver en naby? Sien jul die klowe met hulle trippelende en murmelende kristal strome? Sien jul die vlaktes waarop die heide vir die skoelapper en die by met nektar versadig? Sien jul die hemelpurper, waarteen wolkies van vlas deur die son met goud geverf word?'

Sy bly 'n rukkie stil, leg haar hand weemoedig op haar boesem, met 'n sug.

Weer lig sy haar neergeboë hoof op en nogmaals sweef haar oë daar ver teen die lug en berge. Met smartgevoel hervat sy haar aanspraak: 'Ja, ja! Daar vèr op die berge, hier naby in die klowe; op daardie velde en op hierdie vlaktes, leg die spore van my vroeëre onderdane. Waar is die spore, wat hul afgedruk het? Waar is die voetmerke van my bendes? - Deur die winde toegedek wat vir honderde jare reeds hier die gemengde geure van die treurende blomme met hulle voer; ja, weggevaag deur die reëns, wat reeds vir eeue hulle trane oor hierdie geweste uitstort. Alle glorie kom tot 'n end en alle rykdom word verdeel en verkrummel.

Eenmaal was dit my gebied, tussen die seë en noordelik Afrika. Dit was my gebied waaroor my sware septer van goud en edelgesteentes geswaai het. In die land van Havila was goud en edelgesteente - die groot rivier Pison het daardeur sonop gestroom. Die goud van daardie land was goed en daarom het volke uit die noorde gekom om goud daar te kom grawe. Die goud van Ofir....'

Hier bly sy stil en kyk na die towerheks, wat met haar towerstok na die nederigste graf wys. Uit die graf rys die gedaante van 'n kaffer en die heks sê: 'Kom, sê Ofir.' Maar die kaffer kan nie 'n *r* uitspreek nie, so gebruik hy daarvoor die letter *l* en antwoord: 'Ofela - Sofala.'

Die heks knik haar hoof asof sy alles daarvan weet en wink die koningin om weer aan te gaan. 'Sofala van vandag lê in Oosafrika,' so begin sy, 'naby die see waar skepe die kuste daarvan kan bereik. Beskaafde nasies het gekom en gegaan. Hul het ter wille van die rykdom van my land my volk onderdruk en in slawerny gebring. Barbare, die bendes van kafferstamme, het uit die Noorde deurgedring en het ons gruwelik vermoor en het die beskaafdes ook uitgeroei en verdrywe - en agter hulle 'n verwoeste land gelaat.'

Die koningin bars uit in bitter geweene en sink terug in haar graf. Die gedaante van die kaffer verdwyn en

daar is Platjie en die towerheks alleen gelaat. In 'n warrelwind van vlamme gaan die heks regop in die lug en verdwyn daar tussen die maan en sterre. Nou staan Platjie alleen by die groot grafsteen en toe hy kyk, staan die heks weer by hom. Hy word weer opnuut met vrees bevang.

Sy hef haar towerstok op na die Noorde. Toe kom daar 'n floue lig aan die noordelike gesigseinder. Die landstreke van Middelafrika rys geleidelik op totdat hul gemaklik in die gesigsveld val. Met haar linkerhand bo haar oë, om dit teen die lig te skadu, staar die heks na die Noorde. Sy staar en staan sprakeloos te kyk. Sy wys met die stok in haar regterhand en Platjie kyk.

Daar vèr, al langs die Nyl af, sien hul 'n karavaan noord op trek. Vooraan beweeg daar in diepe erns, maar ferm, 'n gewapende mag as voorhoede. In die middel gaan die koningin van Punt. Sy word op die flanke beskerm en deur 'n sterke agterhoede gevolg. Platjie kyk en span sy siensvermoë tot die uiterste in.

Statig beweeg die karavaan voorwaarts, kronkel om hierdie groot woud, om daardie koppie; dan gaan hul weer in 'n vallei op tussen twee rante - steeds voort, voort, voort! Hy slaan hul gade waar hul kamp, hoe die koningin haar laat bedien, hoe hul weer laer opbreek en weer voorwaarts beweeg.

Weer verhef die towerheks haar stok en daar vèr in

Suidelik Egipte rys die landstreek bo die gesigseinder. Hy sien 'n skitterende stad met groot tempels en geboue. Die heks knik met haar hoof en fluister: 'Dis Thebe, die stad van die Farao's van Bo-Egipte.' Uit die stad tree te voorskyn 'n pragtige stoet van mense - nog mooier as die van die koningin van Punt. Op 'n pragtige plein naby die stad ontmoet die skitterende stoet die karavaan van die Suide. Baie seremonies word as eerbewyse uitgevoer. Die geskenke van die koningin word vertoon, waaroor die vrou-Farao seer verruk en bly is - een ding word meer as die ander bewonder, wat bereken is om die koningin van Punt in haar skik te laat voel en die versekering te laat omdra dat haar geskenke op prys gestel word. Die karavaan word toe in die stad in gelei om die prag en praal daar binne te beskou. Sy is stom toe sy rondkyk en die groot tempels sien, die groot beelde, die lang naalde, die swaar sfinkse. Later sien Platjie in sy droom die uittoeg na die tempel op 'n buiteplein waar 'n groot lushof is, wat die tempel omring.

Parr!... pirrr!... boeks! slaan die towerheks op die groot grafsteen, sodat die vuur nes in 'n smidswinkel rondspat. Platjie skree benoud; toe los die nagmerrie hom eers en Platjie skrik wakker - papnat van die sweet.

Daarop sweer hy, dat hy nooit weer so baie biltong,

soutvleis en stormjaers voor hy gaan slaap, sal eet nie, want die nagmerrie se skool is van die aard waar 'n Hotnot net min van hou. Hy het kers opgesteek en vir 'n hele rukkie gaan sit pyprook.

'Ei, dit was 'n benoude tyd,' sê hy met 'n kopskud.

'n Droom kan 'n mens baie stontel - soms meer as die droom werd is. Platjie was nou reg-reg bang om weer te gaan slaap; maar toe sy ooglitte te swaar van die vaak word, het hy weer gaan lê: maar hierdie slag met die doepa sakkie om sy nek wat Abdol hom gegee het. Dit het niks gehelp nie totdat die swaar gepak op sy maag weg was.

Maar wonderlik, die droom het altyd op sy gemoed 'n indruk nagelaat. Platjie kan net so stil wees as hy wil, sê net 'Die koningin van Skeba,' dan kan jy net hoor hoe hy losdraai.

Jare lank het Platjie op Genadendal gebly, waar hy die Kristelike leer aangeneem en bely het. Met sy doop het hy die naam van Jakob ontvang, maar die naam van 'Platjie' het hy nooit ontgroei nie. Op Genadendal is hy getroud, het toe vader van 'n menigte kinders geword, en hy het nog solang gelewe om sy kinders groot te sien.

Maar soos dit met 'n Hotnot gaan, op één plek kan hy sy lewe nie slyt nie. Van Genadendal het hy vir

jare by die koringboere in Koeberg (dist. Kaapstad) met oestyd gewerk, totdat hy eindelijk besluit om by die koringboere te kom woon. Hy was later te oud om op die koringlande te werk, so het hy vee opgepas. Sy seuns egter was fluks en hul het vir hulle ouers deur rukke en plukke goed gesorg.

Outa Platjie was op sy oudag heel vermaaklik vir die kinders, deur hul die stories van Wolf en Jakhals en van die koningin van Skeba te vertel. Hy het sy vrolike humeur tot aan sy graf behou.

Sy verkiesing was om sy laaste dae op 'n Sendelingstasie te slyt.

Wat ook al tot nadeel van Platjie mag gesê word, dit kan getuig worde dat hy gek na sy sopie was, sonder 'n volslae dronklap te wees. Hy het soms andermans goed geannekseer, sonder egter 'n deurtrapte dief te wees. Hy het soms die jodie ingeraak, sonder dat hy die horing van iemand in toorn lek of breek met sy knopkierie geslaan het. Hy het sy foute gehad - wie het dit nie? Met 'n geruste gewete het hy sy hoof op sy laaste siekbed kan neerlê. Met 'n glimlag sweef sy laaste herinneringe oor die speelgronde van sy jeug, oor die liefde van sy ouers, oor die vlaktes van Boesmanland, waar hy genoeglike dae onder Koos Fonk deurgebring het, oor die ruime wêreld wat hy met Dr. Kleiner deurreis het, aan die leersame en lui-

mige gesprekke met die geleerde dokter. Ja, ook dink hy aan soete Genadendal.

Daarop leg hy sy hoof neer en sluit vir altoos sy oë wat net soveel te vertel had as sy lippe. Die dood druk sy koue seël op daardie lippe, wat met glimlaggies so veel tot vermaak van oud en jong mee te deel had.

Die hart, wat sy lief en leed geken het, hou op te klop; want die mens moet na sy ewige huis.

Jakob Platjie! Ons sal jou nooit vergeet nie!

Rus in vrede!